# DIE OORLOOPKLOUSULE AS FAKTOR IN DIE HERSKIKKING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PARTYPOLITIEK

**P.J. GROENEWALD**

**B. JURIS**

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die

Graad Magister Artium

in

Openbare Bestuur en Regering aan die Noordwes-Universiteit

**Studieleier:**

**MNR H.J. VAN DER ELST**

POTCHEFSTROOM

2005

# OPSOMMING

Suid-Afrika het in 1994 'n nuwe politieke bedeling betree. Voor 1994 het Suid-Afrika 'n parlementêre regeringstelsel gehad wat gebaseer was op die Britse Westminster stelsel. Die kiesstelsel wat toe gegeld het, was 'n meerderheidkiesstelsel van wenner-vat-alles, ook bekend as die kiesafdelingstelsel. Die hele Suid-Afrika was in verskillende kiesafdelings ingedeel en die kandidaat in 'n kiesafdeling, wat die meeste stemme in 'n verkiesing ontvang het, het die verteenwoordiger in die Parlement geword. Soos in ander Westerse demokrasieë, het oorlopery van parlementslede in die parlementêre regeringstelsel algemeen voorgekom.

Sedert 1994, in die nuwe politieke bedeling, het Suid-Afrika 'n gemengde regeringstelsel, met 'n proporsionele kiesstelsel, aanvaar. Die doel van 'n proporsionele kiesstelsel, is dat die Parlement, in sy politieke partysamestelling, 'n goeie weerspieëling moet wees van die proporsie van die stemme wat elke party in 'n nasionale verkiesing, ontvang het. Kiesers stem dus vir politieke partye en nie vir individuele kandidate, soos in 'n kiesafdelingstelsel nie. In die proporsionele kiesstelsel word 'n kandidaat 'n verteenwoordiger in die Parlement, indien sy/haar politieke party hom/haar genomineer het. Binne hierdie proporsionele kiesstelsel ontstaan daar egter 'n probleem met oorlopery. Oorlopery skep 'n potensieel ondemokratiese situasie wat tot 'n versteuring van die politieke magsbalans kan aanleiding gee. Die bestaan van 'n oorloopklousule kan dus die stem van die kieser verruil. Die implikasie is dat, indien 'n kieser se stem verruilbaar is, nadat dit in 'n verkiesing vir 'n bepaalde party of kandidaat uitgebring is, politieke mag van een party na 'n ander kan oorgaan, sommige partye versterk of verswak kan word en bestaande partye verdwyn en nuwes sonder 'n verkiesing tot stand kan kom.

Die doel van hierdie studie is om die problematiek verbonde aan oorlopery in die Suid-Afrikaanse partypolitiek te bespreek en te ontleed. Die studie behels 'n literatuur oorsig ontleding en 'n empiriese ondersoek van die oorloopklousule, ten einde 'n uiteensetting van die aard en impak van oorlopery, binne die Suid-Afrikaanse politieke stelsel, te bepaal.

Uit die studie blyk dit dat die meerderheid van Suid-Afrikaanse politieke partye oorlopery as 'n legitieme politieke aktiwiteit beskou, maar gekant is teen onvoorwaardelike oorlopery. Die persepsie bestaan dat die stem keuse van die kieser verontagsaam word. Verder bevoordeel oorlopery baie keer slegs die regerende party omdat die meeste oorlopers oorloop na die sterkste party met die meeste hulpbronne, fondse en voordele. Oorlopery is dus nie altyd 'n akkurate weerspieëling van die keuse van die kiesers nie en kan veroorsaak dat kiesers, apaties en negatief raak, teenoor politici en die politiek in geheel. Dit kan verder daartoe lei

dat kiesers nie weer wil stem nie, of nie die nut daarvan insien nie, en het die potensiaal om 'n ondemokratiese situasie in 'n veranderde samelewing soos Suid-Afrika te veroorsaak. Dit is duidelik dat die impak van oorlopery op die Suid-Afrikaanse partypolitiek negatief kan wees.

# ABSTRACT

South Africa entered a new political dispensation in 1994. Prior to 1994 South Africa had a parliamentary governing system, which was based upon the British Westminster system. The electoral system, which was in place at the time, was a majoritarian electoral system of winner-takes-all, also known as the constituency system. The whole of South Africa was divided into different constituencies and the candidate in a constituency who received the majority of votes in an election, became the representative in Parliament. As in other Western democracies, floor crossing of parliamentary members in the parliamentary governing system was a common feature.

Since 1994, in the new political dispensation, South Africa has accepted a mixed governing system with a proportional electoral system. The objective of a proportional electoral system is that parliament, in its political party composition, has to be a true reflection of the proportion of votes which each party received in a national election. Voters therefore vote for political parties and not for individual candidates, as is the case in a constituency system. In the proportional electoral system, a candidate becomes a representative in Parliament if his/her political party has nominated him/her. Within this proportional electoral system a problem arises with floor crossing. Floor crossing creates a potentially un-democratic situation, which could lead to a disruption of the balance of power. The existence of a defection clause could therefore exchange the votes of the electorate. The implication is that, if the electorate's vote is exchangeable after it had been cast in favour of a particular party or candidate, political power may transfer from one party to another, certain parties may be strengthened or weakened and existing parties may disappear and new parties my come about without an election having taken place.

The aim of this study is to address the problem of floor-crossing in South African party politics. The study entails a literature overview and an empirical investigation into the defection clause, in an effort to determine the nature and impact of floor-crossing within the South African political system.

From the study it appears that the majority of South African political parties perceive floor-crossing to be a legitimate political activity, but the parties are opposed to unconditional floor-crossing. The perception exists that the voting choices of the electorate are being flouted. Floor-crossing furthermore only favour the ruling party many times, as the majority of floor-crossers join the strongest party which has the most resources, funds and advantages. Floor crossing is therefore not always an accurate reflection of the choices of voters and could lead to voters becoming apathetic and negative with regards to politicians and politics as a whole.

It could furthermore lead to voters not wanting to vote again or see the usefulness of voting and has the potential to create an un-democratic situation in a changing society, such as that of South Africa. It is clear that floor crossing could have a negative impact on South African party politics.

# ERKENNINGS

Alle eer en dank aan my Hemelse Vader vir die krag, vermoë en Sy genade.

Graag gee ek ook erkenning aan die volgende persone vir die ondersteunende rol wat elkeen gespeel het om hierdie studie moontlik te maak:

- Eerstens aan my vrou, Hedwig, vir haar sorg, geduld en motivering.
- Aan my studieleier, Herman van der Elst, vir sy leiding, advies en ondersteuning.
- Aan Thomas Schumann by die biblioteek van die Parlement, en Christine Bronkhorst by die Ferdinand Postma Biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, wat geen moeite ontsien het om inligtingsbronne te verskaf nie.
- Aan dr. Pieter Mulder (LP) en my ander kollegas vir hulle raad, advies en begrip.
- Aan al die politieke leiers en senior parlementslede wat tyd aan my afgestaan het met die empiriese navorsing.

'n Gedagte vir die oorlopers:

*" Hoor die hoenderhaan roem,*

*"Ek het gekraai," kraai hy, "dat die dag moes*

*breek en kyk daar breek hy."*

\- *Langenhoven*

# INHOUDSOPGAWE

LYS VAN FIGURE .......... VIII
LYS VAN TABELLE .......... IX

HOOFSTUK 1 : INLEIDING .......... 1

1.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING .......... 1
1.2 DOELSTELLINGS .......... 2
1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLING .......... 2
1.4 METODOLOGIE .......... 3
1.4.1 Literatuurstudie .......... 3
1.4.2 Empiriese ondersoek .......... 3
1.5 SAMEVATTING .......... 4

HOOFSTUK 2 : DIE OORLOOPKLOUSULE: 'N TEORETIESE ONTLEDING 5

2.1 INLEIDING .......... 5
2.2 DEFINIËRING VAN OORLOOP EN DIE PLEK VAN 'N OORLOOPKLOUSULE BINNE 'N DEMOKRATIESE BESTEL .......... 5
2.2.1 Oorlopery binne die Britse politieke stelsel .......... 6
2.2.2 Oorlopery binne ander demokrasieë .......... 7
2.3 OORLOPERY AS VERSKYNSEL BINNE VERSKILLENDE REGERINGSTELSELS .......... 7
2.3.1 Verskillende regeringstelsels waarbinne oorlopery voorkom .......... 8
2.4 OORLOPERY AS VERSKYNSEL BINNE VERSKILLENDE KIESSTELSELS .......... 12
2.4.1 Die meerderheidskiesstelsel .......... 13

2.4.2 Die proporsionele kiesstelsel ............ 14

2.4.3 Die semi-proporsionele of gemengde kiesstelsel ............ 14

2.5 DIE AARD VAN POLITIEKE PARTY-AKTIWITEITE BINNE KIESSTELSELS .... 15

2.5.1 Die betekenis van party- eensgesindheid ............ 16

2.5.2 Party- eensgesindheid binne 'n geslote lys proporsionele kiesstelsel ... 16

2.5.3 Party- eensgesindheid binne 'n ope-lys proporsionele kiesstelsel ........ 17

2.5.4 Party- eensgesindheid binne 'n meerderheidskiesstelsel ............ 17

2.6 DIE WAARDE EN ROL VAN POLITIEKE PARTYDISSIPLINE ............ 18

2.7 DIE RASIONAAL AGTER OORLOPERY BINNE 'N DEMOKRATIESE BESTEL ............ 19

2.7.1 Absolute vryheid van oorlopery ............ 19

2.7.2 Totale verbieding van oorlopery ............ 20

2.7.3 Gekwalifiseerde vryheid van oorlopery ............ 21

2.8 REDES VIR OORLOPERY BINNE 'N DEMOKRATIESE BESTEL ............ 21

2.8.1 Voordele van oorlopery ............ 22

2.8.2 Nadele van oorlopery ............ 22

2.9 SAMEVATTING ............ 23

**HOOFSTUK 3 : DIE OORLOOPKLOUSULE IN SUID-AFRIKA ............ 25**

3.1 INLEIDING ............ 25

3.2 DIE STATUS VAN OORLOPERY BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL: 'N HISTORIESE OORSIG ............ 25

3.2.1 Die wetlike status van oorlopery vanaf Republiekwording tot voor die nuwe bedeling (1961 – 1994) ............ 26

3.2.2 Die wetlike status van oorlopery, in terme van die 1993 tussentydse Grondwet: Die infasering van die anti-oorloopklousule ........................ 27

3.2.3 Die wetlike status van oorlopery, met die aanvaarding van die 1996-Grondwet ........................ 28

3.2.4 Die behoud van die anti-oorloopklousule in die 1996- Grondwet .......... 28

3.2.5 Die skrapping van die anti-oorloopklousule na 1999 ........................ 29

3.2.6 Die politieke debat rondom die skrapping van die anti-oorloopklousule ........................ 30

3.2.7 Die Konstitusionele Hof se uitspraak, rakende die uitfasering van die anti-oorloopklousule ........................ 31

3.2.8 Verdere besware teen die uitfasering van die anti-oorloopklousule: Die bevindinge van die Ad Hoc komitee op Lidmaatskap van Wetgewers32

3.3 DIE BELANGRIKSTE GEBEURTENISSE WAT GELEI HET TOT DIE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE ........................ 33

3.3.1 Die totstandkoming van die DA ........................ 33

3.3.2 Die verbrokkeling van die DA: Die NNP, ANC alliansie ........................ 34

3.3.3 Uitfasering van die anti-oorloopklousule: Voordele vir die DA en NNP 34

3.3.4 Uitfasering van die anti-oorloopklousule: Voordele vir die ANC .......... 35

3.4 DIE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE: DIE WYSIGING VAN DIE GRONDWET ........................ 35

3.4.1 Die uitfasering van die anti-oorloopklousule: Die uitspraak van die Konstitusionele Hof ........................ 36

3.4.2 Die uitfasering van die anti-oorloopklousule: Parlementêre aanvaarding ........................ 36

3.5 DIE ONDERLIGGENDE WETGEWING WAT OORLOPERY IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEMENGDE REGERINGSTELSEL TOELAAT ................ 37

3.5.1 Die Tiende Wysigingswet op die Grondwet van 2003. .......... 38

3.5.2 Die Negende Wysigingswet op die Grondwet van 2002 .......... 39

3.5.3 Die Agste Wysigingswet op die Grondwet van 2002 .......... 40

3.5.4 Die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, wet no. 20 van 2002 .......... 41

3.6 DIE VOORWAARDES WAAROP OORLOPERY IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEMENGDE REGERINGSTELSEL MAG PLAASVIND .......... 42

3.7 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE MAGSBALANS IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK (1999 – 2005) .......... 46

3.7.1 Die herskikking van politieke partye se magsbasisse in wetgewende liggame in die nasionale sfeer: Die 2003 oorlooptydperk .......... 47

3.7.2 Die herskikking van politieke partye se magsbasisse in wetgewende liggame in die provinsiale sfeer: Die 2003 oorlooptydperk .......... 49

3.7.3 Die herskikking van politieke partye se magsbasisse in wetgewende liggame in die plaaslike sfeer: Die 2002 oorlooptydperk .......... 51

3.7.4 Die herskikking van politieke partye se magsbasisse in die nasionale sfeer: Die 2005 oorlooptydperk .......... 52

3.7.5 Die herskikking van politieke partye se magsbasisse in die provinsiale sfeer: Die 2005 oorlooptydperk .......... 55

3.7.6 Die herskikking van politieke partye se magsbasisse in die plaaslike sfeer: Die 2004 oorlooptydperk .......... 55

3.7.7 Die impak van oorlopery op die herskikking van die magsbasis van die meerderheidsparty (2003 – 2005) .......... 57

3.8 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP POLITIEKE PARTYE SE OPENBARE BEFONDSING (1999 – 2005) .......... 57

3.9 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE SUID-AFRIKAANSE DEMOKRASIE: KRITIESE PERSPEKTIEWE .......... 59

3.10 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE KIESERS .......... 61

3.11 SAMEVATTING .......... 61

**HOOFSTUK 4 : EMPIRIESE BEVINDINGS .......... 63**

4.1 INLEIDING .......... 63

4.2 DIE INHOUD EN KONTEKS VAN DIE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE .......... 64

4.2.1 Die ANC .......... 65

4.2.2 Die ACDP .......... 66

4.2.3 Die AEB .......... 66

4.2.4 AZAPO .......... 67

4.2.5 Die DA .......... 68

4.2.6 Die FA .......... 68

4.2.7 Die IVP .......... 69

4.2.8 Die MF .......... 69

4.2.9 Die NNP .......... 70

4.2.10 Die PAC .......... 71

4.2.11 Die UCDP .......... 71

4.2.12 Die UDM .......... 72

4.2.13 Die VF .......... 72

4.3 ANALISE VAN DATA .......... 73

4.3.1 Partye se standpunte in terme van die impak van die oorloopklousule op die Suid-Afrikaanse partypolitiek .......... 74

4.3.2 Partye se standpunte in terme van, of die uitfasering van die anti-oorloopklousule op 'n demokratiese wyse plaasgevind het .................. 74

4.3.3 Partye se standpunte, in terme van watter nadele oorlopery vir 'n transformerende samelewing, soos Suid-Afrika inhou .......................... 75

4.3.4 Partye se standpunte, in terme van, of hulle party benadeel is deur die infasering van die oorloopklousule sedert 2002 ..................... 76

4.3.5 Partye se standpunte, in terme van watter impak oorlopery op hulle kiesers gehad het .................................................. 76

4.3.6 Partye se standpunte, in terme van op watter wyse hulle politieke partye se befondsing deur oorlopery, sedert 2002, geraak is ....................................................................... 77

4.3.7 Partye se standpunte, in terme van watter partye na hulle mening bevoordeel word deur oorlopery ......................................................... 77

4.3.8 Partye se standpunte, in terme van, of hulle van mening is dat die oorloopklousule enige voordele vir 'n transformerende samelewing, soos Suid-Afrika, inhou ....................................................................... 78

4.3.9 Partye se standpunt, in terme van of hulle van mening is dat die anti-oorloopklousule heringestel moet word ............................. 78

4.4 'N HOLISTIESE PERSPEKTIEF OP DIE IMPAK VAN OORLOPERY VIR DIE DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA ........................................................ 79

4.4.1 Die impak van oorlopery op die herskikking van die Suid-Afrikaanse politiek ..................................................................... 79

4.4.2 Die impak van oorlopery op politieke partye se openbare befondsing .. 80

4.4.3 Die impak van oorlopery op die Suid-Afrikaanse demokrasie .............. 80

4.4.4 Die impak van oorlopery op die kiesers ............................................... 81

4.5 SAMEVATTING ..................................................................................... 81

**HOOFSTUK 5 : SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ........................... 83**

5.1 INLEIDING ........................................................................................... 83

5.2 VERWESENLIKING VAN DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE ........................ 84

5.2.1 Die doelstellings van die studie ........................................................ 84

5.2.2 Bereiking van die doelstellings van die studie ...................................... 85

5.3 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE SUID-AFRIKAANSE PARTYPOLITIEK ........................................................................................... 86

5.4 SAMEVATTING ........................................................................................... 87

**BRONNELYS ........................................................................................... 88**

# LYS VAN FIGURE


**FIGUUR 2.1:** Die werking van 'n politieke stelsel ........ 8

**FIGUUR 2.2:** Die samestelling van 'n presidensiële regeringstelsel ........ 9

**FIGUUR 2.3:** Die samestelling van 'n parlementêre regeringstelsel ........ 10

**FIGUUR 3.1:** Die wetgewende gesag in die nasionale regeringsfeer ........ 39

**FIGUUR 3.2:** Die wetgewende gesag in die provinsiale regeringsfeer ........ 40

**FIGUUR 3.3:** Die wetgewende gesag in die plaaslike regeringsfeer ........ 41

# LYS VAN TABELLE

**TABEL 3.4:** Die verteenwoordiging van politieke partye in die Nasionale Vergadering voor en na die 2003 oorlopery....................48

**TABEL 3.5:** Die verteenwoordiging van politieke partye in die Kwa-Zulu Natal en Wes-Kaap provinsiale wetgewers, voor en na die 2003 oorlopery....................50

**TABEL 3.6:** Aantal verteenwoordigers wat partye deur oorlopery gewen en verloor het....................51

**TABEL 3.7:** Die beheer van munisipale rade na oorlopery: Gewen en verloor....................52

**TABEL 3.8:** Die verteenwoordiging van politieke partye in die Nasionale Vergadering, voor en na die 2005 oorlopery....................53

**TABEL 3.9:** Aantal verteenwoordigers wat partye deur oorlopery, gewen en verloor het....................56

**TABEL 3.10:** Die beheer van munisipale rade na oorlopery: Gewen en verloor....................56

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

Oorlopery van een politieke party na 'n ander binne 'n wetgewende liggaam is 'n legitieme politieke handeling wat wêreldwyd binne demokratiese regeringstelsels voorkom. In sommige lande in die wêreld word 'n oorloopklousule in wetgewing, met gepaardgaande voordele en/of nadele toegelaat, en in ander lande nie. In Suid-Afrika word oorlopery reeds sedert 2002 as legitiem binne die kontemporêre regeringstelsel aanvaar.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks word in hierdie studie geargumenteer dat oorlopery 'n nadelige effek op die partypolitiek het aangesien dit 'n potensieel ondemokratiese situasie skep en tot 'n versteuring van die politieke magsbalans kan aanleiding gee. Lede van alle wetgewende liggame binne die Suid-Afrikaanse regeringstelsel (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) word demokraties, by wyse van gereelde verkiesings, tot 'n betrokke wetgewende liggaam verkies. As voorvereiste om aan 'n verkiessing te mag deelneem moet politieke partye geregistreer wees by die Onafhanklike Verkiesingskommissie. Die aantal verteenwoordigers van elke politieke party, word proporsioneel deur die aantal stemme, wat tydens 'n verkiesing vir die party uitgebring is, bepaal. 'n Persoon verkry ook slegs sitting op 'n bepaalde wetgewende liggaam, indien hy/sy deur sy politieke party op 'n amptelike kandidaatlys as politieke verteenwoordiger genomineer is.

Deur die bestaan van 'n oorloopklousule binne die regeringstelsel kan 'n persoon egter sitting behou op 'n wetgewende liggaam, al is hy/sy nie meer lid van die party, waardeur aanvanklike sitting verkry is nie. Sitting op die wetgewende liggaam kan selfs behou word, indien die persoon lid is van 'n party wat, by die verkiesing, nie by die Onafhanklike Verkiesingskommissie geregistreer was nie en derhalwe ook nie aan die verkiesing deelgeneem het nie.

Die bestaan van 'n oorloopklousule in wetgewing in ander lande en in Suid-Afrika, waar politici van een party na 'n ander kan verander, met behoud van lidmaatskap van 'n

wetgewende liggaam kan dus die stem van die kieser verruil. Die implikasie is dat, indien 'n kieser se stem verruilbaar is, nadat dit in 'n verkiesing vir 'n bepaalde party of kandidaat uitgebring is, politieke mag van een party na 'n ander kan oorgaan, sommige partye versterk of verswak kan word en bestaande partye verdwyn en nuwes sonder 'n verkiesing tot stand kan kom. In die lig van bogenoemde probleem, kan die volgende vrae, spesifiek binne die Suid-Afrikaanse konteks gevra word:

- Maak Suid-Afrikaanse wetgewing voorsiening vir 'n oorloopklousule?
- Indien wel, in watter mate en hoe vergelyk dit met ander lande?
- Hoe word die partypolitiek deur die oorloopklousule geraak en word kiesers se demokratiese keuse verontagsaam?
- Wat is die voor - en nadele van 'n oorloopklousule?

## 1.2 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die studie was:

- Om te bepaal in watter mate Suid-Afrikaanse wetgewing voorsiening maak vir 'n oorloopklousule, en hoe dit met ander lande in die wêreld vergelyk.
- Om te bepaal hoe die oorloopklousule die partypolitiek in Suid-Afrika raak en of dit werklik 'n ondemokratiese situasie skep, waarin kiesers se keuse verontagsaam word.
- Om te bepaal wat die voor - en nadele van 'n oorloopklousule is.

## 1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die bestaan van 'n oorloopklousule in Suid-Afrikaanse wetgewing herrangskik die Partypolitiek, sonder die tussenkoms van 'n algemene verkiesing, waardeur die kieser se stem verruil en verontagsaam word.

## 1.4 METODOLOGIE

Die metodologie bestaan uit 'n literatuurstudie, en 'n empiriese ontleding van politieke party leiers of senior woordvoerders se standpunte, wat beskikbaar was.

### 1.4.1 LITERATUURSTUDIE

Genoegsame relevante materiaal is in boeke, wetgewing, notules van die parlement en ander publikasies, beskikbaar. Die literatuur is by verskillende biblioteke, wat oor sekere databasisse beskik, verkry.

Die Ferdinand Postma Biblioteek by die Noordwes- Universiteit Potchefstroom kampus, beskik oor meer as 25 publikasies en is in die volgende databasisse verkrygbaar:

- ISAP – INDEX TO SOUTH AFRICAN PERIODICALS
- NELM – CRITICAL WORKS
- Databox: Newspaper Source

By die Parlementêre biblioteek te Kaapstad, is ook meer as 60 publikasies opgespoor en die databasis wat gebruik is, is DB/Text *WebPublisher*, provided by INMAGIC. Ander literatuur wat by die parlementêre biblioteek beskikbaar is, is notules en kennisgewings in die parlement en debatte van die parlement, wat geraadpleeg is.

'n Tweede deel van die ondersoek, was die bepaling van kiesersstandpunte en die literatuur wat gebruik is, is navorsingsresultate van instansies soos Markinor en IDASA in Pretoria. Hierdie navorsingsresultate het spesifiek gehandel oor kiesers se standpunte betreffende die oorloopklousule. Koerantartikels en briewe van kiesers in koerante is ook gebruik.

### 1.4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese komponent van die navorsing het uit semi-gestruktureerde onderhoude met politieke leiers van partye, aan die hand van 'n bepaalde vraelys, bestaan. Dit het 'n onderhoud behels met die partyleier of 'n senior parlementslid, van al die politieke partye wat deel van die besluit was oor die infasering en uitfasering van die anti-oorloopklousule.

Die rede hoekom met die partyleier of senior parlementslid 'n onderhoud gevoer is, is omdat lede aan 'n koukusbesluit van die party gebonde is. Gewone lede sal dus nie teen die besluit van die party gaan nie en die leier of senior parlementslid kan die redes vir die party se standpunt die beste verwoord. Dieselfde vrae is aan elke leier of senior parlementslid gevra en die probleemstelling en die navorsingsvrae is sodoende ondervang.

## 1.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is binne die raamwerk van die titel, naamlik, die oorloopklousule as faktor in die herskikking van die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 'n oriëntering en probleemstelling geformuleer. Die doelstellings en die sentrale teoretiese stelling spreek die probleemstelling van oorlopery in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel aan. Die hoofstuk het ook 'n uiteensetting verskaf van die metodologie wat gevolg sal word ten einde die doelstellings te verwesenlik. Hierdie metodologie sluit 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek in.

Die volgende hoofstuk het ten doel om 'n teoretiese ontleding van die oorloopklousule te maak. Die definiëring van oorloop en die plek van 'n oorloopklousule binne 'n demokratiese bestel met verwysing na verskillende regeringstelsels, sal bestudeer word. Oorlopery as verskynsel binne verskillende kiesstelsels en die aard van politieke party-aktiwiteite, met inbegrip van partydissipline, sal ondersoek word. Laastens sal die rasionaal agter oorlopery en die redes vir oorlopery binne 'n demokratiese bestel bepaal word.

# HOOFSTUK 2
# DIE OORLOOPKLOUSULE:
# 'N TEORETIESE ONTLEDING

## 2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om 'n beskrywende analitiese uiteensetting van die betekenis, rol en moontlike impak van 'n oorloopklousule binne 'n demokrasie te verskaf. Dit word gedoen, deur eerstens die term "oorloop en oorloopklousule" te omskryf. Tweedens word hierdie beskrywing, met 'n beskrywing van die verskillende tipes regeringstelsels, as hoof politieke raamwerk waarbinne demokratiese handelinge, soos byvoorbeeld oorlopery, in 'n Staat plaasvind, verbind. Vervolgens word die verskillende kiesstelsels, as die raamwerk waarbinne die reëls van 'n verkiesing plaasvind, beskryf. Derdens word die definisie met die aard van politieke party- aktiwiteite binne gestruktureerde kiesstelsels verbind. In hierdie verband word die potensiële positiewe en negatiewe impak wat die oorloop van een party na 'n ander daarop het, beskryf en ontleed. Laastens word die rasionaal agter die oorloopverskynsel, soos dit binne demokrasieë manifesteer, in oënskou geneem. Deur bogenoemde analise kan dan 'n idee verkry word van die moontlike impak wat die oorloopklousule op 'n staat soos Suid-Afrika kan hê.

## 2.2 DEFINIËRING VAN OORLOOP EN DIE PLEK VAN 'N OORLOOPKLOUSULE BINNE 'N DEMOKRATIESE BESTEL

Binne 'n politieke konteks, impliseer oorloop dat 'n politieke verteenwoordiger binne 'n wetgewende liggaam teen 'n eie party stem, of standpunt teen die eie party rakende 'n spesifieke aangeleentheid, inneem. Die Nuwerwetse Politieke Woordeboek (2002:69), definieer oorlopery binne die politieke konteks as, om van partyverband binne 'n parlement

te verander. Die Hyperdictionary (2003), beskryf oorlopery as 'n toestand waar iemand sy politieke party se standpunt verwerp het en die standpunt van 'n ander party aanvaar. Wanneer 'n regering deur wetgewing oorloop in- of uitsluit, as deel van die politieke proses, word na die bepaalde klousule in die wet as die oorloopklousule verwys.

## 2.2.1 OORLOPERY BINNE DIE BRITSE POLITIEKE STELSEL

Oorloop, as 'n politieke handeling, is 'n uitvloeisel van die Britse Westminster stelsel en het derhalwe ook binne die Britse Laerhuis ontstaan [1]. In hierdie verband vind oorlopery soos volg plaas. Die Britse Laerhuis is op so 'n wyse saamgestel, dat die regerende party en die opposisie partye tydens 'n parlementêre debat teenoor mekaar in twee rye banke sitplekke inneem (Wikipedia, 2004). Die twee rye banke word deur 'n gang of spasie geskei (BBC, 2005). Tydens die verdeling van stemme, sit lede van die Parlement (LP's), wat ten gunste van 'n wet of mosie stem, in die ry banke aan die regterkant van die Speaker, terwyl die LP's wat daarteen is, in die ry banke aan die linkerkant van die Speaker sit. Die rede hiervoor is dat dit dan makliker is om die stemme vir, of teen, byvoorbeeld 'n voorgestelde wet of mosie, te kan tel (PEO, 2004). Wanneer dan oor 'n politieke aangeleentheid gestem word, kry die regerende party, sowel as die opposisie partye, deur debatvoering, die geleentheid om lede te werf om 'n spesifieke standpunt te ondersteun: die sogenaamde "Ayes" (Ja), stem aan die regering se kant en die sogenaamde "Noes" (Nee), stem aan die opposisie se kant. Wanneer 'n lid teen 'n eie party se standpunt wil stem, moet hy/sy letterlik opstaan en oor die gang of spasie na die anderkant stap (oorloop), om daar 'n stem uit te kan bring (Wikipedia, 2004). Hierdie handeling staan as oorlopery bekend. 'n Bekende voorbeeld van oorlopery binne die Britse Parlement, is waar die voormalige Britse Premier Winston Churchill in Brittanje in 1904 van die Konserwatiewe Party na die Liberale Party toe oorgeloop het. In die 1920's het hy egter weer na die Konserwatiewe Party toe terug gekeer, deur van dieselfde prosedures gebruik te maak (BBC, 2005).

---

[1] Die Britse parlement bestaan uit twee huise nl. 'n hoër en laerhuis. Die laerhuis staan ook bekend as die Huis van Verteenwoordigers (House of Commons)

### 2.2.2 OORLOPERY BINNE ANDER DEMOKRASIEË


Met verloop van tyd het oorlopery in ander Westminster parlementêre demokrasieë, soos in Australië, Kanada en Nieu Zeeland, in algemene gebruik geraak. Hierdie lande verskil egter in die opsig dat die Huise se banke in halfsirkels en perdehoef vorms was en lede nie meer letterlik hoef op te gestaan het om na die anderkant oor te loop nie. Oorlopery binne 'n Wetgewende politieke liggaam het die potensiaal om 'n politieke magsbalans, sonder dat daar 'n algemene verkiesing binne 'n staat plaasvind, te kan verander of versteur.

Wanneer 'n bepaalde staat deur wetgewing, oorloop in- of uitsluit, word na die bepaalde klousule in die wet as die oorloopklousule, soos byvoorbeeld in die geval van die grondwet van Indië, Namibië en Zimbabwe, verwys (Steytler, 1997:223). In bogenoemde verband is dit belangrik om te besef dat, alhoewel die oorloopverskynsel binne regeringstelsels, wat verbind word met die Britse Westminster parlementêre demokrasie, ontstaan het, dit nie daartoe beperk is nie. Oorlopery is 'n legitieme internasionale politieke verskynsel en kom ook binne state wat byvoorbeeld Presidensiële of Gemengde (demokratiese). regeringstelsels het, voor.

## 2.3 OORLOPERY AS VERSKYNSEL BINNE VERSKILLENDE REGERINGSTELSELS

Ten einde die werking van 'n regeringstelsel te verstaan is dit nodig om dit binne die konteks van 'n politieke stelsel te definieer. 'n Politieke stelsel word deur Bogdanor (1987:478) omskryf as daardie sosiale interaksies en instellings waardeur 'n gemeenskap besluite neem, wat meestal as bindend deur die meeste van die mense van die gemeenskap aanvaar word. Volgens Shafritz *et al.* (1993:541), kan aan 'n politieke stelsel as 'n liggaam met insette en uitsette, gedink word. Politieke eise en steun deur kiesers, is insette. Die liggaam (genoem 'n wetgewende liggaam), neem openbare besluite en bepaal beleid deur wette en regulasies en dit is uitsette. Die uitsette word teruggevoer om die stelsel weer te beïnvloed (Sien figuur 1).

**FIGUUR 2.1:** Die werking van 'n politieke stelsel




**Bron:** Bayat & Meyer (1994:87).

'n Regeringstelsel dui op die aard en verhouding van die uitvoerende - , wetgewende – en regterlike gesag in 'n politieke stelsel (Bekker, 1994:89). Binne hierdie wetgewende liggaam, byvoorbeeld die parlement, as deel van die regeringstelsel, vind oorlopery plaas.


## 2.3.1 VERSKILLENDE REGERINGSTELSELS WAARBINNE OORLOPERY VOORKOM

'n Regering is 'n liggaam van persone en instellings wat alle afdwingbare besluite vir 'n samelewing neem en toepas. Soos reeds gestel, dui 'n regeringstelsel op die aard van die wetgewende - , uitvoerende – en regterlike gesag in 'n politieke stelsel. In hierdie verband word regeringsfunksies binne regeringstelsels in drie kategorieë, naamlik die wetgewende, uitvoerende en regterlike funksies, onderverdeel (Kotzé & Van Wyk, 1986:153). Regeringstelsels kan in 'n presidensiële, parlementêre of gemengde regeringstelsel, ingedeel word (UNDP, 2003:1). Die kernverskil en die aard van die drie regeringstelsels word deur die verspreiding van die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag, met ander woorde, geleë in die skeiding van magte, vasgelê (Kotzé & Van Wyk, 1986:154).

#### 2.3.1.1 Die Presidensiële regeringstelsel

In 'n presidensiële regeringstelsel word die wetgewende en uitvoerende instellings totaal van mekaar geskei. Hierdie skeiding geld vir die funksionering en samestelling daarvan. Die regeringshoof/president word afsonderlik van die lede vir die wetgewende gesag deur die kiesers op direkte of indirekte wyse, verkies (Bekker, 1994:95) (Sien figuur 2).

**FIGUUR 2.2:** Die samestelling van 'n presidensiële regeringstelsel




Bron: Bekker, 1994:96

Die president wys sy eie kabinet of ministers / sekretarisse[2] aan (UNDP, 2003:1). In 'n presidensiële stelsel is daar 'n daadwerklike onafhanklikheid tussen die wetgewende meerderheid en die politieke leierskap van die uitvoerende gesag. Die president en die wetgewer is ewe belangrik, magtig en institusioneel onafhanklik van mekaar, maar is polities interafhanklik van mekaar (Bogdanor, 1987:260). Die Verenigde State van Amerika (VSA), verteenwoordig die sterkste vorm van 'n presidensiële regeringstelsel [3]. In die VSA mag 'n lid van die Kongres tot die kabinet benoem word, maar moet dan uit die Kongres [4] bedank (Olson, 1994:76). Hierdie onverenigbaarheid skei die twee vertakkings (wetgewende en uitvoerende), van die regering effektief (Gildenhuys & Knipe, 2000:7). In die Kongres, as

[2] In die VSA word nie na ministers verwys nie, maar na sekretarisse. So sal die minister van Verdediging in die VSA bekend staan as die Sekretaris van Verdediging (UNDP, 2003:1).

[3] Daar word soms na die Amerikaanse stelsel verwys as 'n "Skeiding van mag" of "wigte en teenwigte" stelsel (Bogdanor, 1987:260).


[4] Die Kongres bestaan uit die Huis van Verteenwoordigers en die Senaat

wetgewende liggaam, kan oorlopery plaasvind. Sou oorlopery in die Kongres van so aard wees dat die meerderheidsparty verander, bly die president steeds die president. Oorlopery beïnvloed nie die posisie van die president nie.

#### 2.3.1.2 Die Parlementêre regeringstelsel

'n Parlementêre regeringstelsel is 'n stelsel van regering waarin die uitvoerende gesag aan die parlement, wat saamgestel word deur 'n verkiesing[5], verantwoordelik is (Robertson, 1985:249). Parlemêntere regeringstelsels word deur die samesmelting van die magte van die wetgewende en uitvoerende regeringsdele gekenmerk. Die Eerste Minister is die hoof van die Uitvoerende gesag en kan tot die wetgewer op dieselfde wyse as al die ander lede daarvan verkies word. Die Eerste Minister is gewoonlik die leier van die party wat die meerderheid stemme in die wetgewer, of *de facto,* of deur verkiesing deur die wetgewer, behaal. Die Eerste Minister benoem die kabinetministers, wat self lid van die wetgewer is (UNDP, 2003:2). Die lede van die kabinet bly lede van die wetgewende gesag, maar is as kabinet aan die wetgewende gesag verantwoordelik (Bekker, 1994:93) (Sien figuur 3).

**FIGUUR 2.3:** Die samestelling van 'n parlementêre regeringstelsel




Bron: Bekker, 1994:93

[5] Verkiesing hier verwys na byvoorbeeld 'n algemene verkiesing op nasionale vlak

Sou die regerende party uitgestem word in die wetgewer (bv. parlement), verander die uitvoerende gesag. Deurlopende samewerking tussen die uitvoerende en wetgewende gesag word vereis om die regering te laat oorleef om effektief te wees. Brittanje verteenwoordig die sterkste vorm van 'n parlementêre regeringstelsel en daar word soms daarna as die Westminister stelsel verwys (UNDP, 2003:2). Oorlopery kan in die huise van die parlement, bv. die laerhuis of hoërhuis plaasvind. In Brittanje is die laerhuis, die Huis van Verteenwoordigers. Sou oorlopery van so aard in die Huis van Verteenwoordigers plaasvind, dat die regerende party nie meer die meerderheid is nie, word die kabinet ook vervang. Oorlopery kan, met ander woorde, 'n regering tot 'n val bring en met 'n ander regering vervang.

### 2.3.1.3 Die Gemengde regeringstelsel

Die VSA en Brittanje is verduidelikende voorbeelde van twee opponerende wyses waarop demokrasieë die wetgewende – uitvoerende verhouding struktureer. Die kontinentale Europese demokrasieë het kombinasies van hierdie twee regeringstelsels ontwikkel (Olson, 1994:78). Die term, "gemengde", verwys algemeen na 'n regeringstelsel waar die president afsonderlik verkies word, maar uitvoerende magte met die eerste minister deel. Die president kan ook deur die wetgewer verkies word, maar het sekere afsonderlike grondwetlike magte. Frankryk is 'n voorbeeld van 'n gemengde stelsel. In Frankryk word die president afsonderlik in 'n presidentsverkiesing gekies. Die president wys egter 'n premier (eerste minister), en kabinet aan, maar hulle is aan die Nasionale Vergadering [6], as wetgewende liggaam verantwoordbaar (CEE, 2003). Waar die grondwet en/of politieke omstandighede meer klem plaas op die magte van die president, word soms daarna as 'n semi-presidentsiële regeringstelsel verwys. Indien die eerste minister en die leiers in die wetgewer meer mag as die president het, word daarna as 'n semi-parlementêre regeringstelsel verwys (UNDP, 2003:2). Oorlopery vind in die Nasionale Vergadering as wetgewende gesag in die regeringstelsel plaas. Die vooruitsig van oorlopery word egter gedemp, deurdat die president die eerste minister en die Nasionale Vergadering kan ontbind. Die eerste minister word aangemoedig om die ewewig te bewaar, aangesien hy/sy die vertroue van beide die president en die wetgewer benodig (UNDP, 2003:4).

---

[6] Die parlement van Frankryk bestaan uit twee huise, nl. 'n Nasionale Vergadering en 'n Senaat.

## 2.4 OORLOPERY AS VERSKYNSEL BINNE VERSKILLENDE KIESSTELSELS

'n Kiesstelsel is die meganisme binne 'n regeringstelsel wat gebruik word om die aantal stemme wat in 'n verkiesing uitgebring is, volgens 'n bepaalde formule in setels[7] om te skakel. Politieke verteenwoordigers wat in die verkiesing gewen het, is geregtig op 'n setel en verkry sitting in 'n wetgewende liggaam, soos die parlement (Reynolds & Reilly, 1997:7). Binne 'n politieke konteks, soos reeds gestel, beteken oorloop dat 'n politieke verteenwoordiger binne 'n wetgewende liggaam teen 'n eie party stem, standpunt teen die eie party, rakende 'n spesifieke aangeleentheid inneem, of by 'n ander politieke party, met behoud van die setel, aansluit (Robertson, 1985:100). Kiesstelsels het bepaalde gevolge vir politieke partye. Die kiesstelsel beïnvloed:

(a) Die tipe partystelsel, veral die hoeveelheid en relatiewe grootte van politieke partye wat ontwikkel, en

(b) die eensgesindheid en dissipline binne politieke partye.

Sommige kiesstelsels mag faksievorming, waar een vleuel in die party deurlopend in botsing met 'n ander vleuel is, binne 'n politieke party bevorder. 'n Ander kiesstelsel mag 'n politieke party aanmoedig om meer eensgesind te wees en afvalligheid, waar 'n lid kan oorloop na 'n ander party, onderdruk. Dit is belangrik om te weet dat dieselfde kiesstelsel nie noodwendig in alle lande dieselfde sal werk nie [8] (Reynolds & Reilly, 1997:8).

Volgens McGee (2000:6), poog alle kiesstelsels om al, of ten minste sommige, van die volgende eienskappe in te sluit:

(a) Om 'n verteenwoordigende parlement te verseker.

(b) Om verkiesings toeganklik en betekenisvol te maak.

---

[7] 'n Setel is die benaming wat gebruik word om aan te dui dat 'n politieke verteenwoordiger 'n sitplek in 'n wetgewende liggaam het.

[8] Die gevolge van kiesstelsels hang af van faktore soos hoe 'n samelewing gestruktueer is in terme van ideologie, etnisiteit, rasse, streke, taalkundig of klasse verskille; of die land 'n gevestigde demokrasie het, 'n

(c) Om voorsiening van aansporings vir versoening te maak.

(d) Die bemiddeling van effektiewe en stabiele regering.

(e) Om die regering en verteenwoordigers aanspreeklik te hou vir hulle dade.

(f) Om bevordering en respek vir 'n parlementêre opposisie te verseker, en

(g) die kiesstelsel moet prakties uitvoerbaar wees.

Kiesstelsels word breedweg in 'n meerderheids-, 'n proporsionele of 'n semi-proporsionele stelsel, ingedeel (Singh, 2004:1).

## 2.4.1 DIE MEERDERHEIDSKIESSTELSEL

Die meerderheidskiesstelsel verteenwoordig die oudste en eenvoudigste bestaande kiesstelsel. Dit is gebaseer op die beginsel dat die kandidaat wat die meeste stemme ontvang, die gekose lid binne 'n wetgewende liggaam word (McGee, 2000:7). In so 'n meerderheidskiesstelsel stem die kiesers vir 'n individuele kandidaat, wat in 'n kiesafdeling, wat 'n afgebakende gebied is, meeding. Die kandidaat wat die meerderheid stemme verkry, word die gekose verteenwoordiger vir daardie gebied binne die wetgewende liggaam (Bawn & Thies, 2003:5). Onder die meerderheidkiesstelsel is daar vier hoofstelsels, naamlik die wenner-vat-alles, die blokstem, die alternatiewe stem en die twee-rondtestelsel (Reynolds & Reilly, 1997:18). In die wenner-vat-alles stelsel is daar slegs een verteenwoordiger vir die wetgewende liggaam wat uit die kiesafdeling verkies kan word en die kandidaat met die meeste stemme word verkies (IPU, 1993:5). In die blokstem word meer as een verteenwoordiger vir die wetgewende liggaam uit dieselfde kiesafdeling verkies. Kiesers het dieselfde aantal stemme as die aantal verteenwoordigers en die kandidate wat die meeste stemme kry, ongeag die persentasie van die stemme, word verkies. In die alternatiewe stemstelsel en twee-rondtestelsel, kan 'n kandidaat slegs verkies word, as hy/sy 'n absolute meerderheid (meer as 50%), van die stemme kry. Indien 'n absolute meerderheid nie in die eerste rondte verkry is nie, word die kieser se tweede keuse (alternatiewe stem), bygetel en

demokrasie in oorgang of 'n nuwe demokrasie het en of daar 'n gevestigde party stelsel is (Reynolds & Reilly, 1997:8).

indien nodig, word 'n tweede rondte verkiesing gehou om 'n absolute meerderheid te verkry (Reynolds & Reilly, 1997:18-19).

### 2.4.2 DIE PROPORSIONELE KIESSTELSEL

Die doel van 'n proporsionele kiesstelsel, is dat die parlement, in sy politieke party samestelling, 'n goeie weerspieëling is van die proporsie van stemme wat elke party in 'n nasionale verkiesing, ontvang het (Olson, 1994:95). 'n Voorbeeld van proporsionaliteit, is dat wanneer 'n politieke party byvoorbeeld 40% van die stemme wen , die party dan ongeveer 40% van die setels in die parlement wen (Reynolds & Reilly, 1997:18).

Daar is 'n verskeidenheid kiesstelsels van proporsionele verteenwoordiging, maar almal is so ontwikkel om te verseker dat minderhede, sowel as meerderhede, verteenwoordiging in wetgewende liggame het (Robertson, 1985:101). In 'n suiwer proporsionele kiesstelsel, vorm die hele land 'n enkele kiesafdeling en word die setels op 'n pro-rata basis, volgens die uitgebragte [9] stemme, toegeken. In 'n beperkte proporsionele kiesstelsel, word verkiesings proporsioneel, sowel as in verskeie kiesafdelings, gehou om verteenwoordigers van wetgewende liggame aan te wys (McGee, 2000:8). Die twee hoofkategorieë van die proporsionele kiesstelsel, is die partylys- en enkel-oordraagbare stemstelsel. 'n Partylysstelsel verteenwoordig 'n meerledige-kiesafdeling waar politieke partye lyste van kandidate voorhou. Die enkel-oordraagbare stemstelsel, is ook 'n vorm van die voorkeur-stemstelsel, waar kiesers 'n rangorde van die kandidate kies. In die enkel-oordraagbare stemstelsel, word die invloed van die party op die bepaling van sy LP's[10] beperk ( McGee, 2000:8, 10-11).

### 2.4.3 DIE SEMI-PROPORSIONELE OF GEMENGDE KIESSTELSEL

Daar is 'n reeks kiesstelsels wat poog om 'n balans tussen die meerderheids kiesstelsel en die proporsionele kiesstelsel te kry en word as 'n sogenaamde gemengde kiesstelsel geklassifiseer (McGee, 2000:11). Reynolds en Reilly (1997:19), verwys egter na semi-

---

9 Uitgebragte stemme is die term wat gebruik word om die aantal stemme wat op 'n kandidaat uitgebring is, te omskryf.

10 Kandidate wat verkies word tot die parlement staan bekend as Lid van die Parlement en die afkorting is LP.

proporsionele kiesstelsels. Van hierdie stelsels gee voorkeur aan die meerderheidstelsel, terwyl ander weer meer klem op die proporsionele stelsel plaas (IPU, 1993:12).

Die semi-proporsionele kiesstelsels, wat meer klem plaas op die meerderheidstelsel, is die kumulatiewe of blokstem, die beperkte stem en die enkel nie-oordraagbare stemstelsel. In die kumulatiewe of blokstem in 'n meerledige kiesafdeling, het elke kieser soveel stemme as wat daar setels is en kan sy/haar stem na eie keuse uitbring deur vir verskillende kandidate te stem, of al sy/haar stemme vir 'n enkele kandidaat uitbring. Kandidate met die meeste stemme word verkies. 'n Variasie hiervan is die party blokstem, waar kiesers slegs eenkeer vir die volledige partylys mag stem, met die resultaat, dat al die kandidate op die lys van die wenparty al die setels in 'n meerledige kiesafdeling opneem. In die beperkte stemstelsel kan kiesers in 'n meerledige kiesafdeling, vir verskillende kandidate stem, maar altyd minder as die hoeveelheid setels in die kiesafdeling. Kandidate met die meeste stemme, word verkies. In 'n enkel nie-oordraagbare stemstelsel is daar verskeie setels in 'n kiesafdeling, maar die kiesers mag slegs vir een kandidaat stem en die kandidate met die meeste stemme, word verkies (McGee, 2000:11-12).

## 2.5 DIE AARD VAN POLITIEKE PARTY-AKTIWITEITE BINNE KIESSTELSELS

Die politieke stelsel is 'n samestelling van verskillende groepe, waarvan politieke partye een van die belangrikste is. Bekker (1994:231), definieer politieke partye as gestruktureerde eenhede wat volgens koukus, tak of selstrukture georden kan word. Politieke partye is derhalwe gestruktureerde eenhede binne 'n kiesstelsel en die politieke verteenwoordigers is, as lede van 'n party, die skakel tussen die stemgeregtigdes en wetgewende, uitvoerende en regterlike instellings binne die politieke stelsel (Bekker, 1994:231). Dit beteken dat politieke partye die verloop van die politieke proses, van die ontstaan van politieke bewustheid tot die noukeurige uitwerk van 'n beleid en die implementering daarvan op grondvlak, "beheer" (Mény & Knapp, 1998:115).

### 2.5.1 DIE BETEKENIS VAN PARTY- EENSGESINDHEID

In algemene konteks is die interne eensgesindheid (partydissipline), van parlementêre partye, volgens Hix (2004:28) afhanklik van:

(a) Die tipe kiesstelsel en die kandidaat aanwysingsprosedure [11], en

(b) die beheer van ander grondwetlike reëlings, soos die verhouding tussen die wetgewende en uitvoerende gesag (regeringstelsel), van die staat.

Die tipe kiesstelsel en kandidaat aanwysingsprosedure, bepaal of die stelsel 'n party-gesentreerde of kandidaat-gesentreerde stelsel is. Daar is 'n interaksie tussen die kandidaat aanwysingsprosedure en die tipe kiesstelsel wat gevolg word. Hoe meer gesentreer die kandidaat aanwysingsprosedure is, hoe groter is die moontlikheid dat die partyleierskap die gedrag van sy LP's kan beïnvloed (Hix, 2004:6-7). Die besluit of 'n kandidaat vir 'n bepaalde party mag staan, kan deur 'n party op sentrale vlak, deur die nasionale uitvoerende gesag of nasionale partykongres, of op 'n laer vlak deur 'n streeks- of plaaslike partykoukus[12], geneem word (Reynolds & Reilly, 1997:8). Die impak van kandidaat aanwysing behoort die sterkste in geslote lys proporsionele stelsels te wees, waar die party besluit of 'n kandidaat op 'n lys is en watter posisie op die lys die kandidaat beklee. In hierdie stelsels is daar 'n hoë vlak van beheer deur partyleiers (Devenish, 1998:112).

### 2.5.2 PARTY- EENSGESINDHEID BINNE 'N GESLOTE LYS PROPORSIONELE KIESSTELSEL

'n Proporsionele kiesstelsel met 'n geslote lys (geslote-lys proporsionele verteenwoordiging), is die mees party-gesentreerde stelsel. In hierdie stelsel lê partye kandidaatlyste voor en kiesers kan nie die volgorde van kandidate op die lys beïnvloed nie. Hierdie kiesstelsel laat gevolglik toe dat die partyleiers 'n hoë vlak van beheer oor hulle lede uitvoer. Sonder die geleentheid om direk na die kiesers te appelleer, is daar geen voordeel vir 'n kandidaat om

---

[11] Die kandidaat aanwysingsprosedure is die reëls van 'n politieke party of kiesstelsel wat die kies van kandidate bepaal

[12] Die verwysing na koukusse behels die ampsdraers van 'n party wat op daardie bepaalde struktuur dien.

van die party en sy leierskap weg te breek nie. Daar is inderdaad meer voordele in vir 'n kandidaat om saam met die party se siening te gaan en sodoende sy/haar posisie op die lys te verbeter. Sommige lande gebruik 'n semi-geslote tipe proporsionele lys, waar partye 'n vooropgestelde lys van kandidate voorlê. Kiesers kan dan vir die kandidaatlys, as geheel, of vir 'n individuele kandidaat, stem. In meeste gevalle stem kiesers egter vir die lys in geheel en hierdeur bly partye in beheer van die lys en is dit feitlik dieselfde as in 'n geslote lys proporsionele kiesstelsel (Hix, 2004:5-6).

### 2.5.3 PARTY- EENSGESINDHEID BINNE 'N OPE-LYS PROPORSIONELE KIESSTELSEL

'n Proporsionele kiesstelsel met 'n ooplys partylys (ope-lys proporsionele verteenwoordiging), en die enkel-oordraagbare-stemstelsel, is die mees kandidaat-gesentreerde kiesstelsels. Onder die ooplys partylys word die kandidaatlys van elke party in geen bepaalde rangorde nie, maar byvoorbeeld alfabeties, aan die kiesers voorgelê. Die aantal stemme wat elke kandidaat kry, bepaal dan die rangorde van watter kandidate verkies word. Dieselfde geld onder die enkeloordraagbare stemstelsel, waar kiesers 'n gewone voorkeur vir kandidate in meerledige kiesafdelings uitoefen. Van kandidate word vereis om 'n bepaalde kwota stemme te kry om verkies te word. In beide hierdie stelsels is daar beduidende voordele vir kandidate om persoonlik met die kiesers te identifiseer en met kandidate van hul eie party, bykomend met kandidate van ander politieke partye, te kompeteer. Indien hulle kiesers dit vereis, sal hulle onafhanklikheid van die partyleierskap toon, wat beteken dat hulle minder lojaal teenoor die partyleierskap is (Devenish, 1998:119).

### 2.5.4 PARTY- EENSGESINDHEID BINNE 'N MEERDERHEIDSKIESSTELSEL

In die middel is kiesstelstelsels wat 'n mengsel van party-gesentreerde en kandidaat-gesentreerde stelsels bevorder. In meerderheidskiesstelsels, soos die wenner-vat-alles, alternatiewe stem en twee-rondte kiesstelsels in enkellid kiesafdelings, gaan kiesers eerder individuele kandidate as lyste van kandidate kies. Hierdie keuse moedig kandidate aan om persoonlike erkenning in hulle kiesafdeling te verkry. Hierdie stelsels maak ook voorsiening

om LP's te straf, deur hulle uit te stem, indien hulle die kiesafdeling se belange nie effektief verteenwoordig nie. Min kiesers is egter bewus van spesifieke beleidsverskille tussen kandidate in hulle kiesafdelings en hulle bepaalde partyleierskap. Die gevolg is dat die algemene ondersteuning van die beleid en persoonlikhede van die partyleierskap 'n beduidende impak op die toekoms van kandidate het. Selfs in hierdie kiesstelsels, is dit voordelig vir kandidate om hulle partye se posisies te ondersteun en om daardeur hulle partye meer kompeterend in die verkiesing te maak (McGee, 2000).

Samevattend beteken dit dat in kandidaat-gesentreerde kiesstelsels politieke partye ander meganismes of voordele sal moet gebruik om party-eensgesindheid en partybinding te verseker. In teenstelling daarmee, sal politieke partye en partyleierskap makliker party-eensgesindheid in party-gesentreerde kiesstelsels kan afdwing (Hix, 2004:9) [13].

## 2.6 DIE WAARDE EN ROL VAN POLITIEKE PARTYDISSIPLINE

Verantwoordelike en geordende politieke partye aanvaar die beginsel van gesentraliseerde partystrukture, wat partydissipline streng toepas en sodoende partybeleid reflekteer (Bekker, 1994:231). In hierdie verband kan partydissipline gedefinieer word, as die gebruik dat 'n lid van 'n politieke party gestraf kan word, indien hy/sy nie lojaal teenoor partybeleid en/of –leierskap bly nie. Die strafmaatreëls behels normaalweg, dat 'n dislojale partylid verskoning aanbied vir sy/haar afwykende standpunte, of hom/haar aan skorsing uit die party blootstel (Kotzé & Van Wyk, 1980:136). Sterk partydissipline vereis eensgesinde stemgedrag van die lede van 'n party wat op 'n wetgewende liggaam dien, soos vooraf in die partykoukus [14] bepaal (Kotzé & Van Wyk, 1980:136). As sentrale partystrukture andersdenkendes of afvalliges in die party kan verhoed om onder die partyvaandel kandidate te wees, kan die lede die ideologiese suiwerheid van die party beter in stand hou (Grofman, 2001:30).

---

[13] Net meer as die helfte (114 of 54% van die totaal), van onafhanklike en semi-onafhanklike state van die wêreld wat direkte parlementêre verkiesings het, gebruik meerderheid kiesstelsels, vyf-en-sewentig lande (35%), gebruik proporsionele verteenwoordiging kiesstelsels en die res (10%), gebruik semi-proporsionele stelsels ( Reynolds & Reilly, 1997: 19-20).

[14] 'n Partykoukus word saamgestel deur al die parlementslede van die betrokke politieke party

Partydissipline is gewoonlik sterker in parlementêre regeringstelsels. Die rede is dat die uitvoerende regeringsgesag 'n meerderheidsparty vereis om te kan oorleef, anders kan dit in die val van die regering [15] eindig (UNDP, 2003:3). Politieke partye in 'n presidensiële regeringstelsel, het egter minder samehorigheid as partye in 'n parlementêre regeringstelsel en het daarom swakker partydissipline (Hix, 2004:10). Indien 'n lid nie saam met sy party stem nie, dreig dit nie om die regering tot 'n val te bring nie, selfs al word sy politieke party 'n minderheid in die wetgewer. Daarom kan lede van wetgewers meer vrylik met streeks-, etniese-, ekonomiese- en ander afdelings identifiseer, wanneer beleidsake oorweeg word (UNDP, 2003:3).

## 2.7 DIE RASIONAAL AGTER OORLOPERY BINNE 'N DEMOKRATIESE BESTEL

Volgens Steytler (1997:222), is daar drie onderskeidende opinies wat oorlopery van gekose verteenwoordigers betref, naamlik:

(a) Absolute vryheid van oorlopery, voortspruitend uit 'n lid se sogenaamde vrye mandaat.

(b) 'n Totale verbieding van oorlopery, voortspruitend uit 'n sogenaamde gebiedende mandaat, en

(c) 'n gekwalifiseerde vryheid om te kan oorloop.

Die inhoud van bogenoemde redes kan kortliks as volg in die volgende gedeelte saamgevat word.

### 2.7.1 ABSOLUTE VRYHEID VAN OORLOPERY

Absolute vryheid van oorlopery ontstaan uit 'n lid se vrye mandaat. Die basis van die leerstelling van die vrye mandaat, is dat lede teenoor hulle kiesers of die nasie, as geheel en

[15] Parlementêre stelsels vereis dat die uitvoerende lede en die lede van die wetgewers oor sake moet saamstem (UNDP, 2003:4).

nie hulle politieke partye nie, toerekenbaar is. Om hulle grondwetlike reg uit te oefen, deur volgens hulle eie gewete te stem, kan lede nie hulle setels verloor, indien hulle oorloop of deur hulle partye geskors word nie (Steytler, 1997:222). Die vrye mandaat is in meeste Westerse demokrasieë, ongeag die tipe van kiesstelsel wat geld [16], van toepassing (Steytler, 1997:223).

## 2.7.2 TOTALE VERBIEDING VAN OORLOPERY

'n Totale verbieding op oorlopery, is 'n standaard eienskap in baie van die nuwe veelparty demokrasieë in Afrika, byvoorbeeld Nigerië in 1979 en 1989 [17], Namibië in 1990 [18], Zimbabwe in 1990 [19] en Zambië in 1991 [20]. Die reël geld, ongeag of die kiesstelsel op partylyste of kiesafdelings gebaseer is. Die doel van 'n gebiedende mandaat, is om politieke stabiliteit te verseker en om korrupsie in wetgewers te voorkom (Steytler, 1997:224). Groot bedrae geld wissel van hande onder die dekmantel van oorlopery op die basis van gewete, wat in werklikheid vir politieke voordeel gedoen word en wat tot korrupte praktyke lei (Jain, 2002:9). In hierdie omstandighede word individuele politici selfdienend, verloor persoonlike integriteit of hulle sin van verbintenis teenoor kiesers, en verander gedurigdeur van politieke party [21]om hulle persoonlike behoeftes en ambisies te pas. Op hierdie wyse word politiek en politici gediskrediteer. Mense verloor vertroue in die demokrasie, wat geassosieer word met politieke partye en politici, raak vervreemd en ontrek van politiek [22] (Ghai, 2002:punt 2).

---

16 In Nederland, waar alle lede aangewys word deur partylyste, bepaal art. 67(3) van die Grondwet dat " lede nie gebind sal wees deur 'n mandaat of instruksie wanneer hulle stem nie." (Steytler, 1997:223).

17 Die fundamentele reg op die vryheid van assosiasie was uitdruklik gewysig om 'n lid te verhoed om te kan oorloop (Steytler, 1997:223).

18 Art. 48(1)(b) bepaal: " Lede van die Nasionale Vergadering sal hul setels ontruim ..... as die politieke party wat hulle genomineer het om sitting in die Nasionale Vergadering te hê, die Speaker inlig dat sodanige lid nie langer lid is van die party nie." (Steytler, 1997:223).

19 Art. 41(1) van die Grondwet soos gewysig deur die Wysigingswet van die Grondwet van Zimbabwe, wet 9 van 1990 (Steytler, 1997:224).

20 Art. 71(2) van die Grondwet (Steytler, 1997:224).

21 Om van politieke party te verander is oorlopery

22 Wanneer mense onttrek van die politiek is 'n staatsgreep maklik moontlik (Ghai, 2002, punt2).

### 2.7.3 GEKWALIFISEERDE VRYHEID VAN OORLOPERY

'n Gekwalifiseerde vryheid om te kan oorloop, lê tussen bogenoemde uiterstes en kan slegs onder omstandighede geskied, waar die oorlopery nie die politieke stabiliteit sal ondermyn of politieke korrupsie sal aanspoor nie. Dit beteken sekere kwalifiserende vereistes moet eers nagekom word, alvorens oorlopery kan plaasvind (Steytler, 1997:224).

## 2.8 REDES VIR OORLOPERY BINNE 'N DEMOKRATIESE BESTEL

Volgens Singh (2004), Navalkar (2003), en Wikipedia (2005), is daar verskeie redes hoekom gekose lede na ander partye oorloop, naamlik:

(a) Om etiese redes. Dit gebeur wanneer 'n lid voel dat sy sieninge nie meer dieselfde as die van sy party is nie.

(b) Om mag en invloed te verkry. 'n Lid van 'n minderheidsparty wil graag die voordele verkry, deur lid van die meerderheidsparty te wees, byvoorbeeld om voorsitter van 'n komitee te word.

(c) Om weer verkies te word. Dit kan gebeur wanneer die opposisieparty sterker word in 'n kiesafdeling en dit die veilige herverkiesing van die lid bedreig.

(d) Daar is lede wat aan die vooraand van 'n verkiesing oorloop, want hulle weet hulle gaan nie weer deur hulle party genomineer word nie.

(e) Daar is lede wat politieke omkopery aanvaar. Om die opposisie se getalle te verminder, word lede oorreed om teen 'n prys te bedank.

(f) Daar is LP's wat oorloop, nie oor beginsels en beleid nie, maar om persoonlike voordele. In Indië, gedurende 1967-73, het uit die 2700 oorlopers, 212 ministers geword en 15 hoofministers.

Teen bogenoemde agtergrond kan die voordele van oorlopery vervolgens in oënskou geneem word.

## 2.8.1 VOORDELE VAN OORLOPERY

Volgens skrywers soos Sachdeva (1989:159), en Gehlot (1991:330, 339), is oorlopery tot voordeel van die demokrasie en die voordele is die volgende:

(a) Wetgewerlede word nie beperk in hul eie denke nie en word nie deur outokratiese beheer deur die party onderdruk nie.

(b) Politieke partye word nie "gevries" wat groei beperk nie [23].

(c) Dit gee nie onbeperkte mag aan politieke leiers om arbitrêr besluite te neem en lede dan te dwing om daarvolgens te stem nie.

(d) Oorlopery versterk die interne demokrasie binne 'n party en lei nie tot baasskap nie. Opponerende menings en opinies in 'n politieke party is belangrike bestanddele van die demokrasie.

Uit bogenoemde blyk dit dat oorlopery vir die demokrasie bevorderlik is. Lede van politieke partye kan in wetgewerliggame hulle persoonlike standpunte, omtrent beleid en wetgewing, met meer vrymoedigheid stel, al sou dit met hulle party se standpunte in botsing wees. Sou 'n lid se standpunt dit ondraaglik maak om lid van die party te bly, kan hy/sy na 'n ander party oorloop.

## 2.8.2 NADELE VAN OORLOPERY

Die nadele of kritiek teen oorlopery, is volgens Sachdeva (1989: 166-168), en Indianinfo (2002), die volgende:

(a) Oorlopery is selde na opposisiepartye en meestal na regerende partye.

(b) Oorlopery van wetgewerlede is veronderstel om immoreel en oneties te wees.

---

[23] Om 'n party te "vries", beteken dat sy verteenwoordiging in 'n bepaalde Huis nie kan verander nie. Maw, die party kan nie meer of minder lede in 'n Huis hê as na die verkiesing nie.

(c) Wetgewing wat oorlopery verbied, kan nie die demokrasie aantas nie, aangesien die wet deur die parlement demokraties goedgekeur word.

(d) Die kiesers stem normaalweg vir die politieke party en nie vir die kandidaat nie. Ten einde die beloftes wat aan die kiesers gemaak is, te volbring, moet die party in beheer, verskeie wetgewende maatreëls tref en uitvoer. Oorlopery kan dit onmoontlik maak om sekere noodsaaklike wetgewing deur te voer. Dit ondermyn die doel waarvoor die regerende party verkies is.

(e) Vir effektiewe en doelgerigte regering van 'n land, moet die vrye stem van wetgewerlede in die groter belang van die volk en die land ingeperk word.

(f) Wetgewing teen oorlopery het ten doel om wettig gekose regerings te stabiliseer en om politieke immoraliteit en korrupsie te voorkom.

Oorlopery, volgens die nadele, versterk die regerende party aan die eenkant, maar kan ook die regerende party tot 'n val bring. Die verandering van 'n regerende party deur oorlopery, kan die hele land nadelig beïnvloed en nie net die wetgewende liggaam waarbinne oorlopery plaasvind nie.

## 2.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die verskynsel van oorlopery breedvoerig gedefinieer. Die definisie is met die presidensiële, parlementêre en gemengde regeringstelsel, as hoof politieke raamwerke waarbinne demokratiese aktiwiteite in 'n staat plaasvind, verbind. Die rol wat die definisie speel in 'n meerderheids-, proporsionele en semi-proporsionele kiesstelsel, as raamwerk waarbinne die reëls van 'n verkiesing plaasvind, is ook ondersoek. Binne die genoemde regeringstelsels en kiesstelsels, is die definisie in verband gebring met die rol en funksies van politieke partye, met spesifieke verwysing na partydissipline, asook 'n beskrywing en ontleding van die positiewe en negatiewe impak, wat die oorloop van een party na 'n ander daarop het. Die rasionaal van die definisie, soos dit manifesteer binne die meerderheids-, proporsionele en semi-proporsionele kiesstelsel, is met spesifieke verwysing na die voor- en nadele van oorlopery bepaal.

Die volgende hoofstuk het ten doel om 'n beskrywend-analitiese uiteensetting van die betekenis en impak van 'n oorlopery binne Suid-Afrika, te verskaf. Dit word gedoen deur die implementering van die oorloopklousule binne Suid-Afrika te omskryf. Die oorloopklousule word verder met die geldende regering- en kiesstelsel binne Suid-Afrika verbind. Laastens word die impak van die oorloopklousule op die Suid-Afrikaanse politiek uitgewys en omskryf.

# HOOFSTUK 3:

# DIE OORLOOPKLOUSULE IN SUID-AFRIKA

## 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om 'n beskrywend-analitiese uiteensetting van die aard, omvang en impak van 'n oorlopery binne die Suid-Afrikaanse regeringstelsel, te verskaf. Dit word gedoen deur, eerstens die oorsprong, ontwikkeling en huidige status van die oorloopklousule binne Suid-Afrika te omskryf. Tweedens word 'n ontleding gemaak van die bestaande wetgewing wat oorlopery binne die drie regeringsfere (nasionaal, provinsiaal en plaaslik), moontlik maak. Teen hierdie agtergrond word 'n uiteensetting van die geldende voorwaardes wat van toepassing is op oorlopery binne die drie regeringsfere, verskaf. Laastens word die impak van oorlopery op die herskikking van die Suid-Afrikaanse partypolitiek sedert 2002, uitgewys.

## 3.2 DIE STATUS VAN OORLOPERY BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL: 'N HISTORIESE OORSIG

Suid-Afrika het op 31 Mei 1961 'n republiek met 'n eie grondwet geword. Sedert 1961 het Suid-Afrika vier grondwette tot en met die huidige grondwet gehad.[24] Die grondwet van 'n staat kan gedefinieer word as, die meganisme waardeur demokratiese ideale van 'n samelewing prakties moontlik gemaak word. Volgens Kotzé en Van Wyk (1986:53), is 'n grondwet " 'n versameling geskrewe of ongeskrewe maatreëls of wette wat die samestelling van regeringsinstellings, die verspreiding en verdeling van gesag onder die verskillende

[24] Die grondwette was die 1961-Grondwet, wet 32 van 1961, die 1983-Grondwet, wet 110 van 1983, die 1993-Grondwet, wet 200 van 1993 en die 1996-Grondwet, wet 108 van 1996.

regeringsinstellings en die algemene beginsel op welke grondslag hierdie gesag uitgeoefen moet word, bepaal".

Die grondwet van 'n staat vorm dus wetlike voorskriftelike reëls as die basis van die regeringstelsel wat in die betrokke land sal geld (Kendell & Louw, 1989:125). 'n Grondwet bepaal gewoonlik die strukture van die staat, hoe die regering sal funksioneer, waar die wetgewende, uitvoerende en regterlike magte setel en hoe verkiesings en stemmery sal plaasvind (Caldwell, 1992:131). Opsommend beteken 'n grondwet dat dit die magte en pligte van die regering bepaal, terwyl die regte en vryhede van individue binne 'n samelewing ook vasgestel word. Dit dien dus as belangrike riglyn vir wat die individu en die regering mag doen en nie mag doen nie. Die Grondwet bepaal dus presies watter prosedures gevolg moet word om die staat in belang van die samelewing te laat funksioneer. Die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal derhalwe ook die samestelling van die Suid-Afrikaanse parlement en kan bepaal of oorlopery mag plaasvind of nie.[25]

### 3.2.1 DIE WETLIKE STATUS VAN OORLOPERY VANAF REPUBLIEKWORDING TOT VOOR DIE NUWE BEDELING (1961 – 1994)

Vanaf 1961 - 1994 was die regeringstelsel in Suid-Afrika 'n parlementêre stelsel, met as hoofkenmerk, parlementêre soewereiniteit [26], met 'n meerderheid kiesafdelingstelsel gekombineerd. Die parlement was dus die oppergesag in die land en die Grondwet was aan die parlement ondergeskik (Harber & Ludman, 1995:305).

Die destydse Grondwet en die tipe kiesstelsel het oorlopery in die parlement toegelaat en moontlik gemaak (Fick, 1999:46). In die tydperk vanaf republiekwording tot voor die nuwe bedeling, het oorlopery in die Suid-Afrikaanse parlement derhalwe vrylik en algemeen plaasgevind (Fick, 1999:46). Dit is ook oor die algemeen as legitiem binne parlementêre kringe tot en met 1993 aanvaar .

---

25 Oorlopery was nie noodwendig van een politieke party na 'n ander party nie, maar kon ook ontstaan as 'n lid van die parlement sy party verlaat en as onafhanklike lid voortgaan.

26 Parlementêre soewereiniteit beteken die parlement is die hoogste gesagsliggaam in die land en sy optrede kan nie deur 'n hof getoets of bevraagteken word nie.

### 3.2.2 DIE WETLIKE STATUS VAN OORLOPERY, IN TERME VAN DIE 1993 TUSSENTYDSE GRONDWET: DIE INFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE

Die 1993 tussentydse Grondwet het uit die veelparty Suid-Afrikaanse onderhandelingsproses ontstaan (1990 – 1994), waarin die hoof rolspelers die destydse regerende Nasionale Party (NP), en die African National Congress (ANC), was.[27] 'n Sleuteluitkoms van die onderhandelingsproses, was die institusionalisering van grondwetlike oppergesag[28] in 1994 (Fick, 1999:46). Die parlement en alle regeringsinstellings is dus nou aan die oppergesag van die Grondwet ondergeskik gestel. Geen wet of instelling kan met die bepalings van die Grondwet strydig wees nie (Harber & Ludman, 1995:305).

Die tussentydse Grondwet het drie artikels bevat wat oor die voorwaardes en formaat van lidmaatskap van die Nasionale Vergadering in die parlement handel.[29] Artikel 42 handel oor die bevoegdheid vir lidmaatskap, artikel 43 oor die ontruiming van setels en artikel 44 oor die vulling van vakatures.

Artikel 43(b) het bepaal dat 'n lid van die parlement sy of haar setel moet ontruim, indien hy of sy "- ophou om 'n lid van die party te wees wat hom of haar as lid van die Nasionale Vergadering benoem het;".

Artikel 43(c) het verder bepaal dat 'n lid van die parlement sy of haar setel moet ontruim indien hy of sy "- uit sy of haar setel bedank, deur sy of haar bedanking skriftelik by die Sekretaris van die Parlement in te dien;". Artikel 44 het bepaal dat die politieke party, waarvan die uittredende lid 'n lid was, die vakature moet vul deur 'n nuwe lid aan te wys. Item 23 van Bylae 2 van die tussentydse grondwet het ook bepaal dat vakatures, ooreenkomstig artikel 44, weer gevul moet word deur die politieke party waarvan die lid afkomstig is.

---

27 Hoewel die NP en die ANC die hoof rolspelers was, het ander politieke partye en organisasies ook aan die onderhandelinge deelgeneem .

28 Konstitusionele of grondwetlike oppergesag geld wanneer die konstitusie of grondwet die hoogste gesag in 'n land is. Dit beteken die parlement en sy wette kan grondwetlik in die grondwethof getoets word.

29 Die Parlement volgens die 1993-grondwet het bestaan uit twee huise, naamlik die Nasionale Vergadering en die Senaat.

Ingevolge artikel 43 kan 'n parlementslid nie van een politieke party oorloop na 'n ander politieke party, en terselfdertyd sy/haar setel in die Nasionale Vergadering behou nie (Fick, 1999:46). Die artikel in die tussentydse grondwet het as die anti-oorloopklousule bekend gestaan. 'n Lid van die parlement kon sy of haar setel ook verloor het as die politieke party van die lid hom of haar uit die party sou skors. Die Algemene Verkiesing op 27 April 1994, het volgens die bepalings van die tussentydse grondwet, plaasgevind. Lede wat toe tot die parlement verkies is, kon dus nie na ander politieke partye oorloop, sonder om hulle setels te verloor nie.

### 3.2.3 DIE WETLIKE STATUS VAN OORLOPERY, MET DIE AANVAARDING VAN DIE 1996-GRONDWET

Op 4 Februarie 1997 het die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996), in werking getree. Bylae 7 van die 1996-Grondwet het die 1993 interim grondwet herroep. Ten spyte van die herroeping van die 1993-Grondwet, is sekere van die bepalings daarvan in die 1996-Grondwet behou. Die bepalings wat behou is, is saamgevat in Bylae 6 van die 1996-Grondwet en staan as "Oorgangsreëlings" bekend (Grondwet, 1996:163). Wat belangrik is, is dat klousule 6(3) van Bylae 6 van die 1996-Grondwet, bepaal dat, ondanks die herroeping van die 1993-Grondwet, bylae 2 van die 1993-Grondwet, in 'n gewysigde vorm op die eerste verkiesing van die Nasionale Vergadering onder die 1996-Grondwet van toepassing sal wees. Die eerste verkiesing van die Nasionale Vergadering onder die 1996-Grondwet het op 2 Junie 1999, plaasgevind.

### 3.2.4 DIE BEHOUD VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE IN DIE 1996- GRONDWET

Bylae 6 van die 1996-Grondwet het deur item 23A die anti-oorloopklousule van die 1993-Grondwet behou [30]. Item 23A bevat die volgende twee belangrike bepalings wat oorlopery van lede in wetgewende liggame soos die parlement betref. Item 23A(1), bepaal dat 'n

[30] Bylae 6 van die 1996-grondwet het 'n Aanhangsel A wat wysigings aanbring aan Bylae 2 van die 1993-Grondwet. Item 13 van Aanhangsel A van Bylae 6 van die 1996-grondwet voeg item 23A na item 23 van Bylae 2 van die 1993-Grondwet by.

persoon lidmaatskap van 'n wetgewende liggaam, soos die Nasionale Vergadering, verloor, indien daardie persoon ophou om 'n lid te wees van die politieke party wat daardie persoon as 'n lid van die wetgewende liggaam benoem het. Item 23A(3), bepaal verder dat binne 'n redelike tyd nadat die 1996-Grondwet in werking getree het, 'n Parlementswet aangeneem kan word om voorsiening te maak vir die wyse waarop dit vir 'n lid van 'n wetgewende liggaam, wat ophou om 'n lid te wees van die party wat daardie lid benoem het, moontlik sal wees om lidmaatskap van die betrokke wetgewende liggaam te behou.

Volgens Item 23A(4), kan hierdie parlementswet, ingevolge Item 23A(3), ook voorsiening maak vir 'n bestaande party om met 'n ander party saam te smelt of dit vir 'n party moontlik maak om in meer as een party te onderverdeel. Item 23A bepaal dus dat oorlopery, minstens tot en met die 1999-verkiesing, nie mag plaasvind nie.

Die anti-oorloopklousule van die 1993-Grondwet is dus in die 1996-Grondwet ingevoeg en was nog tot en met die 1999-verkiesing geldig.

### 3.2.5 DIE SKRAPPING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE NA 1999

Item 23A bepaal verder dat, na die 1999-verkiesing, die parlement, binne 'n redelike tyd, 'n wet mag aanneem om die anti-oorloopklousule te skrap en oorlopery toe te laat. Dit is belangrik om daarop te let dat vir die verandering van die anti-oorloopklousule twee vereistes nagekom moet word. Eerstens mag dit nie voor die 1999-verkiesing plaasgevind het nie en tweedens moet so wysiging binne 'n redelike tyd plaasvind. Die begrip, "redelike tyd", is 'n relatiewe begrip waaroor, soos later in die hoofstuk sal blyk, die Konstitusionele Hof uitspraak gegee het.

## 3.2.6 DIE POLITIEKE DEBAT RONDOM DIE SKRAPPING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE

Die Konstitusionele Hof en politieke partye in die Nasionale Vergadering moes aan die anti-oorloopklousule oorweging skenk. Die 1996-Grondwet kon eers in werking tree wanneer die Grondwetskrywende Vergadering [31] die Grondwet aan die Konstitusionele Hof voorgelê het en die Hof die wet goedgekeur het. Sommige partye het besware teen die anti-oorloop-klousule geopper, terwyl ander dit weer ondersteun het.

### 3.2.6.1 Die opinie van die ANC en IVP, rakende oorlopery

Die ANC en die Inkatha Vryheidsparty (IVP), was teen oorlopery gekant en het die anti-oorloopklousule ondersteun. Hulle hoofargumente, was dat die kiesers in die 1994-verkiesing vir politieke partye en nie vir individuele kandidate gestem het nie. Hulle argument was dat LP's setels in die parlement op grond van hulle plasing op 'n kandidaatlys deur hulle politieke partye, verkry het. Die gevolg is dat LP's nie 'n persoonlike mandaat van die kiesers verkry het nie en hulle nie vry was om die mandaat na willekeur uit te oefen nie. 'n Verdere rede vir die ANC se besware teen oorlopery, was dat dit die demokrasie en veelpartyskap ondermyn (Fick, 1999:52).

### 3.2.6.2 Die opinie van die DP, rakende oorlopery

Die Demokratiese Party (DP), was ten gunste van 'n vrye mandaat van oorlopery. In 'n voorlegging het die DP vir die skrapping van die anti-oorloopklousule gevra. As alternatief, indien die skrapping nie aanvaar word nie, het die DP voorgestel dat 'n lid sy setel in die wetgewende liggaam verloor, indien hy vrywillig oorloop, maar nie as die lid deur sy party geskors word nie. 'n Verdere voorstel van die DP, was dat 'n gekwalifiseerde vryheid van oorlopery toegelaat moet word, sodat 'n "skeuring" in partye kon plaasvind. Die voorstel van die DP was dat die "skeuring" uit minstens vier lede of 10% van die aantal van die lede van 'n party in 'n wetgewende liggaam, watter ookal die grootste is, bestaan. Dit beteken dat

---

[31] Die Grondwetskrywende Vergadering het bestaan uit al die lede van die Nasionale Vergadering en die Senaat wat in die 1994-verkiesing verkies is.

minstens vier lede van 'n party gelyktydig sou moes oorloop, indien daardie party 40 of minder verteenwoordigers in 'n wetgewende liggaam sou hê. Indien 'n party meer as 40 verteenwoordigers sou hê, moet minstens 10% van die aantal verteenwoordigers saam oorloop (Fick, 1999:53).

#### 3.2.6.3 Die opinie van die NP, VF, PAC en ACDP, rakende oorlopery

Die NP, die Pan Africanist Congress of Azania (PAC), en die Afrika Christen Demokratiese Party (ACDP), [32]was almal ten gunste van 'n vrye mandaat van oorlopery vir lede van wetgewende liggame. Die Vryheidsfront (VF) het in die Grondwetskrywende Vergadering geen standpunt rakende oorlopery ingeneem nie (Fick, 1999:53).

### 3.2.7 DIE KONSTITUSIONELE HOF SE UITSPRAAK, RAKENDE IE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE

Tydens die sertifisering van die Grondwet (1996), het die Konstitusionele Hof in sy uitspraak, volgens Fick (1999:50), die volgende oor die anti-oorloopklousule beslis:

" 'n Anti-oorloopklousule maak dit moontlik vir politieke partye om oorlopery van sy lede te voorkom en sodoende te verseker dat hulle die party, onder wie se vaandel hulle verkies is, bly ondersteun. Dit voorkom ook dat partye in magsposisies lede van kleiner partye op wie se lyste hulle verkies is, aanlok om na die regerende party oor te loop. Indien dit toegelaat sou word, is dit moontlik dat die regerende party 'n spesiale meerderheid kan verkry wat hy andersins nie sou kon monster nie en wat nie 'n weerspieëling van die mening van die kiesers is nie." (Konstitusionele Hof, 1996:109).

Met hierdie uitspraak van die Konstitusionele Hof, is die anti-oorloopklousule in die 1996-Grondwet, soos gestel in Item 23A, inderwaarheid herbekragtig. Ingevolge hierdie uitspraak, is oorlopery in die wetgewende liggaam soos die parlement, dus nog nie toegelaat nie.

---

[32] Na die 1993-verkiesing was daar net sewe partye met verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering naamlik: ANC, NP, IVP, VF, DP, ACDP en PAC.

## 3.2.8 VERDERE BESWARE TEEN DIE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE: DIE BEVINDINGE VAN DIE AD HOC KOMITEE OP LIDMAATSKAP VAN WETGEWERS

Binne 'n week nadat die Grondwet (1996), op 4 Februarie 1997 in werking getree het, het die parlement op 13 Februarie 1997, 'n komitee van parlementslede saamgestel om wetgewing op te stel om uitvoering aan item 23A(3), van die gewysigde Bylae 2 van die 1993-Grondwet te gee. Item 23A(3), bepaal dat, binne 'n redelike tyd, nadat die 1996-Grondwet in werking getree het, 'n Parlementswet aangeneem kan word om voorsiening te maak vir die wyse waarop dit vir 'n lid van 'n wetgewende liggaam, (wat ophou om 'n lid te wees van die party wat daardie lid benoem het), moontlik sal wees om lidmaatskap van die betrokke wetgewende liggaam te behou. Die komitee het as die Ad Hoc komitee op Lidmaatskap van Wetgewers bekend gestaan. Die komitee het uit agt lede van die ANC [33], twee lede van die NNP [34], en een lid elk van die IVP, VF, DP, PAC en ACDP [35], bestaan. Die komitee moes aanbevelings aan die parlement maak of wetgewing opstel om oorlopery in wetgewende liggame, soos die parlement toe te laat, of nie. Die komitee het langer as 'n jaar ondersoek ingestel en getuies van grondwetkenners aangehoor. Op 5 Junie 1998 het die komitee 'n verslag met die volgende uitkomste, bekend gemaak:

(a) Dit is vir die meerderheid van die komitee duidelik dat dit vir die demokrasie wat in 'n oorgangstadium is, nie billik of demokraties sal wees om die anti-oorloopklousule op te hef nie. In hierdie verband het die komitee besluit dat Item 23A behou moet word.

(b) Die komitee beveel aan dat die verbod op oorlopery hersien en eers in ag geneem moet word, as die kiesstelsel na die 1999 algemene verkiesing, in heroorweging geneem sou word, en

---

33 Die ANC lede was: mnr. YI Carrim; me. F Chohan-Khota; prof. DC du Toit; mnr. MJ Mahlangu; me. LB Ngwane; dr. FG Pahad; mnr. SL Tsenoli; me.M Verwoerd.

34 Die NP lede was: mnr. PA Matthee en kol. NG Ramaremisa

35 Die partye se lede was: vir die IVP mnr. PF Smith; vir die VF mnr. J Chiolé; vir die DP mnr. CW Eglin; vir die PAC mnr. AG Ebrahim en vir die ACDP mnr. LM Green.

(c) dat die aspek van ' verlies van lidmaatskap ' deur skorsing deur 'n politieke party ook met die hersiening van die oorloopklousule na 1999, aandag moet geniet (Parlement, 1998:393).

Volgens die verslag van die komitee, het verteenwoordigers van partye van die DP, Nuwe Nasionale Party (NNP), Vryheidsfront (VF), ACDP en PAC ten gunste van 'n absolute vrye mandaat van oorlopery geargumenteer. Die ANC en IVP was teen oorlopery gekant. Die verslag is deur die Nasionale Vergadering op 27 Augustus 1998 aanvaar en die verbod op oorlopery is behou en Item 23A, volgens die 1996-Grondwet, is toe nie gewysig nie (Parlement, 1998:390-391).

## 3.3 DIE BELANGRIKSTE GEBEURTENISSE WAT GELEI HET TOT DIE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE

Verskeie gebeur het plaasgevind met die aanloop tot die uitfasering van die anti-oorloopklousule. Die volgende gebeure kan beskou word as die aanloop tot die uitfasering van die anti-oorloopklousule.

### 3.3.1 DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE DA

Op 2 Junie 1999 het die eerste algemene verkiesing onder die 1996-Grondwet plaasgevind. Die DP, NNP en Federale Alliansie (FA), het as afsonderlike partye op nasionale en provinsiale vlak aan die algemene verkiesing deelgeneem. 'n Maand later het hierdie partye bymekaar gekom en 'n nuwe party, die Demokratiese Alliansie (DA), gevorm (Devenish, 2004). Omdat oorlopery verbied was, kon die lede van die verskillende alliansie partye nie oorloop na die DA toe, sonder om hul setels te verloor nie. Daarom het die lede voortgegaan om hulle oorspronklike partye in die parlement en provinsiale wetgewers [36] te verteenwoordig. In 2000 het die algemene verkiesing vir plaaslike regerings (stadsrade),

[36] Elkeen van die nege provinsies het 'n wetgewende liggaam, bekend as die provinsiale wetgewer.

plaasgevind en het die verteenwoordigers van die NNP, DP en FA as kandidate van die DA deelgeneem (Devenish, 2004).

### 3.3.2 DIE VERBROKKELING VAN DIE DA: DIE NNP, ANC ALLIANSIE

Die parlement het reeds in 1998 'n Wet [37] goedgekeur, wat oorlopery ook op plaaslike regeringsvlak [38] verbied het. In November 2001 het die NNP hom onttrek aan die DA en 'n nuwe alliansie met die regerende ANC gesluit. Die probleem was dat die NNP se verteenwoordigers op plaaslike regeringsvlak, as lede van die DA verkies is en daarom nie kon oorloop na die NNP of ANC, sonder om hulle setels te verloor nie (Mangu, 2003:9).

### 3.3.3 UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE: VOORDELE VIR DIE DA EN NNP

Die NNP en die DA wou graag die wette gewysig hê, sodat oorlopery toegelaat kon word. Die NNP wou graag hê sy verteenwoordigers op plaaslike regeringsvlak moes terug na die NNP toe kon oorloop. Die DA wou graag hê dat oorlopery toegelaat word, sodat hy ontslae kon raak van NNP gesinde stadsraadslede en kon aantoon dat die meeste stadsraadslede wel as DA raadslede sou bly en nie sou oorloop nie (Mangu, 2003:10) Vir die NNP was die verdere voordeel, dat indien oorlopery op provinsiale vlak kon plaasvind, hy 'n koalisie kabinet in die Wes-Kaap met die ANC kon vorm. Die voordeel vir die NNP in so koalisie, was dat hy deel van die Uitvoerende gesag in die Wes-Kaap sou vorm. Hierdeur sou die NNP toegang tot belangrike bronne, soos die benoeming van hoë politieke posisies verkry (Olaleye, 2003:6). Volgens die destydse Adjunk-president, mnr. Jacob Zuma, het die leier van die DA hom as adjunk-president genader om 'n wet in te stel om oorlopery in wetgewende liggame moontlik te maak (SA, 2003:1412).

---

[37] Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet, no. 117 van 1998. Artikel 27(c) en (f) van die wet.
[38] Die Grondwet (1996,) maak vir drie vlakke van regering, naamlik nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak, voorsiening.

### 3.3.4 UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE: VOORDELE VIR DIE ANC

Die voordele vir die ANC was, dat 'n koalisie met die NNP die ANC 'n perfekte geleentheid sou bied om beheer oor die Wes-Kaap en Kwa Zulu Natal te kry. Hierdie twee provinsies was die enigste provinsies in Suid-Afrika, waar die ANC nie beheer gehad het nie (Olaleye, 2003:6).

## 3.4 DIE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE: DIE WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Teen bogenoemde agtergrond, gee die Nasionale Vergadering in die Parlement goedkeuring [39] aan die Portefeuljekomitee op Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling om wetgewing, wat oorlopery sal toelaat, in te dien. Die Portefeuljekomitee het wetgewing gewysig en goedgekeur, wat oorlopery binne al drie sfere van die regering [40] in die wetgewende liggame toegelaat het (Mangu, 2003:10). Die wetgewing wat die komitee in die Parlement voorgelê het vir goedkeuring, was die volgende, die Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wet no. 18 van 2002 [41], die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, wet no. 20 van 2002, die Tweede Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wet no. 21 van 2002 [42] en die Wet op Verlies of Behoud van Lidmaatskap van Nasionale en Provinsiale Wetgewers, wet no. 22 van 2002. Bogenoemde wysigings sou egter ook 'n wysiging in die Grondwet (1996) tot gevolg hê.

---

39 Goedkeuring is op 13 November 2001 gegee.
40 Die drie vlakke van regering, is die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak.
41 Volgens die Wet op die Verwysing na Konstitusionele Wette, wet no. 5 van 2005, staan hierdie wet nou as die Agste Wysigingswet op die Grondwet van 2002 bekend.
42 Volgens die Wet op die Verwysing na Konstitusionele Wette, wet no. 5 van 2005, staan hierdie wet nou as die Negende Wysigingswet op die Grondwet van 2002 bekend.

### 3.4.1 DIE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE: DIE UITSPRAAK VAN DIE KONSTITUSIONELE HOF

Die goedkeuring van bogenoemde wetgewing is egter deur die United Democratic Movement (UDM), in die Konstitusionele Hof bevraagteken. Die Konstitusionele Hof het bevind dat die Wet op Verlies of Behoud van Lidmaatskap van Nasionale en Provinsiale Wetgewers, wet no. 22 van 2002, in konflik met die Grondwet (1996), is en dus ongeldig is. Die argument van die konstitusionele hof, was dat daar 'n prosedure fout was. Die parlement het die spesiale oorgangsmeganisme van die Grondwet (1996), gebruik om deur gewone wetgewing, oorlopery te wettig. Die Grondwethof het bevind dat dit slegs binne 'n redelike tyd na aanvaarding van die 1996-Grondwet gebruik kon word, en ten tye van die wetgewing se indiening, was die redelike tyd reeds verstreke (Konstitusionele Hof, 2002).

### 3.4.2 DIE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE: PARLEMENTÊRE AANVAARDING

Na die uitspraak van die hof, het die parlement die grondwetlik korrekte prosedure gevolg en die Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wet no. 2 van 2003 [43], met 'n meerderheid [44] van 75% in die Nasionale Vergadering aanvaar (Setsetse, 2002). Die politieke partye in die Nasionale Vergadering wat die wysigingswet ondersteun het om oorlopery toe te laat, is die ANC, DA, NNP, Afrikaner Eenheidsbeweging (AEB), die United Christian Democratic Party (UCDP), en Minority Front (MF) [45]. Die politieke partye in die Nasionale Vergadering, wat teen die wysigingswet gestem het en wat teen oorlopery was, is die IVP, ACDP, VF, UDM en PAC (SA, 2003:78 – 80). Hierna is oorlopery op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak in die onderskeie wetgewende liggame toegelaat.

---

[43] Volgens die Wet op die Verwysing na Konstitusionele Wette, wet no. 5 van 2005, staan hierdie wet nou bekend as die Tiende Wysigingswet op die Grondwet van 2003.

[44] Die uitslag van die stemme in die Nasionale Vergadering was 300 stemme vir die wysiging en 41 daarteen.

[45] Volgens die Notule van die Nasionale Vergadering, was die lede van die FA afwesig, aangesien nie een van die lede vir, teen of buite stemming was nie.

## 3.5 DIE ONDERLIGGENDE WETGEWING WAT OORLOPERY IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEMENGDE REGERINGSTELSEL TOELAAT

In die nasionale regeringsfeer is daar die wetgewende owerheid, wat gesetel is in die parlement wat uit twee Huise, naamlik die Nasionale Vergadering (NV), en die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP), bestaan. Die twee Huise neem gesamentlik aan die wetgewende proses deel en volgens Taljaard en Venter (2001), is dit die verantwoordelikheid van die Parlement om wetsontwerpe [46], wat deur ministers of parlementslede [47] aan die parlement voorgelê is, te bespreek, te verander en goed te keur. Hoewel die wetgewende gesag formeel vestig in die Parlement, die uitvoerende gesag in die President (en kabinet), en regterlike gesag in die howe, is die skeiding nie heeltemal suiwer nie. Die president word deur die Nasionale Vergadering gekies, wat hom of haar weer kan ontslaan. Die president en kabinet, as uitvoerende gesag, het egter beide regterlike en wetgewende gesag. Die uitvoerende gesag (president en kabinet), het die vertroue van die Nasionale Vergadering nodig om hulle ampte te behou. Die president het geen vetoreg ten opsigte van wetgewing deur die Parlement nie. Die president (en kabinet), het egter wetgewende gesag, deur die bevoegdheid om regulasies, met dieselfde afdwingende gesag as wetgewing, uit te vaardig. Die president het ook regterlike gesag, deur die aanwysing van regters en die begenadiging en kwytskelding van misdadigers. Omdat die skeiding van die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag nie 'n suiwer klassieke konsep van die skeiding van magte is nie, het Suid-Afrika 'n gemengde regeringstelsel (Venter, 2001:67).

In Suid-Afrika was verskeie debatte en besprekings gehou oor die meganismes wat moes geld om te verseker dat die oordrag van politieke mag vanaf die vorige bedeling [48] na die nuwe bedeling, 'n volhoubare demokrasie sal vestig. Die ANC wou demonstreer dat die nuwe demokrasie in Suid-Afrika nie deur 'n meerderheidsregering in 'n Afrika-patroon van 'n

---

[46] 'n Wetsontwerp is 'n voorgestelde wet wat voorgelê word vir bespreking. Wanneer die wetsontwerp deur die Parlement goedgekeur is en die President het dit geteken, word dit in die Staatskoerant gepubliseer en dan word dit 'n wet.

[47] 'n Wetsontwerp wat deur 'n lid van die parlement voorgelê word, staan bekend as 'n Private Lid Wetsontwerp.

[48] Die vorige bedeling verwys na die tydperk voor 27 April 1994 en die nuwe bedeling daarna.

eenpartystaat en onbeperkte presidensiële magte sou verval nie (Pottie, 2001:25). Een van die meganismes is die kiesstelsel wat moet geld om lede tot wetgewende liggame in Suid-Afrika verkies te kry. Deur onderhandeling, is besluit op 'n geslotelys proporsionele kiesstelsel, met die totale bevolking wat een enkele kiesafdeling vorm. Soos reeds beskryf, was dit aanvanklik ook aanvaar, dat binne hierdie geslotelys proporsionele kiesstelsel, oorlopery deur wetgewerlede op al drie sfere van regering nie toegelaat sou word nie (Pottie, 2001:33).

Daar is vier wette in Suid-Afrika wat oorlopery in die Suid-Afrikaanse regeringstelsel akkommodeer. Die wette is, die Tiende Wysigingswet op die Grondwet van 2003 [49], die Negende Wysigingswet op die Grondwet van 2002 [50], die Agste Wysigingswet op die Grondwet van 2002 [51] en die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, wet no. 20 van 2002.

## 3.5.1 DIE TIENDE WYSIGINGSWET OP DIE GRONDWET VAN 2003.

Hierdie wet het na aanleiding van die uitspraak van die Konstitusionele Hof ontstaan. Die doel van die wet is volgens die aanhef as volg:

"Om die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, so te wysig om dit moontlik te maak vir 'n lid van die Nasionale Vergadering of 'n provinsiale wetgewer om lid te word van 'n ander party en steeds lidmaatskap van die Nasionale Vergadering of daardie provinsiale wetgewer te behou; om dit moontlik te maak dat 'n bestaande party kan saamsmelt met 'n ander party, of om te verdeel in meer as een party, of om te verdeel en enige van die verdelings om met 'n ander party saam te smelt, terwyl 'n lid van 'n wetgewer, wat geraak word deur sulke veranderings, toegelaat word om lidmaatskap van daardie wetgewer te behou; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou".

---


[49] Let daarop dat hierdie die nuwe benaming is vir die wet ingevolge die Wet op die Verwysing na Konstitusionele Wette, wet no. 5 van 2005.

[50] Let daarop dat hierdie die nuwe benaming is vir die wet ingevolge die Wet op die Verwysing na Konstitusionele Wette, wet no. 5 van 2005.

[51] Let daarop dat hierdie die nuwe benaming vir die wet ingevolge die Wet op die Verwysing na Konstitusionele Wette, wet no. 5 van 2005 is

Hierdie wysigingswet maak oorlopery op die nasionale en provinsiale sfere van die Suid-Afrikaanse regeringstelsel moontlik.

**FIGUUR 3.1:** Die wetgewende gesag in die nasionale regeringsfeer




Bron: Van der Elst & Heydenrych, 2004:62

*Met die aanvaarding van die Tiende Wysigingswet op die Grondwet van 2003*, kon lede in die nasionale Vergadering en die wetgewers in elke provinsie oorloop.

## 3.5.2 DIE NEGENDE WYSIGINGSWET OP DIE GRONDWET VAN 2002

*Die aanhef van die wysigingswet, bepaal die doel van hierdie wet as volg:*

" Om die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, te wysig om die toedeling van afgevaardigdes na die Nasionale Raad van Provinsies te reguleer, in die geval van veranderings in partylidmaatskap, samesmelting tussen partye, verdeling van partye of verdeling en samesmelting van partye in provinsiale wetgewers; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou".

**FIGUUR 3.2:** Die wetgewende gesag in die provinsionale regeringsfeer




Bron: Van der Elst & Heydenrych, 2004:66

Die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP), word uit 'n afvaardiging van elke provinsie saamgestel wat uit ses permanente lede en vier spesiale afgevaardigdes bestaan. Politieke partye wat in provinsiale wetgewers verteenwoordig word, is geregtig op afgevaardigdes in die provinsiale afvaardiging na die NRVP, volgens 'n bepaalde formule, wat deur nasionale wetgewing bepaal word. Omdat oorlopery op provinsiale vlak in provinsiale wetgewers toegelaat word, mag dit nodig wees om veranderinge aan die afgevaardigdes na die NRVP aan te bring, nadat oorlopery plaasgevind het. Die oorlopery kan die aantal lede van partye verander, wat kan veroorsaak dat partye, volgens die formule, meer of minder afgevaardigdes na die NRVP het. Hierdie wet bepaal die reëls wat geld om die nuwe afgevaardigdes na die NRVP aan te wys, byvoorbeeld dat die nuwe afgevaardigdes binne dertig dae na oorlopery aangewys moet word. Die bepalings van hierdie wet het met oorlopery op provinsiale vlak te make.

### 3.5.3 DIE AGSTE WYSIGINGSWET OP DIE GRONDWET VAN 2002

Die doel van hierdie wet word in sy aanhef, as volg gegee:

"Om die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, so te wysig om dit moontlik te maak vir 'n lid van 'n Munisipale Raad om lid te word van 'n ander party en steeds lidmaatskap van die Raad te behou; om dit moontlik te maak dat 'n bestaande party kan saamsmelt met 'n ander party, of om te verdeel in meer as een party, of om te verdeel en enige van die verdelings om met 'n ander party saam te smelt, terwyl 'n lid van die Raad wat geraak word deur sulke veranderings, toegelaat word om lidmaatskap van die Raad te behou; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou."

**FIGUUR 3.3:** Die wetgewende gesag in die plaaslike regeringsfeer




Bron: Van der Elst & Heydenrych, 2004:68

Hierdie wysiging aan die Grondwet (1996), het oorlopery op die plaaslike regeringsfeer moontlik gemaak. Raadslede kon met die aanvaarding van hierdie wysigings, op sekere voorwaardes oorloop na 'n ander politieke party, sonder dat die raadslid sy/haar lidmaatskap van die betrokke raad sou verloor.

## 3.5.4 DIE WYSIGINGSWET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTURE, WET NO. 20 VAN 2002

Volgens die aanhef van hierdie wet, is die doel van die wet as volg:

"Om die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, so te wysig om dit moontlik te maak vir 'n lid van 'n Munisipale Raad om lid te word van 'n ander party en steeds lidmaatskap van die Raad te behou; om dit moontlik te maak dat 'n bestaande party kan saamsmelt met 'n ander party, of om te verdeel in meer as een party, of om te verdeel en enige van die verdelings om met 'n ander party saam te smelt, terwyl 'n lid van die Raad, wat geraak word deur sulke veranderings, toegelaat word om lidmaatskap van die Raad te behou; om voorsiening te maak dat vergaderings gehou kan word nadat die samestelling van 'n munisipale raad verander het as gevolg van die bepalings van Skedule 6A van die Grondwet; om voorsiening te maak vir die herkonstituering van metropolitaanse sub-rade; om voorsiening te maak vir spesiale maatreëls by die toepassing van Skedule 6A van die Grondwet; om verder die voorlegging van lyste van kandidate te reguleer; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou".

Hierdie wet word met die Grondwet (1996), se nuwe bepalings wat oorlopery op plaaslike regeringsvlak moontlik maak, in ooreenstemming gebring. Hierdie wet reël ook die interne prosedures en wyses waarvolgens partye, rade en raadslede by oorlopery, moet optree. Nadat oorlopery plaasgevind het, kon die magsbalans verander het. Uitvoerende Burgemeesters, voorsitters van komitees en die samestelling van die burgemeesterskomitee en ander komitees moes dan weer saamgestel word. Hierdie wet bepaal die reëls wat geld hoe hierdie hersamestellings plaasvind en wie byvoorbeeld die voorsitter by 'n eersvolgende raadsvergadering, na oorlopery, is.

Die Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wet no. 18 van 2002 en die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, wet no. 20 van 2002, reël alle aspekte van oorlopery net op plaaslike regeringsvlak.

## 3.6 DIE VOORWAARDES WAAROP OORLOPERY IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEMENGDE REGERINGSTELSEL MAG PLAASVIND

Oorlopery in nasionale, provinsiale en plaaslike wetgewers in Suid-Afrika vind volgens bepaalde voorskrifte plaas, soos deur kontemporêre wetgewing bepaal. In die nasionale sfeer vind oorlopery, soos reeds in die Nasionale Vergadering genoem, plaas en in die

provinsiale sfeer vind oorlopery in elk van die nege provinsiale wetgewers plaas. Oorlopery in die provinsiale wetgewers, kan die verandering van die samestelling van politieke partye in die tweede huis van die parlement, naamlik die NRVP, verander. Oorlopery in die NRVP, kan egter nie plaasvind nie. Die NRVP word deur ses vaste en vier spesiale afgevaardigdes van elke provinsiale wetgewer saamgestel. Oorlopery in 'n provinsiale wetgewer kan daartoe bydra dat die wetgewer se afgevaardigdes na die NRVP, verteenwoordigers van ander politieke partye word. Oorlopery in die provinsiale sfeer het dus nie net invloed op die bepaalde provinsiale wetgewer nie, maar ook op nasionale sfeer in die NRVP. Oorlopery in die plaaslike regeringsfeer, vind in elke munisipale raad plaas (Mangu, 2003:6).

Oorlopery in die Nasionale wetgewer, provinsiale wetgewers en plaaslike wetgewers vind volgens sekere bepalings en voorskrifte plaas. Dieselfde bepalings en voorskrifte geld vir plaaslike wetgewers, die Nasionale Vergadering en die onderskeie provinsiale wetgewers. In plaaslike wetgewers geskied oorlopery egter nie in dieselfde jaar as die van die Nasionale Vergadering en provinsiale wetgewers nie, omdat algemene verkiesings in verskillende jare plaasvind. Die bepalings en voorskrifte word in hoofsaak deur Skedule 6A van die Grondwet (1996), soos gewysig deur die Tiende Wysigingswet op die Grondwet van 2003, bepaal. Indien 'n lid in 'n wetgewende liggaam wil oorloop, moet hy/sy die volgende bepalings en voorskrifte nakom:

(a) Twee tydperke word geïdentifiseer, waartydens oorlopery mag plaasvind. Die tydperke is vanaf 1 September tot en met 15 September in die tweede en vierde jaar, wat volg op die jaar waarin die algemene verkiesing plaasgevind het. Dit staan as die oorlooptydperk bekend. Sou 'n lid van 'n wetgewende liggaam buite hierdie tydperke oorloop, verloor hy of sy lidmaatskap van die betrokke wetgewende liggaam. Gedurende hierdie tydperke mag lede van wetgewende liggame na ander partye oorloop, of die ander partye aan die algemene verkiesing deelgeneem het of nie;

(b) 'n lid van 'n wetgewende liggaam wat in die toelaatbare tydperk oorloop, mag slegs eenkeer in daardie betrokke tydperk oorloop. Sou 'n lid in die betrokke toelaatbare tydperk 'n tweede keer oorloop, verloor hy/sy lidmaatskap van die betrokke wetgewende liggaam;

(c) 'n lid wat wil oorloop, moet die Speaker van die betrokke wetgewende liggaam skriftelik in kennis stel dat hy/sy na 'n ander politieke party oorloop. Die skriftelike kennisgewing aan die Speaker, dat die lid aanvaar is as 'n lid van die party, moet van 'n skriftelike bevestiging deur die politiek party, waarna die lid oorloop, vergesel wees;

(d) wanneer lede wil oorloop, moet die aantal lede van 'n bepaalde party, wat wil oorloop, minstens 10% van die lede van die betrokke party in die wetgewende liggaam verteenwoordig. Dit beteken dat 'n lid as enkeling kan oorloop, indien sy politieke party waardeur hy/sy tot die wetgewende liggaam verkies is, tien of minder lede in die betrokke wetgewende liggaam het. Sou die oorloper se party meer as tien lede hê, moet minstens 10% oorloop, anders sal die lid wat oorloop, lidmaatskap van die betrokke wetgewende liggaam verloor. 'n Party wat, byvoorbeeld 15 lede in 'n wetgewer het, se lede sal net kan oorloop indien twee lede van die party oorloop. Die lede wat oorloop, hoef nie na dieselfde party oor te loop nie, maar hulle moet in dieselfde tydperk oorloop. 'n Uitspraak in die Kaapse Hooggeregshof [52], het bepaal dat die 10%, op die aantal lede wat 'n party gehad het die dag voor die oorlooptydperk, bereken word;

(e) die setel van 'n lid wat oorloop, gaan na die politieke party waarheen die lid oorloop;

(f) gedurende die oorlooptydperk, kan 'n bestaande party in die wetgewer met 'n ander party saamsmelt, of daardie party aan die verkiesing deelgeneem het of nie. 'n Bestaande party kan verdeel in meer as een party, en enige van die verdelings kan met 'n ander party saamsmelt, of daardie partye deelgeneem het aan 'n verkiesing of nie. 'n Lid van 'n wetgewer wat geraak word deur sulke veranderings, word toegelaat om lidmaatskap van daardie wetgewer te behou. Samesmelting en verdelings van partye mag slegs eenkeer in die betrokke oorlooptydperk, plaasvind.

---

[52] Gedurende die 2005 oorlooptydperk, het vyf lede van die DA na ander partye oorgeloop. Gedurende die oorlooptydperk het twee lede na die DA oorgeloop. Die DA het voor die oorlooptydperk 50 lede in die Nasionale Vergadering gehad. Die DA het argumenteer dat gedurende die oorlooptydperk die DA 52 lede gehad het en dat ses lede nodig was om aan die 10% beperking te voldoen. Die Kaapse Hooggeregshof het egter bevind dat die DA verkeerd is en dat die 10% by die aanvang van die oorlooptydperk bepaal word.

Sou partye in dieselfde betrokke toelaatbare tydperk 'n tweede keer saamsmelt of verdeel, sal die lede daarvan lidmaatskap van die betrokke wetgewende liggaam verloor. Die aantal lede van 'n party wat oorloop na 'n party wat saamsmelt of verdeel, moet steeds minstens 10% van die party se lede verteenwoordig;

(g) 'n party wat saamsmelt of verdeel, moet die Speaker van die betrokke wetgewende liggaam skriftelik van die samesmelting of verdeling in kennis stel. Die skriftelike kennisgewing aan die Speaker moet van 'n skriftelike bevestiging deur die ander politieke party vergesel wees van die name van die lede betrokke by so samesmelting of verdeling en dat die samesmelting of verdeling deur die party goedgekeur is;

(h) geen party wat in 'n wetgewer verteenwoordig word, mag 'n lid wat hom in die wetgewer verteenwoordig, en wat gebruik maak of wil maak van oorlopery in die wetgewer, skors of sy of haar lidmaatskap van die party beëindig nie. Die party mag ook geen handeling hoegenaamd uitvoer wat so 'n lid diskwalifiseer om sy of haar amp te behou nie, behalwe met die betrokke lid se skriftelike toestemming nie. Dit beteken dat politieke partye wat bewus word dat daar van hulle lede wil oorloop, so 'n lid nie goedsmoeds deur die party geskors kan word om oorlopery te voorkom nie;

(i) 'n politieke party wat nie aan die verkiesing deelgeneem het nie en ook nie geregistreer is ooreenkomstig wetgewing nie, word gedurende die oorlooptydperk as 'n erkende politieke party beskou. Hierdie party moet egter binne die oorloop-tydperk ingevolge toepaslike wetgewing, aansoek doen om registrasie. Indien 'n party egter nie geregistreer is binne vier maande vanaf die verstryking van die oorlooptydperk nie, word dit aanvaar dat die party opgehou het om te bestaan en word die setels volgens wetgewing onder bestaande erkende partye in die betrokke wetgewer verdeel. Dit beteken dat 'n lid gedurende die oorlooptydperke mag oor-loop na 'n party wat nog nie geregistreer is nie, maar dan moet die bepalings nagekom word;

(j) by verstryking van die oorlooptydperk van 15 dae, word die politieke party samestelling van 'n wetgewer, wat verander het as gevolg van oorlopery, so tot die volgende oorlooptydperk of tot 'n volgende algemene verkiesing behou. Elke

politieke party wat verteenwoordig word in 'n wetgewende liggaam, nadat oorlopery plaasgevind het, moet binne sewe dae vanaf verstryking van die oorlooptydperk, 'n lys van sy kandidate by die sekretaris van die betrokke wetgewende liggaam indien;

(k) die Speaker van 'n wetgewer waarin oorlopery plaasgevind het, moet binne sewe dae na die oorlooptydperk, 'n kennisgewing in die Staatskoerant publiseer. Die Staatskoerant moet die aantal setels wat elke party in die wetgewer verteenwoordig, asook die naam van elke lid en watter party elke lid in die betrokke wetgewer verteenwoordig, aandui.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat oorlopery in die Suid-Afrikaanse regeringstelsel 'n vermenging van 'n gekwalifiseerde vryheid van oorlopery en 'n absolute vryheid van oorlopery is. Die gekwalifiseerde vryheid is daarin geleë, dat oorlopery slegs op bepaalde datums binne bepaalde tydperke van 15 dae eenkeer kan plaasvind en dat 10% van 'n party se lede in die tydperk moet oorloop. Binne hierdie oorlooptydperke het lede wel 'n absolute vryheid van oorlopery na enige ander party en selfs 'n nuwe party wat nie aan die verkiesing deelgeneem het nie.

## 3.7 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE MAGSBALANS IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK (1999 – 2005)

In Suid-Afrika was daar twee geleenthede waar verteenwoordigers in wetgewende liggame kon oorloop. In die Nasionale Vergadering en in al nege provinsiale wetgewers kon verteenwoordigers van politieke partye, vanaf 28 Maart 2003 tot 4 April 2003 en weer op 01 September 2005 tot 15 September 2005 oorloop (Myburgh, 2003:35). In plaaslike wet-gewers kon verteenwoordigers van politieke partye vanaf 8 Oktober 2002 tot 24 Oktober 2002 en weer op 01 September 2004 tot 15 September 2004 oorloop (Eiseman, 2002). Na elke oorlooptydperk kan daar by baie politieke partye 'n skommeling in die aantal verteenwoordigers wat 'n party gehad het in 'n wetgewende liggaam, plaasvind. Hierdie skommeling, kan sommige partye, as gevolg van oorlopery, versterk en ander weer verswak. Die volgende tendense was tydens die afgelope twee oorlooptydperke opmerklik.

### 3.7.1 DIE HERSKIKKING VAN POLITIEKE PARTYE SE MAGSBASISSE IN WETGEWENDE LIGGAME IN DIE NASIONALE SFEER: DIE 2003 OORLOOPTYDPERK

Gedurende bogenoemde oorlooptydperk, het 23 (5,75%), van die 400 LP's in die Nasionale Vergadering van oorlopery gebruik gemaak. Van die 13 partye wat verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering na die 1999 verkiesing gehad het, het oorlopery in 8 van die partye plaasgevind. In hierdie oorlooptydperk het vyf (5), nuwe opposisiepartye [53] met een (1), lid elk in die Nasionale Vergadering ontstaan. Hierdie nuwe partye het nie deelgeneem aan die algemene verkiesing nie, maar het na oorlopery, sitting in die Nasionale Vergadering verkry, sonder dat een kieser vir hulle gestem het (Myburgh, 2003:36). Die party wat die meeste oorlopers bygekry het, is die regerende ANC wat 9 van die 23 LP's bygekry het. Dit beteken dat 39,13 % van al die oorlopers na die regerende party oorgeloop het. Die party wat die meeste LP's verloor het deur oorlopery, was die UDM wat 10 van sy 14 LP's verloor het (Idasa, 2004).

[53] Volgens die uitslag van die 1999 verkiesing, was daar 13 verskillende partye in die Nasionale Vergadering verteenwoordig. Nadat oorlopery plaasgevind het, was daar 17 verskillende partye. Die enigste lid van die AEB het 'n nuwe party, die Nasionale Aksie gevorm.

**TABEL 3.4:** Die verteenwoordiging van politieke partye in die Nasionale Vergadering voor en na die 2003 oorlopery.

**Let wel:** Die oorlopers in hakies, dui aan dat die party lede verloor het, en die sonder hakies, het lede bygekry.

| PARTYE | Aantal lede na 1999 Verkiesing | Persentasie In NV | Aantal Oorlopers | Aantal lede na oorlopery | Persentasie in NV na oorlopery |
|---|---|---|---|---|---|
| ANC | 266 | 66,50 % | 9 | 275 | 68,75 % |
| DP/DA | 38 | 9,50 % | 8 | 46 | 11,50 % |
| IVP | 34 | 8,50 % | (3) | 31 | 7,75 % |
| NNP | 28 | 7,00 % | (8) | 20 | 5,00 % |
| UDM | 14 | 3,50 % | (10) | 4 | 1,00 % |
| ACDP | 6 | 1,50 % | 1 | 7 | 1,75 % |
| PAC | 3 | 0,75 % | (1) | 2 | 0,75 % |
| UCDP | 3 | 0,75 % | | 3 | 0,75 % |
| VF | 3 | 0,75 % | | 3 | 0,75 % |
| FA | 2 | 0,50 % | | 2 | 0,50 % |
| AEB | 1 | 0,25 % | (1) | 0 | 0,00 % |
| AZAPO | 1 | 0,25 % | | 1 | 0,25 % |
| MF | 1 | 0,25 % | | 1 | 0,25 % |
| **Nuwe Partye gevorm:** | | | | | |
| Onafhanklike Demokrate | | 0,00 % | 1 | 1 | 0,25 % |
| Nasionale Aksie | | 0.00 % | 1 | 1 | 0,25 % |
| African Independent Movement | | 0,00 % | 1 | 1 | 0,25 % |
| Alliance for Democracy & Prosperity | | 0,00 % | 1 | 1 | 0,25 % |
| Peace &Justice Congress | | 0,00 % | 1 | 1 | 0,25 % |
| **TOTAAL** | **400** | **100,0 %** | **(23)** | **400** | **100,0 %** |

Bron: Idasa, 2004.

Die oorlopery het 'n beduidende impak op die samestelling van die Nasionale Vergadering gehad, deurdat die regerende ANC se meerderheid van 66,5% (266 lede), na 68,75% gegroei het (275 lede). Die impak op die magsbasis van die ANC was dat die ANC voor die oorlooptydperk nie 'n twee-derde meerderheid in die Nasionale Vergadering gehad het nie, maar dit wel na die oorlopery gekry het. Die belangrikheid van die twee-derde meerderheid, is dat verandering van sekere bepalings van die Grondwet (1996), 'n twee-derde meerderheid vereis (Myburgh, 2003:34). Opposisiepartye het voor die oorlooptydperk die magsbalans met 33,5 % stemme gehou wat die regerende ANC verhoed het om op sy eie sekere bepalings van die grondwet te wysig. Die oorlopery het ook 'n beduidende impak op kleiner opposisiepartye gehad. Die UDM het 'n verlies van 71,4% van sy verteenwoordigers gehad en sy magsbasis in die Nasionale Vergadering dus met 71,4% laat krimp. Ten spyte daarvan dat die aantal opposisiepartye in die Nasionale Vergadering toegeneem het na die oorlooptydperk, het die magsbasis van die opposisie in die Nasionale Vergadering na 31,25 % verklein (Idasa, 2004).

### 3.7.2 DIE HERSKIKKING VAN POLITIEKE PARTYE SE MAGSBASISSE IN WETGEWENDE LIGGAME IN DIE PROVINSIALE SFEER: DIE 2003 OORLOOPTYDPERK

Verskuiwings van politieke mag het ook in die provinsiale sfeer, na bogenoemde oorlooptydperk in provinsiale wetgewers, plaasgevind. Na die 1999 verkiesing en voor die 2003 oorlooptydperk, was daar slegs twee provinsies, naamlik die Wes-Kaap en Kwa-Zulu Natal, waarin die ANC nie regeer het nie. Na die oorlooptydperk, het die ANC in die Wes-Kaap 'n volstrekte meerderheid verkry en die regerende party geword, nadat 4 Lede van die Provinsiale Wetgewer (LPW's), na die ANC oorgeloop het. Voor die oorlooptydperk, het die ANC 42,86% verteenwoordiging in die Wes-Kaapse wetgewer gehad en na die oorlooptydperk, 52,38%. In Kwa-Zulu Natal het die IVP in koalisie met die DP, voor die 2003 oorlooptydperk, met 'n gesamentlike meerderheid van 51,25 %, regeer (Schlemmer, 2002:19).

**TABEL 3.5:** Die verteenwoordiging van politieke partye in die Kwa-Zulu Natal en Wes-Kaap provinsiale wetgewers, voor en na die 2003 oorlopery

Let wel: Die oorlopers in hakies, dui dat die party lede verloor het, en die sonder hakies, het lede bygekry.

| PARTYE | Lede na 1999 Verkiesing | Persentasie In NV | Aantal Oorlopers | Aantal lede na oorlopery | Persentasie in NV na oorlopery |
|---|---|---|---|---|---|
| Kwa-Zulu Natal | | | | | |
| ANC | 32 | 40,00 % | 3 | 35 | 43,75 % |
| IVP | 34 | 42,50 % | (2) | 32 | 40,00 % |
| DP/DA | 7 | 8,75 % | (1) | 6 | 7,50 % |
| UDM | 1 | 1,25 % | | 1 | 1,25 % |
| NNP | 3 | 3,75 % | (1) | 2 | 2,50 % |
| ACDP | 1 | 1,25 % | | 1 | 1,25 % |
| MF | 2 | 2,50 % | | 2 | 2,50 % |
| **Nuwe Partye gevorm** | | | | | |
| Peace and Development Party | | 0,00 % | 1 | 1 | 1,25 % |
| | | | | | |
| **Wes - Kaap** | | | | | |
| ANC | 18 | 42,86 % | 4 | 22 | 52,38 % |
| DP/DA | 5 | 11,90 % | 2 | 7 | 16,67 % |
| NNP | 17 | 40,48 % | (6) | 10 | 23,81 % |
| UDM | 1 | 2,38 % | (1) | 0 | 0,00 % |
| ACDP | 1 | 2,38 % | 1 | 2 | 4,76 % |
| **Nuwe Partye gevorm;** | | | | | |
| New Labour Party | | 0,00 % | 1 | 1 | 2,38 % |
| | | | | | |

Bron: Idasa, 2004.

Gedurende die oorlooptydperk in 2003, het twee LPW's van die IVP en een LPW van die DP na die ANC oorgeloop. Hierdeur het die IVP/DP-koalisie die politieke mag in die Kwa-Zulu Natal Wetgewer verloor en het die ANC met die ander partye 'n koalisie gevorm en die regerende party in die wetgewer geword (Idasa, 2004).

### 3.7.3 DIE HERSKIKKING VAN POLITIEKE PARTYE SE MAGSBASISSE IN WETGEWENDE LIGGAME IN DIE PLAASLIKE SFEER: DIE 2002 OORLOOPTYDPERK

Verkiesings in die plaaslike sfeer, het op 5 Desember 2000 plaasgevind. Die DA is gevorm en die NNP en DP lede is as DA verteenwoordigers verkies. Die DA het landswyd 27 stadsrade gewen en beheer en, in koalisie met die IVP, 9 stadsrade in Kwa-Zulu Natal beheer. Die DA het in totaal 1300 raadslede gehad, waarvan ongeveer 40% van die NNP afkomstig was. In die Metroraad in Kaapstad, het die DA volle beheer met 107 uit die 200 setels gehad, waarvan ongeveer 70% oorspronklik van die NNP was (Welsh, 2002:10). In bogenoemde oorlooptydperk, vanaf 8 Oktober 2002 tot 24 Oktober 2002, het 555 raadslede oorgeloop en van party verander (Eiseman, 2002). Die NNP het die meeste (354), verteenwoordigers as gevolg van die oorlopery bygekry. Die NNP het egter nie aan die verkiesing deelgeneem nie, en het geen verteenwoordigers na die verkiesing gehad nie (Faull, 2005).

**TABEL 3.6:** Aantal verteenwoordigers wat partye deur oorlopery gewen en verloor het

| Party | Verteenwoordigers bygekry (gewen) | Verteenwoordigers verloor |
|---|---|---|
| ANC | 128 | 16 |
| DA | 17 | 417 |
| NNP | 354 | 0 |

Bron: Eiseman, 2002.

Die ANC het deur oorlopery die minste verteenwoordigers (16), verloor, terwyl die DA die meeste verteenwoordigers (417), verloor het. Oorlopery het tot gevolg gehad dat die magsbasisse in 21 plaaslike wetgewers (stadsrade), verskuif het (Myburgh, 2003:35).

**TABEL 3.7:** Die beheer van munisipale rade na oorlopery: Gewen en verloor

| Party | Gewen | Verloor |
|---|---|---|
| DA | 0 | 15 |
| ANC/NNP koalisie | 20 | 0 |
| ANC/NNP/IVP koalisie | 1 | 0 |
| ANC/DA koalisie | 0 | 3 |
| ANC/DA/IVP koalisie | 0 | 1 |
| ANC/IVP koalisie | 0 | 1 |
| IVP | 0 | 1 |
| **TOTAAL** | **21** | **21** |

Bron: Eiseman, 2002.

Die ANC/NNP koalisie het na die oorlopery, in 20 plaaslike wetgewers hulle magsbasisse vergroot en beheer gewen, waarvan die Metroraad in Kaapstad die belangrikste was. Die DA is die party waarvan die magsbasisse die meeste verklein het. Die DA het in 15 plaaslike wetgewers na oorlopery, die mag verloor (Welsh, 2002:10).

### 3.7.4 DIE HERSKIKKING VAN POLITIEKE PARTYE SE MAGSBASISSE IN DIE NASIONALE SFEER: DIE 2005 OORLOOPTYDPERK

In bogenoemde oorlooptydperk, vanaf 1 September 2005 tot 15 September 2005, het 25 (6,25%), van die 400 LP's in die Nasionale Vergadering na ander partye oorgeloop. Van die 12 partye wat in die Nasionale Vergadering verteenwoordiging gehad het na die 2004 verkiesing, het daar in 6 van die partye oorlopery plaasgevind. In hierdie oorlooptydperk het

vyf (5), nuwe opposisiepartye [54] in die Nasionale Vergadering ontstaan, sonder dat een kieser vir hulle gestem het. Die party wat die meeste oorlopers bygekry het, is die regerende ANC, wat 14 van die 25 LP's bygekry het. Dit beteken dat 58,34 % van al die oorlopers na die regerende party oorgeloop het. Die party wat die meeste LP's deur oorlopery verloor het, was twee opposisiepartye, naamlik die IVP en DA, wat 5 van elk van hulle LP's verloor het.

**TABEL 3.8:** Die verteenwoordiging van politieke partye in die Nasionale Vergadering, voor en na die 2005 oorlopery

| Party | % in NV 2004 | Setels voor oorlopery | Setels bygekry | Setels verloor | Setels na oorlopery | % in NV na oorlopery |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ANC | 69,75 | 279 | 14 | 0 | 293 | 73,25 |
| DA | 12,5 | 50 | 2 | 5 | 47 | 11,75 |
| IVP | 7,0 | 28 | 0 | 5 | 23 | 5,75 |
| UDM | 2,25 | 9 | 0 | 3 | 6 | 1,5 |
| ID | 1,75 | 7 | 0 | 2 | 5 | 1,25 |
| ACDP | 1,75 | 7 | 0 | 3 | 4 | 1,0 |
| VF Plus | 1,0 | 4 | 0 | 0 | 4 | 1,0 |
| UCDP | 0,75 | 3 | 0 | 0 | 3 | 0,75 |
| PAC | 0,75 | 3 | 0 | 0 | 3 | 0,75 |
| MF | 0,5 | 2 | 0 | 0 | 2 | 0,5 |
| AZAPO | 0,25 | 1 | 0 | 0 | 1 | 0,25 |

54 Volgens die uitslag van die 2004 verkiesing, was daar 12 verskillende partye in die Nasionale Vergadering verteenwoordig. Nadat oorlopery plaasgevind het, was daar 5 nuwe partye gevorm, maar al die NNP LP's het oorgeloop en die NNP het tot niet gegaan en die totale aantal partye na oorlopery in die Nasionale Vergadering, was 16.

| Party | % in NV 2004 | Setels voor oorlopery | Setels bygekry | Setels verloor | Setels na oorlopery | % in NV na oorlopery |
|---|---|---|---|---|---|---|
| NNP | 1,75 | 7 | 0 | 7 | 0 | 0 |
| NDC (n) | 0 | 0 | 4 | 0 | 4 | 1,0 |
| UIF (n) | 0 | 0 | 2 | 0 | 2 | 0,5 |
| UP (n) | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0,25 |
| FD (n) | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0,25 |
| PIM (n) | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0,25 |

Partye gemerk met (n) is partye wat nuut ontstaan het met die oorlopery [55].

Bron: PMG, 2005.

Die impak van die 2005 oorlopery op die Nasionale Vergadering, is dat die regerende ANC se meerderheid van 69,75% (279 lede), na 73,25% (293 lede), gegroei het. Die impak op die magsbasis van die ANC, is dat die ANC nou binne die bereik van 75 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering is (Hartley, 2005). Die belangrikheid van die 75 % meerderheid, is dat verandering van sekere grondwetlike beginsels van die Grondwet (1996), 'n 75 % meerderheid vereis. Artikel 74(1), van die Grondwet (1996), vereis dat artikel 1 van die Grondwet (1996), slegs met 'n 75 % meerderheid in die Nasionale Vergadering gewysig kan word. Opposisiepartye het voor die oorlooptydperk gesamentlik 30,25 % stemme in die Nasionale Vergadering gehad en na oorlopery 26,75 %. Die 2005 oorlopery het ook 'n beduidende impak op die grootste opposisieparty, die DA, gehad, deurdat 4 van sy LP's na die regerende ANC oorgeloop het. Die ander opposisieparty waarop die oorlopery 'n groot impak gehad het, was die IVP, deurdat 4 van sy LP's oorgeloop het en in direkte opposisie met die IVP, die Nasionale Demokratiese Konvensie gestig het. Die aantal opposisiepartye in die Nasionale Vergadering het weer eens na die oorlooptydperk toegeneem, maar die

[55] Die NDC staan vir, National Democratic Convention, die UIF, vir United Independent Front, die UP, vir United Party of South Africa, die FD, vir Federation of Democrats en PIM, vir Progressive Independent Movement.

magsbasis van die gesamentlike opposisie in die Nasionale Vergadering, het na 26,75 % verklein (De Graaf, 2005:110).

### 3.7.5 DIE HERSKIKKING VAN POLITIEKE PARTYE SE MAGSBASISSE IN DIE PROVINSIALE SFEER: DIE 2005 OORLOOPTYDPERK

Na die 2004 verkiesing het die ANC in al nege provinsiale regerings die regerende mag gehad. In die provinsiale sfeer, was daar gedurende bogenoemde oorlooptydperk geen verandering van politieke partye se magsbasisse nie, en het die ANC in al nege provinsiale regerings steeds die regerende mag gehad (Hartley, 2005).

### 3.7.6 DIE HERSKIKKING VAN POLITIEKE PARTYE SE MAGSBASISSE IN DIE PLAASLIKE SFEER: DIE 2004 OORLOOPTYDPERK

In bogenoemde oorlooptydperk, vanaf 1 September 2004 tot 15 September 2004, het 493 raadslede oorgeloop en van party verander. Die ANC het die meeste (336), verteenwoordigers as gevolg van die oorlopery, bygekry. Die NNP het die meeste (290), verteenwoordigers verloor en 195 van sy verteenwoordigers het na die ANC oorgeloop (OVK, 2004).

**TABEL 3.9:** Aantal verteenwoordigers wat partye deur oorlopery, gewen en verloor het

| Party | Verteenwoordigers bygekry (gewen) | Verteenwoordigers verloor |
|---|---|---|
| ANC | 336 | 4 |
| DA | 67 | 44 |
| NNP | 0 | 290 |
| IVP | 8 | 25 |
| UDM | 1 | 54 |
| VF Plus | 15 | 0 |

Bron: OVK, 2004.

Die ANC het die minste verteenwoordigers (4), deur oorlopery verloor. Die VF Plus het nie aan die 2000 verkiesing deelgeneem nie en kon daarom geen verteenwoordigers verloor nie. Oorlopery het tot gevolg gehad dat die magsbasisse in 10 plaaslike wetgewers (stadsrade), verskuif het (Faull, 2004).

**TABEL 3.10:** Die beheer van munisipale rade na oorlopery: Gewen en verloor

| Party | Gewen | Verloor |
|---|---|---|
| ANC | 8 | 0 |
| DA | 2 | 2 |
| IVP | 0 | 3 |
| NNP | 0 | 5 |
| **TOTAAL** | **10** | **10** |

Bron: OVK, 2004.

Die ANC het na die oorlopery in 8 plaaslike wetgewers, sy magsbasisse vergroot en beheer gewen. In die Aberdeen, Golden Gate en Breede Rivier plaaslike regerings, het die ANC, na die oorlopery, 100% verteenwoordiging daarin gehad. Die NNP is die party, waarvan die magsbasisse die meeste verklein het. Die NNP het in 5 plaaslike wetgewers na oorlopery, die mag verloor (Faull, 2004).

### 3.7.7 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE HERSKIKKING VAN DIE MAGSBASIS VAN DIE MEERDERHEIDSPARTY (2003 – 2005)

In beide die oorlooptydperke (2003 en 2005), het die regerende ANC geen LP's of LPW's gehad wat na ander partye oorgeloop het nie. Derhalwe was die ANC die grootste bevoordeelde party van oorlopery op alle vlakke van regering. Oorlopery het die ANC meerderhede laat verkry, wat nie by die verkiesing behaal is nie en het opposisie partye meer gefragmenteer (Myburgh, 2003:36).

Die feit dat die ANC deur oorlopery met die eerste oorlooptydperk 'n twee-derde meerderheid verkry het, het die grondwetlikheid van die Konstitusionele Hof, as oppergesag, in gedrang gebring. Indien die Konstitusionele Hof wetgewing sou afkeur, het die ANC nou die keuse of hulle die wetgewing wil wysig om aan die grondwet te voldoen, en of hulle die grondwet wil wysig. Die ANC, as regerende party, het dus nou die finale seggenskap oor grondwetlike sake (Myburgh, 2003:36).

## 3.8 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP POLITIEKE PARTYE SE OPENBARE BEFONDSING (1999 – 2005)

Finansiële ondersteuning van politieke partye, is van kritieke belang vir die uitbouing van opposisie politiek in Suid-Afrika. Die Grondwet (1996), erken dat politieke partye fondse benodig om effektief in die kiesstelsel te kan deelneem. 'n Nasionale wet [56] is aanvaar om

[56] Die wet is die Wet op die Openbare Befondsing van Verteenwoordigende Politieke Partye, wet no. 103 van 1997 en word geadministreer deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK).

politieke partye vanuit 'n staats-geadministreerde fonds, te befonds. Slegs politieke partye wat verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering of in 'n provinsiale wetgewer het, kry op bepaalde voorwaardes finansiële steun uit die staatsfonds (Welsh, 2002:10). Die toekenning van die fonds geskied op die basis van proporsionaliteit en gelykheid. Negentig persent (90%), van die fonds word proporsioneel in verhouding tot die gesamentlike aantal verteenwoordigers van elke party in die Nasionale Vergadering en in die provinsiale wetgewers, toegeken. Die restant van 10% van die fonds word eers proporsioneel onder die provinsies op grond van die hoeveelheid lede in elke provinsiale wetgewer verdeel, en dan word die provinsiale deel op 'n gelyke basis onder die verskillende politieke partye in die betrokke wetgewer verdeel [57]. Die uitbetalings van die fonds aan politieke partye, geskied jaarliks in vier gelyke betalings (Pottie, 2001:44).

Artikel 5(1)(b), van die Wet (1997), bepaal dat 'n politieke party toegekende fondse vir enige doel mag aanwend wat met die funksionering van 'n politieke party binne 'n moderne demokrasie versoenbaar is. Die fondse kan onder andere vir die aanstelling van administratiewe personeel, aanskaf van voertuie, die huur van toerusting, ensovoorts, aangewend word (February & Calland, 2004). Lede van die Parlement en provinsiale wetgewers ontvang ook elkeen 'n 'kiesafdelingstoelaag' as lid van die wetgewende liggaam, waarin die lid verteenwoordig is. Hierdie toelaag word aangewend ter uitbouing van die lid se vermoë om kiesers tot diens te wees. Die gelde moet aangewend word om die lid meer bereikbaar en toeganklik vir kiesers te maak. Hierdie bereikbaarheid en toeganklikheid, is uiteraard tot voordeel van die politieke party, wie die lid in die wetgewende liggaam verteenwoordig (Calland, 2004).

Wanneer 'n LP of LPW van 'n politieke party oorloop, sal die politieke party, onder wie se vaandel die LP of LPW verkies is tot 'n wetgewende liggaam, daardie proporsionele deel van die openbare fonds verloor. Die proporsionele deel van die fonds wat die lid verteenwoordig, gaan dan oor na die politieke party waarheen die lid oorloop, byvoorbeeld: Party X het met 5 LP's en 5 LPW's kwartaalliks vanaf die OVK 'n betaling van R 352 680 ontvang. Gedurende die 2005 oorlooptydperk is daar een LPW wat oorloop. Na die oorlopery, ontvang party X nou R 285 936 kwartaalliks, maw R 66 744 per kwartaal minder (Idasa, 2004). Die volle

[57] Volgens die 2004/2005 jaarverslag van die OVK, was die totale bedrag wat beskikbaar was vir partye in die 2004/2005 finansiële jaar, R 70 844 436. Die 90% deel was R 63 759 992 en die 10% was R 7 084 444.

'kiesafdelingstoelaag' wat elke LP en LPW ontvang, word nou by oorlopery, tot voordeel van die party, waarna die lid oorgeloop het, aangewend. Die impak van oorlopery op politieke partye se openbare befondsing, is dat politieke partye finansieel 'n verlies ly, indien van hulle LP's of LPW's na 'n ander politieke party oorloop. Die party na wie die betrokke LP of LPW oorloop, kry weer 'n finansiële voordeel. Die impak van die finansiële verlies, het'n groter invloed op kleiner partye, as op groter partye. Kleiner partye kry reeds proporsioneel baie minder as groot partye, omdat hulle minder verteenwoordigers het, maar die koste aan die deelnemende opposisie politiek, kos dieselfde. 'n Advertensie in 'n koerant kos, byvoorbeeld dieselfde vir 'n klein party as vir 'n groot party. Groter politieke partye het meer openbare befondsing en hulle kan hulle dus beter onder die kiesers, as kleiner partye bemark (February & Calland, 2004).

## 3.9 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE SUID-AFRIKAANSE DEMOKRASIE: KRITIESE PERSPEKTIEWE

Die verbod op oorlopery, het volgens Myburgh (2003:34), twee groot voordele vir die Suid-Afrikaanse demokrasie gehad. Eerstens het die verbod daartoe bygedra dat die persentasie van die stemme wat 'n party in die verkiesing gekry het, akkuraat gereflekteer is in die aantal setels wat die party in die parlement gehad het. Die tweede voordeel was, dat die regerende party nie LP's kon wegrokkel van kleiner partye nie, en daardeur meerderhede verkry het, wat andersins nie by die stembus verkry kon word nie.

In hierdie verband is Schlemmer (2002:18), van mening dat oorlopery meriete het in 'n meerderheidkiesstelsel, met kiesafdelings, waar verteenwoordigers in wetgewende liggame as individue verkies word. Oorlopery in 'n proporsionele kiesstelsel, soos in Suid-Afrika, is in wese "blatant ondemokraties", omdat dit die keuse van die kiesers verwerp. Volgens Faull (2005), is Suid-Afrika steeds in 'n proses van voortdurende politieke oorgang, demokratiese konsolidering en sosiale transformasie. Oorlopery, as deel van die formele raamwerk van verteenwoordigende demokrasie, is deel van die prosesse. Wanneer 'n LP of LPW oorloop, verwring dit die balans van verteenwoordiging, soos deur kiesers by die stembus bepaal, en verteenwoordiging wat verwring word, is "slegte nuus" vir verteenwoordigende demokrasie.

Faull (2005), verklaar in hierdie verband, dat elke LP in die Nasionale Vergadering, na die 2004 algemene verkiesing volgens proporsionaliteit, 39 032 kiesers verteenwoordig. Verder argumenteer Faull (2005), dan dat oorlopery die beginsel van deelnemende demokrasie, soos deur die Grondwet (1996), voorsien, ondermyn. Dit is redelik om te aanvaar dat elke LP wat oorloop in die Nasionale Vergadering, ongeveer 39 032 kiesers wat in 2004 gestem het, se stem nietig verklaar. Die grondwetlike bepaling in die Grondwet (1996), van gelykheid vir alle stemme van kiesers en die reg op verteenwoordiging, word ondermyn.

Fick (1999:57), ondersteun die standpunt dat die beginsel van proporsionele verteenwoordiging vereis, dat setels in die wetgewende liggame onder partye, ooreenkomstig die aantal stemme wat die partye van kiesers ontvang het, by die stembus verdeel word. Fick (1999:57), stel dit vervolgens duidelik dat die magsbalans tussen politieke partye in spesifiek die Nasionale Vergadering, wat bepaal is deur 'n verkiesing van die kiesers, verseker en behou moet word. Oorlopery versteur die magsbalans, sonder die instemming (mandaat), van die kiesers wat teen die gees van die Grondwet (1996), en ondemokraties is. Volgens Slabbert (2003:14), het die Konstitusionele Hof die potensiële negatiewe impak van oorlopery op die demokrasie nie ten volle in aanmerking geneem nie. Met die sertifisering van die Grondwet (1996), het die Konstitusionele Hof, soos reeds genoem, bevind dat oorlopery binne 'n proporsionele kiesstelsel, soos in Suid-Afrika, ondemokraties sou wees. Met die aanvaarding van oorlopery,, verklaar die Konstitusionele Hof, volgens Slabbert (2003:14), inderwaarheid dat dit nie die Hof se funksie is om oor die impak van oorlopery op die proporsionele kiesstelsel uitspraak te lewer nie. In aansluiting hiermee, het Friedman van die Sentrum vir Politieke Studies, in 'n radio-onderhoud op SAFM, kommer uitgespreek dat die regters van die Konstitusionele hof, partypolities partydig was (Schlemmer, 2002:19). Verder is De Graaf (2005:103), van mening dat oorlopery die meerderheidsparty(e) bevoordeel. Dit kan die stembusuitslag vertroebel en sodoende die demokratiese gehalte van die Suid-Afrikaanse politiek ondermyn.

Teen die agtergrond van die uiteensetting van die impak van oorlopery op die Suid-Afrikaanse politiek, kan geargumenteer word dat dit die beginsel van basiese verantwoordbaarheid teenoor kiesers, in gevaar stel. Verder kan oorlopery die beeld en politieke struktuur van Suid-Afrika, as 'n dominerende eenpartystaat vestig (Schlemmer, 2002:18). 'n Eenparty dominansie raak 'n probleem wanneer die regerende party so seker is van sy herverkiesing, as regerende party, dat die party hom nie aan openbare menings steur

nie. So 'n tendens is volgens Roefs (2004:18) in 'n transformerende staat, soos Suid-Afrika, onwenslik.

## 3.10 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE KIESERS

Vir 'n oorloper na 'n opponerende party, is daar weinig voordele in om die belange van die kiesers te verteenwoordig, wanneer hy/sy eers oorgeloop het. Die rede is dat, wanneer 'n LP of LPW oorgeloop het, hy/sy onder die dissipline van die nuwe party val. Die kans op herverkiesing hang dan nie van die kiesers af nie, maar van die posisie wat die oorloper op die party se lys beklee, wat deur die party se leierskap bepaal word (Myburgh, 2003:36). In 'n ondersoek is bevind dat 54% van respondente verklaar het dat hulle "kwaad" of "baie kwaad" sal wees, as hulle verteenwoordigers sou oorloop (Nielsen, 2003). Daar bestaan ook nie werklik 'n meganisme, waardeur gegriefde kiesers 'n verteenwoordiger wat oorloop, tot verantwoording kan roep nie. Dit veroorsaak dat kiesers vertroue in die politieke stelsel verloor. Kiesers raak apaties en vra hulle self die vraag af, wat die nut is om te stem, as verteenwoordigers kan besluit om nuwe partye te vorm en oor te loop en aan niemand verantwoordbaar is nie (Devenish, 2004). Navorsing deur Schlemmer (2002:19), toon dat die getal kiesers, wat nie weer as gevolg van ontnugtering met politici wat oorloop, gaan stem nie, aan die toeneem is.

Bogenoemde aspekte van die impak van oorlopery op die demokrasie, knou die kollektiewe ambisie van Suid-Afrikaners om binne 'n wêreldklas demokrasie te leef en te konsolideer (Schlemmer, 2002:18).

## 3.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting van die aard en impak van oorlopery binne die Suid-Afrikaanse politieke stelsel verskaf. Die status van oorlopery, vanuit 'n historiese oorsig in Suid-Afrika tot en met die kontemporêre wetlike status van oorlopery binne die Suid-Afrikaanse politieke stelsel, is beskryf. Die belangrikste gebeurtenisse wat gelei het tot die uitfasering van die anti-oorloopklousule en die rol wat politieke partye daarin gespeel het, is bespreek. 'n Uiteensetting is ook van onderliggende wetgewing, wat oorlopery in die kontemporêre Suid-Afrikaanse politieke stelsel akkommodeer, asook die voorwaardes en

wyse waarop oorlopery in die gemengde regeringstelsel in wetgewende liggame in die nasionale, provinsiale en plaaslike sfeer in Suid-Afrika plaasvind, gegee. Die gemengde regeringstelsel, as geldende regeringstelsel, is as politieke raamwerk geïdentifiseer, waarbinne die demokratiese aktiwiteite in Suid-Afrika plaasvind. Die kiesstelsel, as raamwerk waarbinne die reëls van verkiesings in Suid-Afrika plaasvind, is 'n geslote-lys proporsionele kiesstelsel en die redes vir die keuse daarvan, is bepaal. Die impak van oorlopery op die herskikking van die Suid-Afrikaanse politiek en die impak op politieke partye se magsbasisse en befondsing in wetgewende liggame in die nasionale, provinsiale en plaaslike sfeer, is omskryf. Laastens is kritiese perspektiewe van die impak van oorlopery op die demokrasie van Suid-Afrika en die impak daarvan op die kiesers, weergegee.

Die volgende hoofstuk het ten doel om die resultate van die empiriese navorsing wat gedoen is, om politieke partye in die Nasionale Vergadering se standpunte oor oorlopery te bepaal, weer te gee. Die doel van die empiriese navorsing is, eerstens om vas te stel watter partye ten gunste van oorlopery is en watter nie. Ten tweede word gepoog om die siening van partye oor die voor- en nadele van oorlopery te bepaal en laastens, wat die standpunt van partye oor oorlopery in verskillende kiesstelsels is.

# HOOFSTUK 4:

# EMPIRIESE BEVINDINGS

## 4.1 INLEIDING

Hoofstukke een tot drie is hoofsaaklik deur 'n literatuurstudie saamgestel. Dit is gedoen, deur 'n teoretiese ontleding en beskrywing van die oorloopklousule, as verskynsel binne verskillende regeringstelsels en kiesstelsels, te gee. Die rasionaal agter oorlopery en die redes daarvoor binne 'n demokratiese bestel, is ook ontleed. Verder is 'n uiteensetting van die aard en impak van oorlopery, sedert 2002, binne die Suid-Afrikaanse politieke stelsel beskryf. Die status van oorlopery vanuit 'n historiese oorsig in Suid-Afrika, tot en met die kontemporêre wetlike status daarvan en die impak op die herskikking van die Suid-Afrikaanse politiek, is ook ontleed.

Uit die literatuurstudie is die afleiding gemaak dat oorlopery nadelig vir die Suid-Afrikaanse demokrasie kan wees. In effek is dit geargumenteer dat dit die magsbalans van politieke partye herskik, sonder dat die kiesers geraadpleeg word. Dit skep 'n potensieel ondemokratiese situasie, veral binne 'n transformerende samelewing, soos Suid-Afrika. Dit is die doel van hierdie hoofstuk (4), om die bevindings van die literatuurstudie deur 'n empiriese ondersoek, te bevestig en te versterk. Hierdie doelwit sal bereik word, deur empiries aan te dui wat die amptelike standpunte van politieke partye in die Nasionale Vergadering, rakende oorlopery is. In hierdie verband is semi-gestruktureerde onderhoude met senior parlementslede van die dertien politieke partye wat in 1999 tot die Nasionale Vergadering verkies is, gevoer. Dié dertien partye se standpunte is gebruik om menings en tendense oor die negatiewe en positiewe gevolge van oorlopery binne die Suid-Afrikaanse demokrasie, uit te lig.

Teen die agtergrond van die navorsing in die literatuurstudies in hoofstukke een tot drie gedoen, en die empiriese bevindings in hierdie hoofstuk, sal 'n samevatting en gevolgtrekking in die volgende hoofstuk gemaak word.

## 4.2 DIE INHOUD EN KONTEKS VAN DIE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

Gedurende April 2003 en November 2005 is semi-gestruktureerde onderhoude met senior parlementslede van al dertien politieke partye wat in die 1999 verkiesing tot die Nasionale Vergadering verkies is, gevoer. Die rede hoekom semi-gestruktureerde onderhoude met hierdie partye gevoer is, is omdat hulle deel was van die proses vanaf 'n anti-oorloopklousule, tot en met die kontemporêre status van oorlopery. Huidiglik word oorlopery in wetgewende liggame toegelaat en die dertien partye was deel van die debat en besluitneming om die anti-oorloopklousule na 'n oorloopklousule te verander. Die eksemplaar wat geneem is, is honderd persent verteenwoordigend van die politieke partypopulasie in die Nasionale Vergadering, wat op daardie stadium, demokraties deur die kiesers daartoe verkies is. Die politieke partye, in alfabetiese volgorde en die senior parlementslede waarmee onderhoude gevoer is, is:

(a) Die African National Congress (ANC): A.C Nel (LP) – Adj-Hoofsweep van ANC.

(b) Die Afrika Christen Demokratiese Party (ACDP): K.R.J. Meshoe (LP) – Nasionale leier.

(c) Die Afrikaner Eenheidsbeweging (AEB): C. Aucamp (LP) – Nasionale leier.

(d) Die Azanian People's Organisation (AZAPO): P.J. Nefolovhodwe (LP) – Nasionale adjunkpresident.

(e) Die Demokratiese Alliansie (DA): A.J. Leon (LP) – Nasionale leier.

(f) Die Federale Alliansie (FA): A.I. van Niekerk (LP) – Partyleier in die Parlement. (g) Die Inkatha Vryheidsparty (IVP): J.H. van der Merwe (LP) – Hoofsweep van die IVP.

(h) Die Minority Front (MF): S. Rajbally (LP) – Partyleier in die Parlement.

(i) Die Nuwe Nasionale Party (NNP): M.C.J. van Schalkwyk (LP) – Nasionale leier. (j) Die Pan Africanist Congress (PAC): S.E.M. Pheko (LP) – Nasionale leier.

(k) Die United Christian Democratic Party (UCDP): P.H.K. Ditshetelo (LP) – Nasionale Adjunkleier.

(l) Die United Democratic Movement (UDM): B.K. Holomisa (LP) –Nasionale leier.

(m) Die Vryheidsfront van Suid-Afrika (VF): P.W.A. Mulder (LP) – Nasionale leier.

Die rede hoekom onderhoude met bogenoemde lede gevoer is, is omdat hulle die leiers van die partye is of senior posisies beklee, waardeur hulle heeltemal met die beleid en standpunte van die betrokke politieke party, rakende oorlopery in wetgewende liggame, op die hoogte is. Uit die 13 partye kon semi-gestruktureerde onderhoude met nege nasionale leiers van die partye en twee nasionale adjunkleiers gevoer word. Die menings wat uitgespreek is, kan dus as 'n betroubare weergawe van die amptelike standpunte en beleid van die betrokke partye, rakende die oorloopklousule, beskou word.

Die missies, visies en die mate van ondersteuning (verteenwoordiging), wat elke party in die Nasionale Vergadering van die Parlement geniet, word soos volg uiteengesit:

## 4.2.1 DIE ANC

Die ANC is sedert 1994 die regerende party in Suid-Afrika. Die ANC bestaan uit drie alliansievennote, naamlik die ANC, Cosatu en die SAKP. Die ANC was aanvanklik as die South African Native National Congress in 1912 gestig, met die doel om die regte van Afrikane te beskerm en te bevorder. In 1923 het sy naam na die ANC verander (Van Niekerk & Ludman, 1999:2).

### 4.2.1.1 Missie en Visie van die ANC

Die missie en visie van die party, is kortliks om alle mense in Suid-Afrika, Afrikane spesifiek, te verenig om die land van alle vorme van diskriminasie en nasionale onderdrukking te bevry. Dit is ook verder, om na 'n samelewing, waar die regering, ooreenkomstig die beginsels van algemene stemreg op 'n gemeenskaplike kieserslys, gekies word, te beweeg (ANC, 1998).

#### 4.2.1.2 Ondersteuningsbasis van die ANC

Die ANC, as die regerende party, het tans 293 setels of 73,25 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering (PMG, 2005). In die 2004-verkiesing het die ANC nasionaal 10 880 915 stemme gekry (OVK, 2004).

### 4.2.2 DIE ACDP

Die ACDP het vanaf 1994 verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. Die ACDP is in Desember 1993 gestig en is een van die nuwe partye wat vir die eerste keer in die nuwe bedeling aan verkiesings deelgeneem het (Van Niekerk & Ludman, 1999:1).

#### 4.2.2.1 Missie en Visie van die ACDP

Die missie en visie van die party is kortliks om Christelike familiewaardes te bevorder, in stand te hou en te verdedig. Die party beywer hom verder om die leierskap van Suid-Afrika te bekom, deur aan die deurlopende demokratiese proses deel te neem (ACDP, 2004:4).

#### 4.2.2.2 Ondersteuningsbasis van die ACDP

Die ACDP het tans vier setels, of 1 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering (NV), en is een van die sesde grootste partye in die NV (PMG, 2005). In die 2004-verkiesing het die ACDP, nasionaal 250 272 stemme gekry (OVK, 2004).

### 4.2.3 DIE AEB

Die AEB het nie in 1994 bestaan nie en is die eerste keer in 1999 tot die Nasionale Vergadering (NV), verkies. Die AEB is in 1998 gestig en kon in die 1999 verkiesing slegs een lid in die Nasionale Vergadering verkies kry (AEB, 1999:1).

#### 4.2.3.1 Missie en Visie van die AEB

Die AEB se missie en visie is kortliks om grondwetlike hervorming te bewerkstellig en om orde en dissipline te herstel en die regte van volke te waarborg. Daar moes veral na die belange van, veral Afrikaners, omgesien word (AEB, 1999:2).

#### 4.2.3.2 Ondersteuningsbasis van die AEB

Die AEB het tans geen verteenwoordiging in die NV nie, aangesien die party nie 'n verteenwoordiger in die 2004 verkiesing tot die Nasionale Vergadering verkies kon kry nie (PMG, 2005).

### 4.2.4 AZAPO

AZAPO is vanaf die 1999 verkiesing in die Nasionale Vergadering verkies en het nie aan die 1994 verkiesing deelgeneem nie. AZAPO is in 1978 deur lede uit die Swart Bewussynsbewegings, gestig. AZAPO se bestaan is op 'n filosofie, wat deur Steve Biko gewild gemaak is, gebaseer (Van Niekerk & Ludman, 1999:21).

#### 4.2.4.1 Missie en Visie van AZAPO

Kortliks is die missie en visie van die party om die onderdrukte mense van Azania te organiseer, mobiliseer en na die verwydering van neo-kolonialisme, kapitalisme, imperialisme en alle ander vorme van onderdrukking in ons land, te lei. AZAPO beywer hom ook vir 'n sosialistiese republiek van Azania (AZAPO, 2002).

#### 4.2.4.2 Ondersteuningsbasis van AZAPO

AZAPO het tans een setel, of 0,25 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en is een van die kleinste partye daarin (PMG, 2005). AZAPO het in die 2004 verkiesing, nasionaal 39 116 stemme gekry (OVK, 2004).

## 4.2.5 DIE DA

Die DA is in 1999 gestig, toe die NNP, FA en DP 'n alliansie gevorm het. Die DP was vanaf 1994 in die Nasionale Vergadering verteenwoordig. Na die oorlopery in 2003, het die DA verteenwoordiging in die NV verkry (SA.Info, 2005).

### 4.2.5.1 Missie en Visie van die DA

Die missie en visie van die party is kortliks, om die fundamentele regte en vryhede van elke persoon - onder meer die reg op vryheid van gewete, spraak, assosiasie en beweging te verdedig, te bevorder en uit te brei. Verder beywer die party hom om aan verkiesings, op die grondslag van universele volwasse stemreg, deel te neem (DA, 2005).

### 4.2.5.2 Ondersteuningsbasis van die DA

Die DA het tans 47 setels, of 11,75 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. Die DA is tans die tweede grootste party in die NV en die grootste opposisie party (PMG, 2005). In die 2004-verkiesing het die party nasionaal 1 931 201-stemme gekry (OVK, 2004).

## 4.2.6 DIE FA

Die FA is die eerste keer in 1999 tot die Nasionale Vergadering verkies. Die party is in 1998 deur Louis Luyt gestig en het net aan een verkiesing deelgeneem (FA, 2005).

### 4.2.6.1 Missie en Visie van die FA

Die missie en visie van die party is kortliks om 'n verenigde opposisie, deur alliansies teen die regerende party te vorm en om fundamentele sake soos, misdaad, onderwys en gesondheid, aan te spreek (FA, 2005).

#### 4.2.6.2 Ondersteuningsbasis van die FA

Die FA het tans geen verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering nie en het nie aan die 2004 verkiesing deelgeneem nie. Vorige lede het onder die vaandel van die DA, aan die 2004 verkiesing deelgeneem (OVK, 2004).

### 4.2.7 DIE IVP

Die IVP het sedert 1994 verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. Die IVP is in 1975 deur Mangosuthu Buthelezi onder die naam Inkatha National Cultural Liberation Movement, gestig (Inkatha Yenkululeku Yesizwe). Inkatha is in Julie 1990 as politieke party onder die naam IVP gevorm (Van Niekerk & Ludman, 1999:128).

#### 4.2.7.1 Missie en Visie van die IVP

Die missie en visie van die party, is kortliks om verandering in ons samelewing en regeringstelsel te bring, en om die politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele pluralisme uit te bou en op die langtermyn te beskerm. Die IVP beywer hom ook vir 'n federale politieke stelsel vir Suid Afrika (IVP, 2005).

#### 4.2.7.2 Ondersteuningsbasis van die IVP

Die IVP het tans 23 setels, of 5,75 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en is die derde grootste party daarin (PMG, 2005). Die IVP het in die 2004 verkiesing, nasionaal 1 088 664 stemme gekry (OVK, 2004).

### 4.2.8 DIE MF

Die MF het sedert 1994 verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. Die party is gestig deur Amichand Rajbansie en fokus op die Indiër gemeenskap (SA.Info, 2005).

#### 4.2.8.1 Missie en Visie van die MF

Die missie en visie van die party, is kortliks om vreedsame naasbestaan, voorspoed en respek vir alle mense in die nuwe Suid-Afrika te bevorder. Die party wil ook ontwikkeling in Suid-Afrika bevorder (MF, 2005).

#### 4.2.8.2 Ondersteuningsbasis van die MF

Die MF het tans twee setels; of 0,5 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en is een van die tweede kleinste partye daarin (PMG, 2005). In die 2004-verkiesing het die party, nasionaal 55 267-stemme gekry (OVK, 2004).

### 4.2.9 DIE NNP

Die Nasionale Party (NP), was vanaf 1948 tot 1994 die regerende party in Suid-Afrika. Die NP was vanaf 1994 tot 1996 deel van die regering van nasionale eenheid, maar het in 1996 uit die regering van nasionale eenheid onttrek. In 1998 is die naam verander na die NNP (Van Niekerk & Ludman, 1999:228).

#### 4.2.9.1 Missie en Visie van die NNP

Die missie en visie van die party, is kortliks om 'n samelewing te help skep waarin alle Suid-Afrikaners glo en ervaar dat hulle 'n belang het en waarvoor daar 'n gedeelde lojaliteit en patriotisme is. Die party beywer hom ook vir konstruktiewe bydraes deur minderhede, deur deel van die regering te word (NNP, 2003).

#### 4.2.9.2 Ondersteuningsbasis van die NNP

Die NNP het in die 2004 verkiesing, nasionaal 257 824 stemme, met sewe verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering, gekry (OVK, 2004). Tydens die 2005 oorlooptydperk het al sewe verteenwoordigers van die NNP na die ANC oorgeloop en bestaan die NNP nie meer in die Nasionale Vergadering nie (PMG, 2005).

## 4.2.10 DIE PAC

Die PAC het sedert 1994 verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. Die PAC het vir die eerste keer in 1994 aan 'n verkiesing deelgeneem. Die PAC is onder leiding van Robert Sobukwe in April 1959 gestig, toe dit weg gebreek het van die ANC, nadat die ANC sy Orlando-, Sowetotak geskors het (Van Niekerk & Ludman, 1999:249).

### 4.2.10.1 Missie en Visie van die PAC

Die missie en visie van die party is kortliks om alle vorme van oorheersing te beveg, en vir ekonomiese bemagtiging van Afrikane en die reg van selfbeskikking van Afrikane in 'n nie-rassige en verenigde staat, te veg (PAC, 2005).

### 4.2.10.2 Ondersteuningsbasis van die PAC

Die PAC het tans 3 setels, of 0,75 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en is een van die sewende grootste partye daarin (PMG, 2005). In die 2004-verkiesing het die party, nasionaal 113 512 stemme gekry (OVK, 2004).

## 4.2.11 DIE UCDP

Die UCDP het sedert 1994 verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. Die UCDP is deur Lucas Mangope gestig, wat voorheen die leier van tuisland Bophuthatswana was (SA.Info, 2005).

### 4.2.11.1 Missie en Visie van die UCDP

Die missie en visie van die party is kortliks om die party se Christelike demokratiese beginsels en waardes in die belang, voorspoed en ontwikkeling van al die inwoners van die Republiek van Suid-Afrika, te bevorder (UCDP, 2005:2).

#### 4.2.11.2 Ondersteuningsbasis van die UCDP

Die UCDP het tans 3 setels, of 0,75 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en is die sewende grootste party daarin (PMG, 2005). In die 2004-verkiesing het die party, nasionaal 117 792-stemme gekry (OVK, 2004).

### 4.2.12 DIE UDM

Die UDM het sedert 1999 verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. Die party is in 1997 deur Bantu Holomisa, nadat hy uit die ANC geskors is, en Roelf Meyer, 'n voormalige minister in die NNP gestig (Van Niekerk & Ludman, 1999:299).

#### 4.2.12.1 Missie en Visie van die UDM

Die missie en visie van die party, is kortliks om 'n ware Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie te vestig, wat rasse oorheersing verwerp, en wat menswaardigheid, lewe, vryheid en voorspoed van burgers respekteer, handhaaf en beskerm (UDM, 2005).

#### 4.2.12.2 Ondersteuningsbasis van die UDM

Die UDM het tans 6 setels, of 1,5 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en is die vierde grootste party daarin (PMG, 2005). In die 2004-verkiesing het die party, nasionaal 355 717 stemme gekry (OVK, 2004).

### 4.2.13 DIE VF

Die VF het sedert 1994 verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering. Die VF is in Maart 1994 onder leiding van generaal Constand Viljoen en Pieter Mulder gestig. Die VF het vir die eerste keer aan die 1994 verkiesing deelgeneem en nege verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering verkies gekry (SA.Info, 2005).

#### 4.2.13.1 Missie en Visie van die VF

Die missie en visie van die party, is dat die party hom onherroeplik tot die beskerming en uitbouing van Afrikaner-belange verbind. Die doel van die party is om 'n regverdige en regmatige bestel vir Afrikaners in Suid-Afrika tot stand te bring, asook om die Afrikaner se vryheid in 'n eie grondgebied te herwin (VF, 2005).

#### 4.2.13.2 Ondersteuningsbasis van die VF

Die VF het tans 4 setels; of 1,0 % verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering en is een van die sesde grootste partye daarin (PMG, 2005). In die 2004-verkiesing het die party, nasionaal 139 465-stemme gekry (OVK, 2004).

## 4.3 ANALISE VAN DATA

Die volgende vrae is aan die leierskap, of senior parlementslede van die politieke partye, gevra:

- Wat is u algemene mening, ten-opsigte van die impak van die oorloopklousule op die Suid-Afrikaanse partypolitiek? Verduidelik.
- Is u van mening dat die uitfasering van die anti-oorloopklousule op 'n demokratiese wyse plaasgevind het? Verduidelik.
- Watter nadele hou oorlopery vir 'n transformerende samelewing, soos Suid-Afrika, in?
- Is u party deur die infasering van die oorloopklousule sedert 2003 benadeel? Verduidelik.
- Watter impak het oorlopery op u kiesers gehad?
- Op watter wyse is u politieke party se befondsing deur oorlopery sedert 2002 geraak?
- Watter partye word na u mening deur oorlopery bevoordeel? Verduidelik.

- Hou die oorloopklousule enige voordele vir 'n transformerende samelewing, soos Suid-Afrika in?
- Is u van mening dat die anti-oorloopklousule heringestel moet word? Verduidelik.

Uit die antwoorde op bogenoemde vrae, was die partye se standpunte as volg:

### 4.3.1 PARTYE SE STANDPUNTE IN TERME VAN DIE IMPAK VAN DIE OORLOOPKLOUSULE OP DIE SUID-AFRIKAANSE PARTYPOLITIEK

- Nege (9), of 69% van die partye se standpunt is, dat die impak negatief is, omdat oorlopery die politieke magsbalans versteur en partye herskik, deur 'n party wat 'n minderheidsparty was, deur oorlopery die regerende party te maak.
- Vier (4), of 31% van die partye se standpunt is, dat die impak positief is, omdat oorlopery dinamika in die politiek bring en voorkom dat die parlement stagneer.

### 4.3.2 PARTYE SE STANDPUNTE IN TERME VAN, OF DIE UITFASERING VAN DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE OP 'N DEMOKRATIESE WYSE PLAASGEVIND HET

- Al 13, of 100% van die politieke partye se standpunt is, dat die uitfasering van die anti-oorloopklousule op 'n demokratiese wyse in terme van die voldoening aan die wetlike vereistes en die Grondwet (1996), plaasgevind het.
- Sewe (7), of 54% van die partye se standpunt is, dat, ten spyte van die voldoening aan die demokratiese reëls, die ANC sy meerderheid in die Nasionale Vergadering vir eie voordeel en gewin uit oorlopery, misbruik het.
- Ses (6), of 46 % van die politieke partye se standpunt is, dat die uitfasering van die anti-oorloopklousule demokraties was en nie 'n misbruik van mag was nie, omdat ander opposisie partye vir die uitfasering saamgestem het.

### 4.3.3 PARTYE SE STANDPUNTE, IN TERME VAN WATTER NADELE OORLOPERY VIR 'N TRANSFORMERENDE SAMELEWING, SOOS SUID-AFRIKA INHOU

- Al 13, of 100% van die politieke partye se standpunt is, dat daar nadele van oorlopery vir 'n transformerende samelewing, soos Suid-Afrika, is. Die volgende standpunte het na vore getree:

  * Oorlopery is polities immoreel en onbillik teenoor kiesers, omdat dit kiesers se verteenwoordiging ontneem.

  * Oorlopery kanselleer die kiesers se stem.

  * Kiesers het vir partye gestem en nie vir individue nie en oorlopery "steel", of verruil kiesers se stemme.

  * 'n Oorloper verraai die kiesers en skend die vertroue wat kiesers in verteenwoordigers gestel het.

  * Oorlopery maak kiesers apaties teenoor politiek en tas die geloofwaardigheid van verteenwoordigers aan.

  * Oorlopery het die potensiaal om die demokrasie te vernietig en kan tot 'n eenpartystaat lei.

  * Oorlopery veroorsaak korrupsie en omkopery, omdat hebsug en beter posisies die motivering vir oorloop is.

  * Oorlopery veroorsaak onderlinge agterdog by verteenwoordigers en maak verteenwoordigers oneerlik teenoor mekaar.

- Al dertien (13), of 100% van die partye se standpunt is, dat oorlopery partye destabiliseer, omdat hulle bronne, soos befondsing, negatief geraak word. Dit lei ook

tot onsekerheid by die personeel van politieke partye, wat na elke oorlooptydperk moontlik afbetaal moet word.

### 4.3.4 PARTYE SE STANDPUNTE, IN TERME VAN, OF HULLE PARTY BENADEEL IS DEUR DIE INFASERING VAN DIE OORLOOPKLOUSULE SEDERT 2002

- Nege (9), of 69% van die partye se standpunt is, dat hulle benadeel is deur die infasering van die oorloopklousule sedert 2002, deurdat van hulle verteenwoordigers op nasionale of provinsiale vlak na ander partye oorgeloop het..

- Vier (4), of 31% van die partye se standpunt is, dat hulle nie benadeel is, deurdat nie een van hulle verteenwoordigers op nasionale of provinsiale vlak al oorgeloop het nie, of dat hulle verteenwoordigers deur oorlopery, vermeerder het nie.

### 4.3.5 PARTYE SE STANDPUNTE, IN TERME VAN WATTER IMPAK OORLOPERY OP HULLE KIESERS GEHAD HET

- Twaalf (12), of 92% van die partye se standpunt is, dat oorlopery 'n negatiewe impak op hulle kiesers gehad het. Die volgende tendense het na vore gekom:

  * Kiesers sê hulle gaan nie weer stem nie.

  * Kiesers sê dat politici nie vertrou kan word nie.

  * Kiesers sê hulle voel hulle stemme is "gesteel", of vir 'n ander party verruil.

  * Kiesers sê dat hulle vir die party gestem het en 'n verteenwoordiger nie die reg het om te kan oorloop nie.

- Een (1), party of 8 % van die partye se standpunt is, dat oorlopery geen impak op hulle kiesers gehad het nie.

## 4.3.6 PARTYE SE STANDPUNTE, IN TERME VAN OP WATTER WYSE HULLE POLITIEKE PARTYE SE BEFONDSING DEUR OORLOPERY, SEDERT 2002, GERAAK IS

- Nege (9), of 69% van die partye se standpunt is, dat hulle befondsing negatief geraak is deur oorlopery, deurdat hulle openbare befondsing vanaf die OVK verminder is, omdat van hulle verteenwoordigers op nasionale of provinsiale vlak na ander partye oorgeloop het..

- Drie (3), of 23% van die partye se standpunt is, dat hulle befondsing nie geraak is deur oorlopery nie, omdat nie een van hulle verteenwoordigers op nasionale of provinsiale vlak al oorgeloop het nie.

- Een (1), of 8% van die partye se standpunt is, dat hulle befondsing positief geraak is deur oorlopery, deurdat hulle openbare befondsing vanaf die OVK vermeerder is, omdat hulle verteenwoordigers deur oorlopery vermeerder het.

## 4.3.7 PARTYE SE STANDPUNTE, IN TERME VAN WATTER PARTYE NA HULLE MENING BEVOORDEEL WORD DEUR OORLOPERY

- Al 13, of 100% van die partye se standpunt is, dat die regerende party die meeste bevoordeel word deur oorlopery, omdat die regerende party, tydens die oorlooptydperke, die meeste oorlopers gekry het.

- Al 13, of 100% van die partye se standpunt is, dat partye wat wil saamsmelt of wil verdeel, ook bevoordeel word.

### 4.3.8 PARTYE SE STANDPUNTE, IN TERME VAN, OF HULLE VAN MENING IS DAT DIE OORLOOPKLOUSULE ENIGE VOORDELE VIR 'N TRANSFORMERENDE SAMELEWING, SOOS SUID-AFRIKA, INHOU

- Ses (6), of 46 % van die partye se standpunt is, dat oorlopery wel voordele vir 'n transformerende samelewing, soos Suid-Afrika inhou. Die volgende standpunte het na vore getree:

  * Oorlopery skep vryheid van gewete by verteenwoordigers, waardeur hulle, volgens eie oortuigings, kan stem.

  * Oorlopery bring dinamika in die politiek en voorkom dat die parlement stagneer.

  * Oorlopery beperk die mag van politieke leiers en gee verteenwoordigers meer mag. Dit verbeter die leierskap van partye.

  * Oorlopery is internasionaal aanvaarbaar en bedreig nie die demokrasie nie.

- Sewe (7), of 54 % van die partye se standpunt is, dat oorlopery geen voordele vir 'n transformerende samelewing, soos Suid-Afrika, inhou nie.

### 4.3.9 PARTYE SE STANDPUNT, IN TERME VAN OF HULLE VAN MENING IS DAT DIE ANTI-OORLOOPKLOUSULE HERINGESTEL MOET WORD

- Tien (10), of 77% van die politieke partye se standpunt is, dat die anti-oorloopklousule in die huidige geslote-lys proporsionele kiesstelsel, heringestel moet word, omdat kiesers vir partye en nie vir individue stem nie.

- Drie (3), of 23 % persent van die partye se standpunt is, dat die anti-oorloopklousule nie heringestel moet word nie, omdat dit deel van die demokrasie is.

Uit die standpunte van die partye wat deur semi-gestruktureerde onderhoude verkry is,, kan 'n holistiese perspektief op die impak van oorlopery vir die demokrasie in Suid-Afrika verkry word.

## 4.4 'N HOLISTIESE PERSPEKTIEF OP DIE IMPAK VAN OORLOPERY VIR DIE DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA

Uit die voorafgaande blyk dit dat oorlopery 'n bepaalde impak op die demokrasie, politieke partye en die kiesers het. Die volgende holistiese perspektief op die impak van oorlopery vir die demokrasie in Suid-Afrika, kan gestel word:

### 4.4.1 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE HERSKIKKING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK

Oorlopery veroorsaak dat daar 'n skommeling by baie politieke partye plaasvind. Hierdie skommeling herskik die politieke partye se magsbasisse in wetgewende liggame op die nasionale, provinsiale en plaaslike sfeer van regering. Die herskikking het tot gevolg, dat sommige partye versterk en ander verswak word. Die meeste opposisiepartye word verswak, omdat oorlopery meestal na die regerende party plaasvind. Die rede is omdat die regerende party die meeste hulpbronne, fondse en voordele bied.

Die impak op die magsbasisse van partye, deur oorlopery in die nasionale sfeer, was van so aard dat die regerende ANC se magsbasis van 66,5 % tot 68,75 % vergroot is. Hierdeur het die ANC 'n twee-derde meerderheid in die Nasionale Vergadering verkry, wat hy nie in die verkiesing kon behaal nie (Idasa, 2004). Oorlopery het ook 'n beduidende impak op die magsbasis van opposisiepartye. Die UDM se magsbasis is in die Nasionale Vergadering met 71,4% na oorlopery in 2003 verklein. Oorlopery het die magsbasis van die opposisie in die Nasionale Vergadering in 2003 van 33,5 % na 31,5 %, en in 2005 vanaf 30,25 % na 26,75 % verklein (PMG, 2005).

Die impak op die magsbasisse van partye, deur oorlopery in die provinsiale sfeer, was van so aard dat die ANC die regerende party in die Wes-Kaap en in Kwa-Zulu Natal geword het, terwyl hy dit nie in die verkiesing kon behaal het nie (Idasa, 2004).

Die impak op die magsbasisse van partye, deur oorlopery in die plaaslike sfeer, was van so aard dat die ANC beheer in die Kaapstad metropool verkry het, wat hy nie in die verkiesing kon behaal het nie (Eiseman, 2002).

## 4.4.2 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP POLITIEKE PARTYE SE OPENBARE BEFONDSING

Oorlopery het 'n negatiewe impak op politieke partye se openbare befondsing wat uit 'n staats-geadministreerde fonds ontvang word. Finansiële ondersteuning van partye, is van kritieke belang vir die uitbouing van veral die opposisie politiek. Die opposisie politiek se belangrikheid, is om te verhoed dat die demokrasie in Suid-Afrika verander in 'n eenpartystaat. Partye wie se verteenwoordigers oorloop, veroorsaak dat die party se bedrag van die fonds verminder word. In die Nasionale Vergadering is 69 % van die partye reeds hierdeur benadeel en al hierdie partye is opposisie partye (Idasa, 2005). Die gevolg van die vermindering in fondse, is dat partye van hulle personeel verloor. Hierdeur word die party se infrastruktuur benadeel, deurdat die party as gevolg van gebrek aan hulpbronne, swakker presteer.

## 4.4.3 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE SUID-AFRIKAANSE DEMOKRASIE

Die impak van oorlopery is negatief op die Suid-Afrikaanse demokrasie. Suid-Afrika is steeds in 'n proses van voortdurende politieke oorgang, demokratiese konsolidering en 'n transformerende samelewing. Binne hierdie perspektief is 'n proporsionele kiesstelsel vir Suid-Afrika ingestel, sodat die persentasie van die stemme wat 'n party in die verkiesing gekry het, akkuraat in die aantal setels wat die party in die parlement kry, gereflekteer word (Schlemmer, 2002:18). Oorlopery verwring die balans van verteenwoordiging, soos deur kiesers by die stembus bepaal, wat sleg is vir die demokrasie. Oorlopery versteur die magsbalans tussen politieke partye, sonder die instemming van die kiesers en is dus ondemokraties (Faull, 2005).

### 4.4.4 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE KIESERS

Die impak van oorlopery op die kiesers, is nadelig vir die Suid-Afrikaanse politieke stelsel. In 'n ondersoek deur Nielsen (2003) het 54% van respondente verklaar dat hulle "kwaad" of "baie kwaad" sal wees, as hulle verteenwoordigers oorloop. 92 % Van partye in die Nasionale Vergadering, het, soos hierbo, verklaar dat hulle kiesers sê, hulle voel hulle stemme is "gesteel", of word vir 'n ander party met oorlopery verruil. Hierdeur raak kiesers apaties, aangesien hulle geen nut sien om te stem, as die verteenwoordigers kan oorloop en aan niemand verantwoordbaar is nie. Selfs nuwe partye ontstaan, sonder die tussenkoms van 'n verkiesing. Kiesers wat apaties raak en nie meer stem nie, veroorsaak dat die regerende party sterker word in 'n proporsionele kiesstelsel en dat die politieke stelsel na 'n eenparty staat neig. Die rede is dat dit gewoonlik kiesers is wat vir opposisie partye stem, wat apaties raak. Indien die proporsionele deel van die opposisie kleiner word in 'n proporsionele kiesstelsel, word die proporsionele deel van die regerende party groter.

## 4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die inhoud en konteks van die semi-gestruktureerde onderhoude, met dertien politieke partye, weergegee. Die missie, visie, ondersteuningsbasis en standpunte van die politieke partye, wat deel van die besluitneming was om die oorloopklousule heringestel te kry, is beskryf. Standpunte is op spesifieke vrae verkry, deur semi-gestruktureerde onderhoude met nasionale leiers of senior parlementslede van die betrokke partye te voer. Die data wat deur die semi-gestruktureerde onderhoude verkry is, is geanaliseer, waarna 'n holistiese perspektief op die impak van oorlopery vir die demokrasie in Suid-Afrika gegee is. Dit is duidelik uit bogenoemde, dat die impak van oorlopery in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel deur die meerderheid politieke partye (69%), in die Nasionale Vergadering, as negatief beskou word. Al die partye, of 100% van die partye, is ook van mening dat oorlopery nadelig is vir die transformerende samelewing, soos in Suid-Afrika, en dat die meeste (69%), van hulle, deur die infasering van die oorloopklousule sedert 2002 benadeel is. Tien, of 77% van die partye is ook van mening dat die anti-oorloopklousule in 'n geslote-lys proporsionele kiesstelsel, heringestel moet word.

In die volgende hoofstuk sal die verwesenliking van die doelstellings van die studie, oor die impak van oorlopery in die herskikking van die Suid-Afrikaanse partypolitiek, bepaal en met sekere gevolgtrekkings, saamgevat word.

# HOOFSTUK 5:

# SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

## 5.1 INLEIDING

Oorlopery is 'n legitieme internasionale politieke verskynsel, wat algemeen in demokrasieë in verskillende regeringstelsels in die wêreld voorkom. Binne 'n politieke konteks, impliseer oorloop, dat 'n politieke verteenwoordiger binne 'n wetgewende liggaam teen 'n eie party stem, of standpunt teen die eie party, rakende 'n spesifieke aangeleentheid, inneem of by 'n ander party aansluit. Wanneer 'n regering deur wetgewing oorloop, as deel van die politieke proses in- of uitsluit, word na die bepaalde klousule in die wet, as die oorloopklousule verwys. Politieke verteenwoordigers wat in 'n verkiesing gewen het, verkry 'n setel met sitting in 'n wetgewende liggaam. 'n Kiesstelsel is die meganisme binne 'n regeringstelsel wat gebruik word om die aantal stemme wat in 'n verkiesing uitgebring is, volgens 'n bepaalde formule in setels om te skakel. Politieke partye is gestruktureerde eenhede binne 'n kiesstelsel en die politieke verteenwoordigers is, as lede van 'n party, die skakel tussen die stemgeregtigdes en wetgewende, uitvoerende en regterlike instellings binne die politieke stelsel.

In Suid-Afrika word politieke verteenwoordigers wat op wetgewende liggame dien demokraties, by wyse van gereelde verkiesings, tot 'n nasionale, provinsiale of plaaslike wetgewende liggaam benoem. Politieke partye wat aan die verkiesing wil deelneem, moet vooraf by die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK), registreer. Politieke party moet by die OVK registreer, aangesien die OVK alle aangeleenthede, rakende verkiesings hanteer, en om te verseker partye se grondwette voldoen aan alle wetlike vereistes. Die aantal verteenwoordigers van elke politieke party, word proporsioneel deur die aantal stemme, wat by die verkiesing vir die party uitgebring is, bepaal. 'n Persoon kan slegs sitting op 'n bepaalde wetgewende liggaam verkry, indien hy/sy deur sy/haar politieke party op 'n kandidaatlys genomineer is. Oorlopery in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel het 'n bepaalde historiese agtergrond en inslag. Die impak van oorlopery binne die Suid-Afrikaanse politieke

stelsel het bepaalde gevolge vir die politieke partye, die demokrasie en die kiesers van Suid-Afrika wat bepaal en ondersoek is.

Dit is die doel van hierdie hoofstuk (5) om 'n samevatting en gevolgtrekking van die vorige studies en die empiriese navorsing wat gedoen is, te maak. In hierdie hoofstuk word ook bepaal in watter mate aan die verwesenliking van die doelstellings van die studie voldoen is.

## 5.2 VERWESENLIKING VAN DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie was om te bepaal tot in watter mate die bestaan van 'n oorloopklousule in Suid-Afrikaanse wetgewing die partypolitiek herskik, sonder die tussenkoms van 'n algemene verkiesing, waardeur die kieser se stem verruil en verontagsaam word. Met ander woorde, die klem is geplaas op die nadele van oorlopery binne die Suid-Afrikaanse politieke stelsel. In hierdie verband is die volgende doelstellings geïdentifiseer.

### 5.2.1 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

Die volgende doelstellings is in hoofstuk 1 gestel:

- Om te bepaal in watter mate Suid-Afrikaanse wetgewing voorsiening maak vir 'n oorloopklousule, en hoe dit met ander lande in die wêreld vergelyk.
- Om te bepaal hoe die oorloopklousule die partypolitiek in Suid-Afrika raak en of dit 'n ondemokratiese situasie skep, waarin kiesers se keuse verontagsaam word.
- Om te bepaal wat die voor - en nadele van 'n oorloopklousule is.

Ten-einde bogenoemde doelstellings te bereik, is metodologies gebruik gemaak van 'n literatuurstudie asook bevestigende semi-gestruktureerde onderhoude. In hierdie verband is die doelstellings van die studie bereik.

### 5.2.2 BEREIKING VAN DIE DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

In hoofstuk een is daar binne die raamwerk van die titel, naamlik, die oorloopklousule as faktor in die herskikking van die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 'n oriëntering en probleemstelling geformuleer. Doelstellings en 'n sentrale teoretiese stelling is bepaal ten einde die probleemstelling van oorlopery in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel aan te spreek. Hierdie hoofstuk het ook 'n uiteensetting gegee van die metodologie wat gevolg was ten einde die doelstellings te verwesenlik, wat 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek ingesluit het.

Hoofstuk twee het 'n teoretiese ontleding gevorm van die oorloopklousule soos in demokrasieë in die wêreld gevind word. Binne hierdie teoretiese ontleding is die definiëring van oorloop en die plek van 'n oorloopklousule binne 'n demokratiese bestel bestudeer. Verder is oorlopery as verskynsel binne verskillende regeringstelsel en kiesstelsels ondersoek. Die aard van politieke party-aktiwiteite binne kiesstelsels en die waarde en rol van politieke partydissipline is ontleed. Laastens is die rasionaal agter en redes vir oorlopery binne 'n demokratiese bestel met gepaardgaande voor- en nadele nagevors. Hierdie hoofstuk het gedien as die basis waarop oorlopery in Suid-Afrika verder ondersoek is.

In hoofstuk drie is 'n studie gemaak van die oorloopklousule in Suid-Afrika. In die studie is 'n historiese oorsig, wat strek vanaf Republiekwording (1961) tot die 1993 tussentydse grondwet, van die status van oorlopery binne die Suid-Afrikaanse politieke stelsel gedoen. Die studie het verder die infasering van die anti-oorloopklousule in die Grondwet (1996) behels. Die belangrikste gebeurtenisse wat gelei het tot die finale uitfasering van die anti-oorloopklousule tot en met die wysiging van die Grondwet (1996) is ook uiteengesit. Onderliggende wetgewing wat oorlopery toelaat en die voorwaardes waarop oorlopery in die Suid-Afrikaanse gemengde regeringstelsel mag plaasvind is bestudeer. Hierdie hoofstuk is aangepak met as oogmerk die spesifieke verwysing na die potensiële impak van oorlopery op politieke partye se herskikking, befondsing asook die impak op die demokrasie en die kiesers.

Hoofstuk vier is saamgestel deur empiriese bevindings. Dit is verkry deur semi-gestruktureerde onderhoude te voer met verskillende politieke leiers van dié partye, in die parlement, wat deel was van die besluitneming oor die in- en uitfasering van die anti-oorloopklousule. Die inhoud en konteks van die semi-gestruktureerde onderhoude is

weergegee deur 'n omskrywing van die missie, visie en ondersteuningsbasis van elke party, asook die bepaalde vrae aan die partye, te beskryf. Die standpunte van die verskillende partye oor oorlopery in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel is aan die hand van die vrae bepaal en geanaliseer. Nadat die data uit die vrae geanaliseer is, is 'n holistiese perspektief op die impak van oorlopery vir die demokrasie in Suid-Afrika omskryf.

Hoofstuk vyf is 'n samevatting en gee 'n oorsig van die studies wat gedoen was in hoofstuk een tot vier.

Die belangrike bydra van hierdie hoofstuk is die gevolgtrekking waartoe gekom is oor oorlopery in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel. Deur middel van die literatuurstudie en semi-gestruktureerde onderhoude is die implikasies van oorlopery op die Suid-Afrikaanse partypolitiek geïdentifiseer.

## 5.3 DIE IMPAK VAN OORLOPERY OP DIE SUID-AFRIKAANSE PARTYPOLITIEK

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat oorlopery binne die Suid-Afrikaanse partypolitiek 'n bepaalde impak het. Uit die impak kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die meerderheid van Suid-Afrikaanse politieke partye beskou oorlopery as 'n legitieme politieke aktiwiteit, maar is gekant teen onvoorwaardelike oorlopery binne wetgewende liggame. In hierdie verband bestaan die persepsie dat die stem keuse van die kieser verontagsaam word.

- Oorlopery bevoordeel baie keer slegs die regerende party omdat die meeste oorlopers oorloop na die sterkste party met die meeste hulpbronne, fondse en voordele. Oorlopery is dus nie altyd 'n akkurate weerspieëling van die keuse van die kiesers nie.

- Deur oorlopery kan politieke partye verteenwoordiging kry in wetgewende liggame, selfs al het daardie partye nie noodwendig aan 'n verkiesing deelgeneem nie.

- Deur oorlopery is die openbare befondsing van partye nie altyd 'n refleksie van die uitslag van 'n verkiesing nie.

- Oorlopery in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel (binne 'n proporsionele kiesstelsel) kan veroorsaak dat kiesers apaties en negatief raak teenoor politici en die politiek in geheel. Dit kan verder daartoe lei dat kiesers nie weer wil stem nie of nie die nut daarvan insien nie.

- Oorlopery het die potensiaal om 'n ondemokratiese situasie in 'n transformerende samelewing soos Suid-Afrika te veroorsaak.

Dit is duidelik dat die impak van oorlopery op die Suid-Afrikaanse partypolitiek negatief kan wees. Die impak van oorlopery raak feitlik al die deelnemende komponente van 'n demokrasie, naamlik die politieke partye, die kiesers en die politieke instellings.

## 5.4 SAMEVATTING

Die Suid-Afrikaanse demokrasie in die nuwe bedeling is nog jonk en veranderlik. Om suksesvol te kan verander (transformeer) is dit noodsaaklik dat daar politieke stabiliteit heers en dat kiesers vertroue het in die politiek, die politieke proses en politieke verteenwoordigers. In 'n veranderlike samelewing soos Suid-Afrika is politieke stabiliteit dus van kardinale belang. Ongekwalifiseerde oorlopery het die potensiaal om die politieke situasie in Suid-Afrika te destabiliseer, aangesien die wil van die kiesers nie altyd gereflekteer word nie. Deur meer voorwaardes te koppel aan oorlopery of selfs die anti-oorloopklousule weer in te stel, kan so 'n potensieel destabiliserende situasie vermy word.

# BRONNELYS

ANC (African National Congress). 1998. African National Congress Constitution, as amended by and adopted at the 50th National Conference, December 1997. [Web:] http://www.anc.org.za/ancdocs/history/const/constitution98.html [Datum van gebruik: 31 Okt. 2005].

ACDP (Afrika Christen Demokratiese Party). 2004. African Christian Democratic Party constitution 20 Nov 2004. [Web:] http://www.acdp.org.za/about/Constitution%2020%20November%202004.pdf [Datum van gebruik: 30 Okt. 2005].

AEB (Afrikaner Eenheidsbeweging). 1999. Manifes van die Afrikaner Eenheidsbeweging. Pretoria : Môrester-drukkers. 4 p.

AZAPO (Azanian People's Organisation). 2002. The Constitution of the Azanian People's Organisation (AZAPO), 1978 as amended and adopted on 17 June 2002 by the 16th Biennial National Congress held at Sinnodale Conference Centre in Pretoria. [Web:] http://www.azapo.org.za/documents/consti.doc [Datum van gebruik: 30 Okt. 2005].

BAYAT, M.S. & MEYER, I.H. 1994. Public administration: concepts, theory and practice. Halfway House : Southern. 131 p.

BAWN, K. & THIES, M.F. 2003. A Comparative theory of electoral incentives: representing the unorganized under PR, plurality and mixed-member electoral systems. *Journal of theoretical politics*, 15(1):5-32, Jan.

BBC (British Broadcasting Corporation). 2005. News. [Web:] http://news.bbc.co.uk/1/uk_politics/a-z_of_parliament/c-d/82032.stm [Datum van gebruik: 22 Mrt. 2005].

BEKKER, T. 1994. Enkele staatkundige konsepte. 2de uitg. Pretoria : AMB Uitgewers. 290 p.

BOGDANOR, V. 1987. The Blackwell Encyclopaedia of Political Institutions. Brittanje : Page Brothers (Norwich). 667 p.

CALDWELL, D. 1992. No more marters now. Johannesburg : Conrad. 272 p.

CALLAND, R. 2004. Party-funding: avoiding the slippery slope. [Web:] http://www.idasa.org.za/Output_Details.asp?RID=527&TID=14&OTID=4 [Datum van gebruik: 7 Nov. 2005].

CEE (Columbia Electronic Encyclopedia). 2003. France, French political geography. [Web:] http://reference.allrefer.com/encyclopedia/F/France-government.html [Datum van gebruik: 29 Sept. 2005].

DA (Demokratiese Alliansie). 2005. Federale grondwet: Demokratiese Alliansie. [Web:] http://www.da.org.za/da/Site/Afr/About/constitution.asp [Datum van gebruik: 31 Okt. 2005].

DE GRAAF, B. 2005. Politieke overlopers. *Zuid-Afrika*, 82(9):103, Sept.

DEVENISH, G. 2004. Political musical chairs: the saga of floor crossing and the Constitution. [Web:] http://www.nu.ac.za/law/SeminarPapers.htm#sem%paper%201 [Datum van gebruik: 12 Feb. 2004].

DEVENISH, G.E. 1998. Electoral systems and protection of minorities in order to further social and political stability and integration: the South African experience. *South African Public Law*, 13(1):111-133, Feb. 9.

EISEMAN, M. 2002. South Africa: floor crossing. [Web:] http://www.eisa.org.za/WEP/southafrica_floorcross.htm [Datum van gebruik: 27 Okt. 2005].

FA (Federale Alliansie). 2005. Why the need for yet another political party?. [Web:] http://www.federalalliance.co.za/Alliance_politics.htm [Datum van gebruik: 13 Nov. 2005].

FAULL, J. 2004. Local Government floor crossing 2004. [Web:] http://www.idasa.org.za/Output_Details.asp?RID=545&OTID=5&TID=6 [Datum van gebruik: 6 Nov. 2005].

FAULL, J. 2005. Floor crossing is bad news for democracy. [Web:] http://www.idasa.org.za/Output_Details.asp?RID=826&OTID=4&TID=6 [Datum van gebruik: 21 Okt. 2005].

FEBRUARY, J. & CALLAND, R. 2004. The funding of political parties, democracy and the right to know. [Web:] http://www.idasa.org.za/Output_Details.asp?RID=575&TID=14&OTID=4 [Datum van gebruik: 7 Nov. 2005].

FICK, G. 1999. The anti-defection clause in the South African Constitution. *South African Public Law*, 14(1):46-61, Jan.

GEHLOT, N.S. 1991. The Anti-Defection Act, 1985 and the role of the Speaker. *The Indian Journal of Political Science,* 52(3):327-340, Jul.-Sept.

GHAI, Y. 2002. A Guide to the Kenya Constitution – Chpt 09. *Constitution of Kenya Review Commission*. [Web:] http://www.kenyaconstitution.org/docs/03ad010.htm [Datum van gebruik: 28 Jan. 2004].

GILDENHUYS, J.S.H. & KNIPE, A. 2000. The organisation of government – an introduction. Pretoria : Van Schaik Drukkers. 321 p.

GROFMAN, B. 2001. The impact of electoral systems on party polarization. *National Science Foundation*, 446740-21167(7.1):1-69, Aug. 24.

GRONDWET *kyk* SUID-AFRIKA. 1993.

GRONDWET *kyk* SUID-AFRIKA. 1996.

HARBER, A. & LUDMAN, B. 1995. A-Z of South African Politics. Johannesburg : Penguin Books. 394 p.

HARTLEY, W. 2005. New parties to clog up Parliament's schedule. *Business Day*, Oct. 17. [Web:] http://www.businessday.co.za/articles/national.aspx?ID=BD4A102833 [Datum van gebruik: 6 Nov. 2005].

HIX, S. 2004. Electoral Institutions and legislative behaviour: explaining voting-defection in the European Parliament. [Web:]

http://www.umich.edu/~iinet/euc/PDFs/2004%20Papers/Hix-Version2.pdf [Datum van gebruik: 11 Jan. 2004].

HYPERDICTIONARY. 2003. [Web:] http://www.hyperdictionary.com/dictionary/defection [Datum van gebruik: 4 Jan. 2004].

IDASA. 2004. Democracy & Party political funding: pursuing the public's right to know. [Web:] http://www.idasa.org.za [Datum van gebruik: 7 Nov. 2005].

IDASA. 2004. Floor-crossing at a glance. [Web:] http://www.idasa.org.za/gbOutputFiles.asp?WriteContent=Y&RID=480 [Datum van gebruik: 6 Sept. 2005].

INDIANINFO.COM. 2002. Defection : a perspective. [Web:] http://law.indianinfo.com/election/defections.html [Datum van gebruik: 16 Jan. 2004].

IPU (Inter-Parliamentary Union). 1993. Electoral systems: a world-wide comparative study. [Web:] http://www.ipu.org/parlit-e/reports/27201.htm [Datum van gebruik: 17 Nov. 2005].

IVP (Inkatha Vryheidsparty). 2005. Constitution: Inkatha Freedom Party. [Web:] http://www.ifp.org.za [Datum van gebruik: 10 Nov. 2005].

JAIN, R.B. 2002. Implementing party reforms in South Asia: challenges and strategies. [Web:] http://www.accessdemocracy.org/NDI/library/1331_th_partyreform.pdf [Datum van gebruik: 28 Jan. 2004].

KENDELL, F. & LOUW, L. 1989. Let the people govern. Bisho : Amagi. 317 p.

KONSTITUSIONELE HOF. 1996. Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly: re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa 1996. CCT 23/96. [Web:] http://196.41.167.18/uhtbin/hyperion-image/J-CCT23-96 [Datum van gebruik: 31 Okt. 2005].

KONSTITUSIONELE HOF. 2002. United Democratic Movement (the UDM) and others v President of the Republic of South Africa and others. CCT 23/02. [Web:] http://www.constitutionalcourt.org.za/uhtbin/hyperion-image/S-CCT23-02A [Datum van gebruik: 21 Aug. 2005].

KOTZĖ, H.J. & VAN WYK, J.J. 1980. Basiese konsepte in die politiek. Johannesburg : McGraw-Hill Boekmaatskappy. 210 p.

KOTZĖ, H.J. & VAN WYK, J.J. 1986. Politieke konsepte. Johannesburg : Perskor. 210 p.

MANGU, A.M.B. 2003. Who really governs in South Africa's constitutional democracy: parties or 'we, the people'?. *Codicillus*, 44(2):2-23, Oct.

MCGEE, S. 2000. Electoral systems in Europe: an overview. *European Centre for Parliamentary Research and Documentation.* [Web:] http://www.ecprd.org/Documents/Publications/Electoralsystems.htm [Datum van gebruik: 28 Mei 2002].

MÉNY, Y. & KNAPP, A. 1998. Government and politics in Western Europe: Britain, France, Italy, Germany. 3rd ed. England : Oxford University Press. 490 p.

MF (Minority Front). 2005. Minority Front mission and vision. [Web:] http://www.mf.org.za/index.php [Datum van gebruik: 10 Nov. 2005].

MYBURGH, J. 2003. Floor crossing adds new muscle to the ANC. *Focus,* 30:34-36, Second Quarter. [Web:] http://www.hsf.org.za/focus30/Myburgh.pdf [Datum van gebruik: 24 Okt. 2005].

NAVALKAR, P. 2003. Battling defection. [Web:] http://ww1.mid-day.com/columns/pramod_navalkar/2003/december/71358.htm [Datum van gebruik: 16 Jan. 2004].

NIELSEN, A.C. 2003. Floor crossing tests voters' loyalty. [Web:] http://www.bdfm.co.za/cgi-bin/pp-print.pl [Datum van gebruik: 27 Okt. 2003].

NNP (Nuwe Nasionale Party). 2003. NNP bulletin. [Web:] http://www.nnp.org.za/docs/Bulletin1-26112003-A.doc [Datum van gebruik: 30 Okt. 2005].

NUWERWETSE POLITIEKE WOORDEBOEK. 2002. Terme, begrippe en gebruike in die politiek en politieke wetenskappe. Johannesburg : RAUPers. 526 p.

OLALEYE, W. 2003. An assessment of the legislative framework for political party coalition in South Africa. (*In* Electoral Institute of Southern Africa (EISA). Political party coalitions – strengthening democracy through party coalition building. Johannesburg : EISA. p. 1-12.)

OLSON, D.M. 1994. Democratic legislative institutions: a comparative view. New York : M.E. Sharpe. 184 p.

OVK (Onafhanklike Verkiesingskommissie). 2004. Local Government: 2004 floor crossing results. [Web:] http://www.elections.org.za/papers/130/Floor%20Crossing%202004%20Results.xls [Datum van gebruik: 6 Nov. 2005].

OVK (Onafhanklike Verkiesingskommissie). 2004. National and provincial elections 2004: Election results. [Web:] http://www.elections.org.za/Elections2004_Static.asp?radResult=45 [Datum van gebruik: 18 Nov. 2005].

PAC (Pan Africanist Congress). 2005. Pan Africanist Congress disciplinary code. [Web:] http://www.liberation.org.za/collections/pac/disciplinary-code.php [Datum van gebruik: 13 Nov. 2005].

PARLEMENT kyk SUID-AFRIKA.

PEO (Parliamentary Education Office). 2004. What is crossing the floor in parliament? [Web:] www.peo.gov.au/resources/Fact_Sheet/floor.PDF [Datum van gebruik: 8 Aug. 2004].

PMG (Parliamentary Monitoring Group). 2005. State of parties after floor-crossing (15 September 2005). [Web:] http://www.pmg.org.za/parlinfo/seats.htm [Datum van gebruik: 6 Okt. 2005].

POTTIE, D. 2001. The electoral system and opposition parties in South Africa. *Democratization*, 8(1):25-52. [ISSN: 13510347].

REYNOLDS, A. & REILLY, B. 1997. The international IDEA handbook of electoral system design. 2nd ed. Malaysia : SRM Production Services. 170 p.

ROBERTSON, D. 1985. A dictionary of modern politics. London : Europa Publications Ltd. 341 p.

ROEFS, M. 2004. One-party dominance, racial cleavages and decreasing voter turnout. *Electionsynopsis*, 1(1):17-19.

SA *kyk* SUID-AFRIKA.

SACHDEVA, P. 1989. Combating political corruption: a critique of anti-defection legislation. *The Indian Journal of Political Science*, 50(2):157-168, Apr.-Jun.

SA.INFO (SouthAfrica.info). 2005. South Africa's political parties. [Web:] http://www.safrica.info/ess_info/sa_glance/constitution/polparties.htm [Datum van gebruik: 21 Nov. 2005].

SCHLEMMER, L. 2002. Coalitions and floor-crossing: how will the voters respond?. *Focus*, 28:18-20, Fourth Quarter.

SETSETSE, P. 2002. Floor-crossing: an important tool in enhancing our democracy. *Debate*, 13, NovDes.

SHAFRITZ, J.M, WILLIAMS, P. & CALINGER,R.S. 1993. The dictionary of 20th -century world politics. Canada : Fitzhenry & Whiteside. 583 p.

SINGH, R.P. 2004. Law Commission's proposals on electoral reforms. Press Information Bureau : Government of India. [Web:] http://pib.nic.in/feature/fe0399/f3103991.html [Datum van gebruik: 4 Jan. 2004].

SLABBERT, F. VAN ZYL. 2003. Floor-crossing – not helping party politics. *Finance Week*: 14, Apr. 16.

STEYTLER, N. 1997. Parliamentary democracy – the anti-defection clause. ( *In* Law, democracy & development. Durban: Butterworths, (1): 221-232, November.)

SUID-AFRIKA. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (No. 200 van 1993). *Staatskoerant*, 15466:185, Jan. 28.

SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (No. 108 van 1996) soos aanvaar deur die Grondwetskrywende Vergadering op 8 Mei 1996 en gewysig op 11 Oktober 1996. (ISBN: 0-620-20215-7.)

SUID-AFRIKA. 1998. Parlement van die Republiek van Suid-Afrika: Aankondigings, Tertafelleggings en Komitee Verslae. Tweede Sessie, Tweede Parlement, No. 66:385-393. Jun. 5.

SUID-AFRIKA. 2003. Notule van Verrigtinge van die Nasionale Vergadering. No 3-2003, Feb. 25.

SUID-AFRIKA. 2003. Report of the Electoral Task Team. Pretoria : Staatsdrukker. (ISBN 0-621-33571-1.)

SUID-AFRIKA. 1997. Wet op die Openbare Befondsing van Verteenwoordigende Politieke Partye, no. 103 van 1997. Kaapstad : Staatsdrukker.

UCDP (United Christian Democratic Party). 2005. Constitution of the United Christian Democratic Party. [Web:] http://www.ucdp.org.za/pdfs/UCDP%20Constitution.pdf [Datum van gebruik: 13 Nov. 2005].

UDM (United Democratic Movement). 2005. UDM constitution. [Web:] http://www.udm.org.za/default.asp?id=107 [Datum van gebruik: 30 Okt. 2005].

UNDP (United Nations Development Programmes). 2003. Governing systems and executive-legislative relations. [Web:] http://magnet.undp.org/Docs/parliaments/governing%20system.htm [Datum van gebruik: 4 Jan. 2004].

VAN DER ELST, H.J. & HEYDENRYCH, P.W. 2004. Die Suid-Afrikaanse politieke stelsel (POLI 121 A). Potchefstroom : Noordwes –Universiteit. 81 p.

VAN NIEKERK, P. & LUDMAN, B. 1999. A – Z of South African politics 1999: The essential handbook. Mail & Guardian : Penguin Books. 327 p.

VENTER, A. 2001. The executive. (*In* Venter, A., *ed*. Government and politics in the new South Africa. 2nd ed. Cape Town : Van Schaik Publishers. p. 57-84.)

VF (Vryheidsfront van Suid-Afrika). 2005. Vryheidsfront-beleid. [Web:] http://www.vf.co.za/a/index.asp [Datum van gebruik: 13 Nov. 2005].

WELSH, D. 2002. Chicanery on the floor. *Without Prejudice*, 2(8):10, Apr./May.

WETTE *kyk* SUID-AFRIKA.

WIKIPEDIA. 2004. Crossing the floor. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Crossing_the_floor [Datum van gebruik: 20 Okt. 2004].

WIKIPEDIA. 2005. Party switching - motivations. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Party_switching [Datum van gebruik: 22 Mrt. 2005].